



# SA Graan Grain

NAMPO-uitgawe  
NAMPO edition

20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

16 - 19  
MEI/MAY

# NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY

NAMPO PARK >>> BOTHAVILLE



# Lady Vandi

*Die Hi-Tec Lady Vandi is die moderne, modieuse, dog gemaklike warm baadjie van die seisoen.*

 **HI-TEC THERMO**

REPREVE 

Besoek ons vanaf 16 tot 19 Mei tydens die NAMPO Oesdag in die Santam-saal by stalletjie 10 en 11 vir opwindende NAMPO-aanbiedinge.

 **HI-TEC®**





**Valerie Cilliers,**  
editor, SA Graan/Grain

## Here to help you *navigate* NAMPO



ISSN 1814-1676

### EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA  
POSBUS 74087, LYNNWOOD RIDGE, 0040  
Tel: 086 004 7246  
www.grainsa.co.za

### REDAKSIE

Dr Dirk Strydom  
HOOF: BEMARKING, NAMPO EN  
NAVORSINGSKOÖRDINERING  
Tel: 086 004 7246 • Sel: 082 852 4810  
E-pos: dirks@grainsa.co.za

REDAKTEUR: Valerie Cilliers  
Tel: 018 468 2716 • Sel: 060 991 1606  
E-pos: valerie@infoworks.biz

BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Smit  
Tel: 018 468 2716 • Sel: 082 553 7806  
E-pos: johan@infoworks.biz

### MEDEWERKERS

Jan Greyling, Mariëtte Cronjé,  
Louise Kunz en Karina Muller

### PUBLISERINGSKAN

Elmien Bosch, Lani Viljoen  
en Marisa Fourie (bladuitleg)

### ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE MEDIA – Kaapstad  
Jurgen van Onselen – advertensiekoördineerder  
Tel: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874  
E-pos: jurgen@kolbemediaco.za

SCHMILTZ MARKETING – Johannesburg  
Ruth Schultz – advertensiekonsultant  
Tel: 081 480 6413 • Sel: 083 583 5243  
E-pos: ruth@schmiltz.co.za

**G**rain SA's presentation of the 55th Harvest Day from 16 - 19 May 2023 promises to be a showcase of the newest trends and technology innovations. Exhibitors are fired up as they prepare to meet an array of clients over the four days.

This NAMPO edition not only gives us as the SA Graan/Grain editorial team the opportunity to highlight some of the amazing features of this year's Harvest Day, but it also provides these exhibitors the opportunity to share product information and what they plan to showcase at NAMPO.

I must admit it can all be a bit overwhelming when stepping through the gates at NAMPO Park. Where do you start and how do you ensure that you see all that you have planned to see? Good news is that navigating NAMPO will be a breeze this year. All you need to do is download the new NAMPO App on your phone. This cutting-edge digital platform will provide a comprehensive directory of all the exhibitors. An interactive map of the show grounds will help you find your favourites. Even more exciting is the fact that a virtual version of NAMPO will be available on the app. Read more about these features on **page 51**.



fietsroetes op **bladsy 55**. Die saadpersele aan die oostekant van die park bied 'n blik op graan- en voergewasse en grassoorte van Suid-Afrika se voorste saadmaatskappye. Lees meer hieroor op **bladsy 65**.

Die vee-afdeling sluit beeste, skape, varke en bokke in, wat byna 100% van die groot- en kleinveerasse verteenwoordig, sowel as miniatuurperde. Daaglikse veeuitstallings word ook by die TAU Lewendehawe-arena geskeduleer waar alle standaardprotokolle vir bek-en-klouseer gevolg sal word. Lees meer oor wat die veeprogram bied op **bladsy 88**.

Vanjaar bring die gewilde Nasie in Gesprek-forum weer eens rolspelers in die landbousektor bymekaar om oor plaaslike en internasionale kwessies te besin. Die gesprekke wat tydens NAMPO verfilm word en ongeveer 80 gaste in die gehoor akkommodeer, word regstreeks op verskeie platforms gestroom. Die tye en programonderwerpe is beskikbaar op **bladsy 115**.

Omnia en Landbouweekblad se bekende Boerepatentekompelisie spog met verskillende afdelings vir inskrywings en is 'n uitstalling wat nie misgeloop moet word nie. As jy graag wil inskryf, is die vorm op **bladsy 118** te kry.

Lekker lees en lekker NAMPO.

*Valerie*



# INHOUD/CONTENTS

9

## NUUS/NEWS

- 1** Here to help you navigate NAMPO
- 4** Só brei landbou se grootste vertoonvenster uit
- 6** 'n Dag is nie genoeg nie
- 7** NAMPO op eie drumpel is 'n voorreg
- 7** 'n Mylpaal van uitnemendheid
- 8** Kry jou kaartjies aanlyn of by die hek
- 16** Kom vier innoverende landbou saam met ons
- 21** Toptegnologie net waar jy kyk
- 29** Eertydse glorie pryk hier
- 36** Alle paaie lei na NAMPO Park
- 44** Trekkerwaentjies maak die pad korter
- 51** Updated app creates interactive NAMPO-platform
- 55** Veiligheid voorop by 4x4-baan
- 65** Saadplotte – kom kyk self wat om te plant
- 85** Nooddienste gereed vir enige gebeurlikheid
- 86** Landbou werk saam vir Oesdag
- 88** Vele veerasse by NAMPO vanjaar
- 92** Gedenkmuur bring eer aan slagoffers
- 99** Handelsbanke sorg vir gerieflike diens
- 100** Baie om van te kies en keur in die sale
- 106** Internasionale uitstallers slaan weer penne in by NAMPO
- 109** Vroueprogram 2023 – Dorings bederf die rose in die groot wit tent
- 112** Bespreek nou vir lekker bly
- 113** Honger is nie 'n opsie nie
- 115** Volg die tiende Nasie in Gesprek oral
- 117** Kom spog met jou uitvinding en wen groot
- 118** Boerepatente-inskrywingsvorm
- 120** Terreinkaart van NAMPO Park

## WERKTUIE, IMPLEMENTE & TOERUSTING/ MACHINERY, IMPLEMENTS & EQUIPMENT

- 10** Leading brands and agri expertise on show
- 14** Wees reg vir môre met dié masjinerie
- 17** No more leaky valves
- 18** Bou aan die toekoms met innovasie
- 23** Gevorderde toerusting vir grondbewerking bekendgestel
- 24** Made locally for farmers in Africa
- 27** Enriching lives for a sustainable future
- 28** Solutions for tough conditions
- 31** Largest high-speed disc harrow on show
- 32** Practical workhorses on any farm, large or small
- 35** Leading the way so life can leap forward
- 39** Making your workday easy
- 40** Waar produktiwiteit en bekostigbaarheid ontmoet
- 43** Planttyd 'n fees met dié planter
- 45** Colourful crates galore
- 46** Africa's first strip-till conference well attended
- 49** Smart and affordable milling solutions

53

## VOERTUIE & TOERUSTING/ VEHICLES & EQUIPMENT

- 56** Popular line-up expands with new cab models

59

## SAAD/SEED

- 60** Nuwe witmieliebasters presteer goed
- 63** Die toekoms van sonneblom lê in olie
- 64** Wyd aangepaste mieliebasters beïndruk
- 66** Nuwe kultivarreeks by Oesdag te sien





16



36



44



55



88

69

## GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER/ INTEGRATED PEST CONTROL

- 70 Dié swamdoders bied pasgemaakte oplossings
- 73 Crop protection solutions at the heart of agriculture
- 74 'n Omvattende aanbod vir jou boerdery
- 77 Keer dat jou produk in die niet verdwyn

79

## BEMESTING/FERTILISER

- 80 Kundige oplossings vir optimale opbrengste
- 82 Meer presisie met dié digitale platform

87

## DIERE/ANIMALS

- 90 Get better performance in the feedlot
- 92 Veehantering maklik gemaak

93

## GELDSAKE & FINANSIËLE DIENSTE/ MONEY MATTERS & FINANCIAL SERVICES

- 95 Business ecosystems – why yours matter
- 96 Bemarking is waar produsente wins kan verhoog
- 102 Verseker jou grondvog – 'n eerste in die land

103

## LANDBOU-ALGEMEEN/AGRI-GENERAL

- 105 'n Moeitewerd bestemming vir buitelewe en avontuur
- 107 Effective solutions needed to ensure agricultural growth
- 108 Durf die koue aan met dié klerereeks
- 110 'n Gereedskapstel vir arbeidsake op die plaas
- 111 A reliable and practical choice
- 116 Effektiewe oplossings vir sirkulasie en filtrasie





NUUS

# Só brei landbou se GROOTSTE

SA Graan/Grain-redaksie



**Dr Dirk Strydom,**  
hoof: Bemarking, NAMPO en  
Navorsingskoördinerer by Graan SA

**N**AMPO se sukses oor die jare het die weg gebaan vir dié handelsmerk om aan nog uitgesoekte geleenthede gekoppel te word waar samesyn en interaksie met mense wat passievol oor landbou en die buitelewe is, kan plaasvind.

"Die NAMPO Oesdag is Graan SA se besigheidsskou – 'n alles-op-een-plek-landboutoonstelling wat wys wat nuut is in die landbousektor, plaaslik en internasionaal," verduidelik dr Dirk Strydom, hoof: Bemarking, NAMPO en Navorsingskoördinerer by Graan SA. "Die Oesdag gaan oor besigheid – dit is 'n geleentheid vir produsente om te sien wat is nuut in die landbou en om die netwerkgeleenthede te benut om met mense van die verskillende maatskappye te gesels."

## Harde werk agter die skerms

Met die uitbreiding van die NAMPO-handelsmerk wil Graan SA verseker dat NAMPO Park benut word vir nog meer geleenthede waar goeie geselskap en unieke ondervindings die ontwikkeling van landbou en genot vir buitelewe-aktiwiteite bevoordeel. "Ons visie vir NAMPO Park sluit die groter benutting van die terrein in. Ons beplan om meer funksies en opleidingsgeleenthede aan te bied," deel dr Strydom. "Om meer kommersiële bedrywighede op die terrein te kan huisves en die NAMPO-handelsmerk verder te vestig, is NAMPO (Edms) Bpk geregistreer. Hierdie voertuig gee ons die

geleentheid om meer unieke byeenkomste hier aan te bied. Ons het al die bates daar, so dit is 'n wen-wen-situasie vir Graan SA en die uitstallers."

Dr Strydom se NAMPO-hande word sterk gemaak deur 'n ywerige span. Bennie Zaayman is bevorder tot bestuurder van NAMPO Park en moet seker maak dat die dag-tot-dag-bedrywighede op die park vlot verloop. Wim Venter, Rialeen Lombard, Marina Kleynhans, Daniel van Eeden en Gerhard van Zyl, die nuutaangestelde funksiekoördinerer, staan hom by.

Toit Wessels, voorheen assistentbestuurder: NAMPO en Bemarking, het in Oktober 2022 afgetree en sal help met die reëlings vir NAMPO Kaap 2023 om kontinuïteit te verseker. MJ Swart, wat aangestel is as bemarker in die Wes-Kaap, sal daarna dié rol oorneem.

## Ander NAMPO-hoogtepunte

### NAMPO Kaap (13 - 16 September)

NAMPO Kaap is spesiaal ontwikkel vir produsente in die wintergraanstreek en is volgens dr Strydom 'n wonderlike geleentheid om diensverskaffing in dié gebied uit te brei. Die derde aanbieding van NAMPO Kaap deur Graan SA tesame met Bredasdorp Park NPC in 2022 was die grootste nog, met 'n totaal van 32 640 besoekers wat oor die vier dae deur die hekke gestroom het. Die meer as 500 uitstallers was verstom oor die positiewe terugvoer van besoekers en die goeie besigheid wat oor die vier dae gedoen is. Die gewilde Nasie in Gesprek-forum wat al jare deel is van die NAMPO Oesdag het ook in 2022 deel gevorm van die program.



Bennie Zaayman

Wim Venter

Rialeen Lombard

Marina Kleynhans

Daniel van Eeden

Gerhard van Zyl



## VERTOONVENSTER uit



### **NAMPO Alfa (12 - 14 Oktober)**

Die eerste NAMPO Alfa Vee-, Jag- en Buitelewe-ekspo het meer as 6 000 besoekers op NAMPO Park verwelkom. 'n Opwindende item op die program was die vierde en vyfde rondes op die jaarprogram van die SA Rally-Raid Championship (SARRC) wat vanaf die NAMPO-terrein weggespring en ook daar geëindig het.

African Livestock Trade Fair (ALFA) het die veekomponent van die ekspo behartig. Die jeugskou bied aan deelnemende skole die nodige blootstelling.

"Hierdie ekspo is 'n wonderlike geleentheid om NAMPO Park behoorlik te benut," sê dr Strydom. "Daar was 'n versoek vir 'n praktiese skougeleentheid waar mense op die skietbaan kan skiet, voertuie kan toetsbestuur en die 4x4-baan kan aandurf. Sulke gebeurtenisse kan nie tydens die Oesdag plaasvind nie."

Die sukses van die ekspo het verseker dat daar nou jaarliks nog iets op die NAMPO-kalender gevoeg word.

### **OFM NAMPO Park Kersmark (30 November - 2 Desember)**

Graan SA het in 2021 met OFM as mediavenoot hande gevat vir die OFM NAMPO Park Kersmark wat oor vier dae gestrek het.

Die tweede Kersmark is uitgebrei deur uitstallers van buiteleweprodukte, motors, toebehore, meubels asook produkte vir mans by die uitstallers in te sluit. Items van goeie kwaliteit teen uiters bekostigbare pryse is aangebied en besoekers kon al hulle Kersfees-inkopies op een dag doen. Verskeie kosstalletjies wat wegneemetes bied en vrolike musiek maak dit nog 'n NAMPO-geleentheid om nie mis te loop nie. ●



'n Lugfoto van NAMPO 2022.





## NUUS

# 'N DAG IS NIE GENOEG NIE

## Nuut by NAMPO 2023

### SA Graan/Grain-redaksie

**D**aar word gesê dat as jy een keer by die sirkus was, jy nie weer hoef te gaan nie – as jy een gesien het, het jy almal gesien. Dit is egter nie die geval met NAMPO nie. Die span agter die skerms maak seker dat die grootste landboutoonstelling in die Suidelike Halfrond elke jaar iets nuuts het om besoekers te lok.

### Nooit genoeg koffie nie

Die oggende op NAMPO Park is soms koud en as teenvoeter daarvoor is nog 'n koffiekroeg opgerig. Spesialiteitskoffies soos cappuccinos en lattes gaan by die NAMPO Koffiekroeg bedien word. Die maklikste toegang tot die koffiekroeg is deur Hek 2, aan die suidekant van die terrein – die tweede ingang as jy die park van Bothaville se kant af benader. Besoekers wat dit benodig, kan gerus van die trekkerwaentjies gebruik maak om met meer gemak die terrein aan te durf. Gewapen met 'n lekker warm koppie koffie, kan jy ook stap na al die interessante produkte op dié deel van die terrein.

### Nuwe netwerkgeleenthede

Ná verskeie versoeke van uitstallers vir 'n lokaal waar hulle hul kliënte vir middagete kan onthaal, is die besluit geneem om 'n gedeelte in die Fanie Ferreira-saal spesifiek vir dié doel te omskep. Uitstallers kan hier oor 'n smaaklike ete 'n transaksie beklank.

Vir 2023 is daar amper 100 nuwe uitstallers en bykomende uitstalruimte is op die terrein geïdentifiseer waar van hierdie uitstallers besoek kan word. Nuwe uitstallings sluit natuurlik verskeie landbouprodukte in asook innoverende braaioerusting en die nuutste hommeltuigtegnologie. Te midde van beurtkrag stal 'n paar maatskappye wat sonkragoplossings bied ook by NAMPO Park uit.

GROOTplaas, wat jou elke weksoggend tussen 05:30 en 05:50 op kykNET (kanaal 144 op DSTV) op hoogte bring van die jongste landbounuus, is ook by NAMPO.

### Deliprodukte kry nuwe tuiste

Met die deliprodukte se gewildheid wat jaarliks toeneem, is die NAMPO Deli en die NAMPO Padstal saamgevoeg om te verseker dat 'n groter verskeidenheid uitstallers geakkommodeer word. Die lokaal waar die Polkadot-teetuin met sy kleurvolle versierings vir

smaaklike aansit- en wegneemetes gesorg het, word ook 'n lokaal vir deliprodukte.

Die groot wit tent wat die NAMPO-vroueprogram huisves skuif na 'n meer sentrale ligging – die area agter Absa (naby die SAMPI-saal). Lees meer oor dié program op bladsy 109.



Naambordjies om 20 boomspesies te identifiseer is nuut op NAMPO Park aangebring.

### Bome op NAMPO Park spog met naambordjies

Rudolf Fourie, oudhoofbestuurslid van Graan SA, het 'n nuwe projek op NAMPO Park geloods om kennis oor boomspesies uit te brei.

Fourie het die hulp van prof Sarel Cilliers van die plantkundedepartement by die Noordwes-Universiteit (NWU) en Chris van Niekerk, kurator van die NWU se botaniese tuine, ingeroep om 20 boomspesies op die park te identifiseer. Naambordjies is toe opgerig.

Kyk gerus uit vir die enigste kurkeik (*cork oak*) op die park. Dié soort boom word gebruik om kurkproppe vir wynbottels te maak. Fourie sê min mense besef byvoorbeeld ook dat daar verskeie soorte witstinkhoutbome is, maar dat slegs enkele daarvan inheems is. Die inheemse variëteite kan uitgeken word aan hul fluweelagtige blare. Hy sou graag wou sien dat daar in die toekoms meer inheemse bome op NAMPO Park gevestig word en dat skole betrek word om jongmense bewus te maak van die verskillende spesies.

Met soveel meer om te sien, is dit dalk 'n goeie idee om jou NAMPO-besoek uit te brei na meer as 'n dag! ●



## NAMPO op eie drumpel is 'n voorreg

SA Graan/Grain-redaksie

**N**AMPO, as die grootste landbouskou in die Suidelike Halfrond, word beskou as 'n wêreldleier op die gebied van landbouskou. Gemeet aan die bekwame wyse waarop dit georganiseer en aangebied word asook die hoë standaard van uitstallers, is die skou voorwaar iets om op trots te wees. Die Suid-Afrikaanse landbouproducent is bevoorreg om hierdie hoog aangeskrewe landbouskou op sy drumpel te kan ervaar en benut. Aan die woord is die voorsitter van die NAMPO Oesdagkomitee, Danie Minnaar.

"Die skou het oor die jare geweldig gegroei in die getal uitstallers wat deelneem asook in die aantal besoekers. Dit word toegeskryf aan die volgehoue strewing om tred te hou met die veranderende behoeftes, vereistes en verwagtinge van produsente en rolspelers in die landbousektor. 'n Streng keuringsproses om die teenwoordigheid van relevante uitstallers van formaat te verseker, geld. NAMPO is dus 'n landbouskou tot voordeel van die hele landbousektor.

"Omdat NAMPO 'n platform is waar 'n groot verskeidenheid internasionale en nasionale verskaffers hulle produkte of dienste kan kom ten toon stel, kan landbouproducente vanaf 'n sentrale punt oplossings vir hul behoeftes op grondvlak kom vind. Producente kan op 'n een-tot-een-basis tegniese en ander raad verkry en ook die nuutste tegnologie sien en ervaar.

"Ons is daartoe verbind om vir besoekers net die bestegehalte-ervaring by die skou te bied. Veiligheid en netheid is dus een van ons hoogste prioriteite. Verskeie maatskappye het nuwe geboue

opgerig en ander het hul geboue herbou of reggemaak. Daar is ook verskeie nuut geplaveide paaië om dit meer toeganklik vir besoekers te maak.

"Die NAMPO-personeel is vir my die deurslaggewende faktor en die ruggraat van hierdie gehalteskou wat ons aanbied. Kommunikasie met uitstallers, die hantering van hul kontrakte en ondersteuning met die oprigting van uitstallings word met die grootste professionaliteit hanteer. Die personeel is ook altyd bereid om uit hul pad te gaan om uitstallers en besoekers met enige probleem of versoek by te staan. Verder word die instandhouding van die NAMPO-terrein gedurende die jaar met die grootste toewyding gedoen. Laat nagte, naweke en lang ure voor en tydens NAMPO is voorwaar nie te veel of te harde werk vir die NAMPO-span nie.

"Op 'n persoonlike vlak bly die bladskud met ou NAMPO-vriende en die maak van nuwes ook 'n jaarlikse hoogtepunt," aldus Minnaar. ●



**Danie Minnaar,**  
voorsitter van Graan SA  
se Oesdagkomitee

## 'N MYLPAAL VAN uitnemendheid

SA Graan/Grain-redaksie

**D**it is vir Graan SA 'n groot voorreg om die 55ste NAMPO Oesdag aan te bied waartydens besoekers weer eens 'n landbouskou van uitnemendheid kan ervaar. Dit vorm 'n kardinale deel van hoe Graan SA waarde aan sy lede bied met die hoofdoelwit om die volhoubare winsgewendheid van graan- en oliesaadproduksie te bevorder.

"NAMPO gaan oor veel meer as om net die uitstallings te besoek of om goeie besigheid tussen besoekers en uitstallers te bevorder. Dit bied ook die ideale geleentheid vir alle rolspelers in die voedselwaardeketting om jaarliks skouer te skuur en goeie verhoudings met mekaar te bou. Só word die geleentheid vir ons landbousektor geskep om meer kompetender te kan funksioneer," sê dr Pieter Taljaard, HUB van Graan SA.

"'n Verdere pluspunt is dat NAMPO ook 'n geleentheid bied waar daar saam kopgekras kan word oor die pad vorentoe om voedselsekerheid in Suid-Afrika te bevorder. Dit is hier waar landbourolspelers saam met besoekende politici en regeringsamp-tenare te midde van 'n informele atmosfeer moeilike gesprekke kan voer. Die aanbieding van Nasie in Gesprek speel ook 'n belangrike rol om die beleidsomgewing te beïnvloed en in die optimale rigting te stuur vir ons land as geheel.

"'n Belangrike segment van ons besoekers is natuurlik die jeug asook die jonger generasie landbouers. NAMPO bied aan die jonger geslag wat graag wil gaan boer of 'n landbouwerwante

loopbaan wil volg, die geleentheid om waardevolle inligting en kennis eerstehands te beleef.

"Moet ook nie vergeet dat NAMPO 'n belangrike opvoedings-taak vervul nie. Deur die Oesdag word verskillende fasette en uitdagings van voedselproduksie prominent onder Jan Publiek se aandag gebring. Dit geskied nie alleen deur 'n besoek aan NAMPO nie, maar ook danksy die wye mediadekking wat NAMPO ontvang. Daar word dan ook seker gemaak dat die media die volle NAMPO-gasvryheid en -gemak ervaar.

"As die omvang van al die onderskeie doelwitte wat met NAMPO nagestreef en bereik word dus in ag geneem word, is dit nie verbasend dat hierdie landbouskou in die Vrystaat – en later die jaar in September in die Wes-Kaap – welverdiende erkenning op internasionale vlak geniet nie," sê dr Taljaard. ●



**Dr Pieter Taljaard,**  
HUB van Graan SA





NUUS

# NAMPO

## KRY JOU KAARTJIES AANLYN OF BY DIE HEK

SA Graan/Grain-redaksie

**B**esoekers aan NAMPO kan reeds hul kaartjies aanlyn bekom. Kaartjies is sedert 15 Maart 2023 by [www.ticketpros.co.za](http://www.ticketpros.co.za) te koop. Dit is R20 per kaartjie goedkoper wanneer dit aanlyn verkry word.

Pryse is R100 per persoon op Dinsdag en Vrydag en R110 per persoon op Woensdag en Donderdag. Aanlyn kaartjies kan vanaf slimfone by die hek skandeer word; dit is nie nodig om dit uit te druk nie.

By die hekke sal kaartjiepryse R120 (Dinsdag en Vrydag) en R130 (Woensdag en Donderdag) beloop.

Voorskoolse kinders kan die Oesdag gratis bywoon. Hekke sal elke dag van 07:00 tot 17:00 oop wees. Kry ook jou hekprogram (sien foto) met terreinkaart en lys van uitstallers gratis by die hekke. ●



### NORMAC

FIRE FIGHTING ~ SELF PRIMING PUMPS

Single and twin stage

HYDRAULIC

FIRE FIGHTING KNAPSACK

FERRONI PTO FIRE FIGHTER

DRIP TORCH

BAKKIE FIRE FIGHTERS AVAILABLE: NORMAC/SWIFT

[www.mcbeans.co.za](http://www.mcbeans.co.za)

★ SEE US AT ★  
NAMPO STAND E14

NORMAC / SWIFT COMBI KIT

FIRE FIGHTER

SPARES AVAILABLE ALL MODELS

HAILIN DIESEL ENGINES + PUMPS

GENERATORS

PUMP CONTROLLERS

**McBean's**  
IMPLEMENT CO (PTY)  
email: [mcbeans@mcbeans.co.za](mailto:mcbeans@mcbeans.co.za)

### SWIFT

FIRE FIGHTING PUMPS

WATER PRESSURE SYSTEMS

WATER FILTERS

Tel: JHB: 011 7864204/5  
C/T 021 5525285/90  
PMB 033 3421541



20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



WERKTOUIE,  
IMPLEMENTE & TOERUSTING  
MACHINERY,  
IMPLEMENTS & EQUIPMENT

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

AG Lubricants  
Agrico  
Astro Energy  
Bearings International  
Bell Equipment  
BPW Axles  
Buhler

CNH Industrial AG and CE  
Dixon Batteries  
Engen  
Falcon Agricultural Equipment  
Husqvarna  
Hydac Technology  
John Deere

John Deere Financial  
Jooste Cylinder & Pump  
K-Agri  
Lemken  
McBeans  
New Holland  
Orthman

Plastic Ideas  
Polmac  
Staalmeester Agri-  
cultural Equipment  
Stihl  
TerraTill Implemente  
Willard (Auto-X)



# Leading brands and agri expertise on show

**Mike Groenewald**, Bearings International

Leading supplier Bearings International (BI) sees Grain SA's NAMPO Harvest Day from 16 to 19 May as an important platform to interact with customers, original equipment manufacturers (OEMs) and end users from all over South Africa and to showcase our comprehensive product range for the farming community.

Apart from OEMs and resellers, BI focuses on the following specific market segments: storage and processing, beef and poultry, irrigation and crop production, fruit and vegetable farming, fishing, tobacco, and packhouses.

## Products

BI supplies bearings for agricultural equipment such as combine harvesters, planters, balers, tractors, spreaders, mixers and hammer mills. Chains and accessories are available for major combine-harvester brands such as John Deere, Claas, Case, Clayton, Fahr, Laverda, Massey Ferguson and Slattery.

*NAMPO Harvest Day is an important platform to interact with customers and to showcase our comprehensive product range for the farming community*

A range of sprockets is available for most agricultural implements, in addition to standard V-pulleys with adaptor sleeve bosses and axle couplings. Gearboxes can be supplied for slashers and cutters, production equipment and other agricultural implements. Oils, hydraulic seals and hoses are also available, as well as power take-off (PTO) shafts and variable speed drives (VSDs).

## Brands

Main BI brands on display will include a new range of hub units designed and developed in conjunction with KML. Adhesives, sealants and surface treatments from Loctite are also represented, as are Alpha single-phase 230V and three-phase 380V and ABB motors, Citronol environment-friendly hand cleaners and degreasers, Makita cordless power tools, Rocol lubricants, and Dodge housed bearings and shaft-mounted gearboxes.

Not only do we have a comprehensive product line-up to meet the requirements of the South African agricultural sector, but we

have extensive experience and product knowledge to assist producers to keep their farming equipment fully operational and well maintained. Our leading brands underline our promise of having the right product at the right price for every application in the agricultural sector.

We do not compromise on quality, as downtime due to component failure is costly. Producers are always under huge time pressure due to the seasonal constraints of the industry. We believe our customers need a service provider that not only has the right spares available whenever necessary, but which can assist with any technical aspects of our products.

BI continues to develop new products specifically for the farming community. At NAMPO 2018 we unveiled the latest design of our agricultural hub bearings, and we offer a selection of hardened tools for producers.

## About BI

BI is a member of the Hudaco Group and a leading distributor of bearings and power transmission products in Southern Africa. With our customer-focused approach, we are committed to delivering value to all our stakeholders, while offering quality solutions that make a real difference to optimising plant availability and turnaround time.

With over 60 years in the bearings and power transmission industry, BI puts its experience to good use by going to great lengths to ensure our product range and services meet the changing needs of clients, industry, and business. Backed by an elite technical team, BI covers the full spectrum of customer requirements, and can ensure immediate availability of products through a nationwide network of branches. ●

Visit BI at Stands 45 and 46 at NAMPO 2023 or connect with us on social media to receive the company's latest news.

Facebook: [www.facebook.com/BearingsInternational/](http://www.facebook.com/BearingsInternational/)

LinkedIn: [www.linkedin.com/company/bearingsinternational/](http://www.linkedin.com/company/bearingsinternational/)





**ALWAYS THERE,  
MAKING IT WORK.**



**65 YEARS OF ALWAYS BEING THERE FOR OUR  
AGRICULTURAL CLIENTS, AND MAKING IT WORK.**

**YOUR AGRI-SMART SOLUTIONS PROVIDER FOR:**

- Bearings for Combine Harvesters, Planters, Balers, Tractors, Spreaders & Hammer Mills.
- Chains and Accessories for major Combine Harvester brands such as John Deere, CLAAS, Case, Clayton, Fahr, Laverda, Massey Ferguson and Slattery.
- Sprockets for most Agricultural Implements.
- Standard V-Pulleys with Adapter Sleeve Bosses and Axle Couplings.
- Gearboxes for Slashers & Cutters, Production Equipment as well as other agricultural implements.
- Food Grade Lubrications for Packing Houses.
- Power Take-Off (PTO) Shafts.
- Electric Motors and Variable Speed Drives (VSDs).

**www.bearings.co.za** | +27 11 899 0000 | [info@bearings.co.za](mailto:info@bearings.co.za) | **B** | 24-HR HOTLINE: 083 250 9191 for all emergencies  
Visit us online for full branch and brand listings. We're open from 8am to 4:30pm, Monday to Friday.



**VISIT US  
AT NAMPO  
STAND 45 & 46  
FROM 16 - 19  
MAY 2023**

a member of the **Hudaco** group








Ontmoet die nuwe gesig van gerief en betroubaarheid.  
Kom kyk gerus hierdie jaar by NAMPO  
standplaas G3



A Division of Kempston Group



Deutz-Fahr Southern Africa

@deutz\_fahr\_southern\_africa

DEUTZ-FAHR Southern Africa





# CLAAS

Die CLAAS-stroperreeks  
is die antwoord op jou oesbehoefte



A Division of Kempston Group

Kom besoek ons by...





# Wees reg vir môre MET DIÉ MASJINERIE

Jaco du Preez, New Holland

**N**ew Holland Landbou is reg vir NAMPO 2023. Ons gaan weer seker maak dat die indrukwekkende tentoonstelling van masjinerie op standplaas A2 en A3 die maatskappy se toewyding weerspieël om deel te vorm van enige boerderypraktyk en die ontwikkeling daarvan.

Kom besoek ons gerus by ons opgegradeerde standplaas om nuwe produkte te besigtig asook opgraderings op ander produkte. Die volgende nuwe produkte word tydens NAMPO bekendstel:

Kom kyk na die **TH732 Telehandler** wat 'n nuwe toevoeging tot ons reeks is. Dit kan so hoog as 7 m ophig en het 'n 3,2 ton-kapasiteit. Ander kenmerke is die 4x3-kragkakelratkas en 140 l/minute hidrouliese vloei. Die 98 kW-enjin met 549 Nm se wringkrug teen 1 500 r/minute hanteer elke taak gemaklik. Sit in die ruim kajuit en ervaar 'n uitsig van 360 grade. Kom besoek ons vir meer inligting.

Ons gewilde **Guardian-spuite** is ook nou toegerus met PLM-intelligensie (*Precision Land Management*). Die IntelliView 12-skerm hanteer al die operasionele funksies en die Viper 4-skerm al die presisiefunksies. Die kajuit is ruimer en gemaklik en die kontroles is soortgelyk aan dié van die T9- en T8-trekkers, wat werk vir die operateur vergemaklik. Die IntelliSpray 2-stelsel werk nou teen dubbel die drukking as die eerste weergawe vir nog 'n beter spuitaksie. Die spuitbalk is steeds aan die voorkant, want by New Holland hou ons nie daarvan om terug te kyk nie!

## Die TH732 Telehandler se kajuit bied 'n uitsig van 360 grade

**TS6-trekkers** is nie nuut nie, maar jy gaan baie meer van hulle sien in 2023. Ons fokus op die TS6.120-kajuiteenheid. Kom kyk hoe hierdie trekker in jou boerdery kan inpas. Dit het 'n 4,5 l-enjin wat 88 kW lewer asook 515 Nm se wringkrug teen 'n lae omwenteling van 1 250 r/minute. Dit beskik verder oor hoë hidrouliese vloei en isyerkapasiteit.

Die **PLM-waentjie** kan jou wys hoe die presisietoerusting werk en hoe dit by jou besigheid kan inpas. Kom gesels gerus met ons spesialiste oor jou behoeftes en hoe ons jou kan ondersteun in jou boerdery. Ons kan al jou toerusting ondersteun in ons **MyPLM Connect-toepassing** en dit is gratis.

Bekende trekkereenhede soos die T9 en T8 met PLM-intelligensie sal daar wees saam met die res van die reeks. New Holland se



Die nuwe controle-arm en IntelliView 12-skerm van die Guardian-spuite.



gewilde stroperreëks, baler en hooimaaktoerusting sal ook beskikbaar wees. ●

Kom besoek gerus ons winkel vir al jou New Holland-handelsware en kom rus jou toe met die nuutste mode-items. Verskeie spesiale aanbiedings sal weer aangebied word, so hou die media dop vir verdere inligting hieroor.



# VOLHOUBAARHEID ELKE DAG



DIE **NEW HOLLAND-SPAN** SIEN UIT OM JOU TYDENS **DIE NAMPO OESDAG** VAN 16 TOT 19 MEI TE ONTMOET. BESOEK ONS BY UITSTALRUIMTE A2 EN A3.

Sedert 1895 is New Holland daartoe verbind om oplossings te bied wat boerderydoeltreffendheid en produktiwiteit verbeter deur toeganklike tegnologie te gebruik. New Holland bied 'n wye keuse van maklik-om-te-gebruik trekkers, stropers, balers, grondbewerkingsmasjinerie en hooi- en weidingstoerusting, met doeltreffende onderdele- en diensondersteuning, asook pasgemaakte finansieringsdienste.



Volg ons op 

[www.newholland.com/za](http://www.newholland.com/za)





NUUS



Graan SA-lede kry eksklusiewe toegang tot die ledelokaal op NAMPO Park.

# Kom vier innoverende landbou

Alzena Gomes, skakelbeampte, Graan SA

**D**ie NAMPO Oesdag is sedert sy ontstaan die leier wat landbou-innovasie ten toon stel en daardie eenstop-platform aan landbou-entoesiaste in Suid-Afrika verskaf. 2023 sal die 55ste aanbieding van die grootste landboukou in die Suidelike Halfrond wees. Na 'n uiters suksesvolle en langverwagte terugkeer na die landboukalender verlede jaar, belof die 2023-NAMPO Oesdag om weer eens alle verwagtinge te oortref.

Graan SA-lede kan uitsien na vier volgepakte dae van die nuutste, grootste en beste landbou-aanbiedinge nóg. Die Oesdag, wat in alle opsigte weer aangebied kan word soos die NAMPO wat almal voor die inperking onthou, gaan 'n miernes

van bedrywigheid wees met meer as 820 uitstallers wat regmaak om besoekers vanaf 16 tot 19 Mei te ontvang.

Die 2023-tema, "Innoverende landbou", sal die sektor se nuutste tegnologie, masjinerie, innovasies en produktiwiteit-oplossings ten toon stel. NAMPO is jaarliks dié geleentheid waar landbourolspelers en die breë publiek die landboukou waaroor almal gons, eerste-hands kan ervaar.

## Ekklusief vir Graan SA-lede

Met die heersende positiewe gesindheid onder Graan SA-lede, is ons opgewonde om hierdie jaar selfs 'n beter en meer positiewe ervaring vir hulle te verseker. Die elektroniese kaartjiesstelsel is nou al goed

Graan SA-personeel is slaggeë om Graan SA-lede en Oesdagbesoekers te ontvang.







## saam met ONS

ingeburger en het steeds ten doel om aan lede 'n moeitelose ervaring te bied. Opbetaalde lede sal hul gratis NAMPO-kaartjies sommer vroeg in April reeds elektronies ontvang, tesame met die eksklusiewe ledeparkeringvoordeel. Verder bied die Graan SA- en die NAMPO-belewenissentrum vir besoekers 'n kykie na die organisasie se bedrywighede en fokusareas.

Die Graan SA-ekonomie sal met enige navrae kan help, en benewens die inligting wat aan produsente beskikbaar gestel word, kan lede ook uitsien na 'n eenstop-diens met personeel byderhand om van hulp te wees. Lede word verder aangemoedig om die Graan SA-inligtingstoonbank te besoek om sodoende te verseker dat elkeen se registrasie op die Graan SA-stelsel in orde is.

*Ons sien uit om elke lid in die Graan SA-ledelokaal te verwelkom*

Graan SA-lede se Oesdagervaring word voortgesit met eksklusiewe toegang tot die ledelokaal waar stomende koffie en warm-sjokolade, bedien deur die John Deere Financial-baristas, die nodige hupstoot vir die dag verskaf. Die ledelokaal bied verder deur die dag verversings, 'n koel lafenis tydens die middaghitte en 'n gemaklike rusplek vir oud en jonk, sowel as 'n lekker kuierplek op die stoep terwyl die dag einde toe staan – beslis dié plek om gesien te word.

### ONS IS ... Innovasie in landbou

Die NAMPO Oesdag het hierdie jaar ten doel om werklik weer die NAMPO-droom van ouds te verwesenlik. Die 2023-Oesdag is beslis 'n hoogtepunt op die landboukalender en bied aan lede die ideale platform om met die landbousektor se toprolspelers en -verskaffers te netwerk, vriendskapsbande te versterk en – bo alles – dit wat die unieke en steeds groeiende landbouskou bied, te kom geniet.

Graan SA sal poog om elke lid se NAMPO-ervaring onvergeetlik te maak en ons sien uit om elke lid in die Graan SA-ledelokaal te verwelkom. NAMPO 2023 bied iets nuuts vir elke besoeker – alles, van landbou-oplossings en geleenthede tot nuwe toerusting en idees, is innoverende landbou op sy beste! ●

## NO MORE leaky valves

Conleth Costigan, Jooste Cylinder & Pump

Introducing our revolutionary new HDPE float valve, specifically designed to ensure a leak-proof seal! Say 'goodbye' to leaks and water waste and 'hello' to an effective, hassle-free water control system that works at optimal levels.

Our HDPE float valves are all individually pressure tested and very easy to install and service. With its durable construction and long-lasting materials, your HDPE float valve will prove to be a reliable product for many years.

The HDPE float valves are available in two sizes, namely the 32 mm (low pressure) and a 25 mm (high pressure).

Don't delay, upgrade to our new improved HDPE float valve. Order yours today and experience the difference for yourself! ●

Visit us at our new stand (#108) in the NAMPO Hall where you will be able to view the new HDPE float valve in action, together with other Jooste products.

**JOOSTE** Since 1967  
Cylinder & Pump Co. (PTY) Ltd  
Suier & Pomp Mpy. (EDMS) Bpk  
www.joostecylinders.com  
Tel : (021) 854-6518 • 8 Van Zyl St, Strand, 7140

- ✓ A Float Valve that ✓ all the boxes
- ✓ Leak-proof seal
- ✓ Corrosion resistant
- ✓ Minimal lime scale build-up
- ✓ Pressure tested
- ✓ Durable

**NEW HDPE Float Valve**

NAMPO HALL Stand #108  
OESDAG HARVEST DAY 2023





# BOU AAN DIE TOEKOMS MET INNOVASIE

Verskaf deur **John Deere**

**O**ns leef in 'n wêreld waar alles gedurig beweeg, ontwikkel en verander – met elke seisoen sien ons hoe die toekoms ontvou. Skielik is vandag die toekoms waarvan jy gister gedroom het en met veranderinge wat al hoe vinniger plaasvind, raak die seisoene al hoe korter. Die boer se seisoene veral is vol wisselvalligheid en onsekerheid: uitdagende weerstoestande, fluktuierende kommoditeitspryse en markte, arbeidskewessies, die verval van infrastruktuur en wisselende ekonomiese en politieke onstabiliteit.

Te midde van hierdie storms het John Deere die sleutel waarmee oplossings ontsluit kan word: tegnologie. Presisie- en datage-drewe besluite stel produsente vandag in staat om meer uitsette met minder insette te lewer, en verseker dat daar op volhoubare en omgewingsvriendelike wyse geboer word sodat die aarde behoue bly – vir die volgende jaar en die volgende generasies.

John Deere fokus op die werklikheid – 'n werklike doel wat met werklike tegnologie bereik word en 'n werklike impak maak. Ons hardloop, sodat jy die sprong vorentoe kan maak. Daarom is John Deere se 2030-visie dat al ons klante die mees winsgewende, produktiewe en volhoubare uitkomst sal bereik.

Vandag is John Deere 'n tegnologiemaatskappy en die tegnologie en innovasie wat ons binne die volgende dekade na die mark gaan bring, sal die transformasie ewenaar wat plaasgevind het toe die maatskappy meer as 180 jaar gelede vir die eerste keer werktuie en toerusting vervaardig het. Ons is tans die enigste maatskappy met 'n volledige produkreeks en tegnologiese oplossings wat alle produksiestelsels integreer.

"Ons is daartoe verbind om boere te bemagtig om deur middel van ons tegnologie 'n kompeterende voordeel in die mark te verkry en meer met minder te bereik," verduidelik Hentie Breedt, bemerkings- en kommunikasiebestuurder: John Deere Afrika & Midde-Ooste.

Met John Deere Financial se gerieflike, aanpasbare en geïntegreerde finansieringsoplossings is presisielandboutegnologie nou meer toeganklik as ooit tevore. Wetenskapfiksie word wetenskapfeite binne hierdie alomvattende ekosisteem wat masjiene, mense, tegnologie en insigte integreer om produsente die nodige voorsprong te gee. Die implementering van raakskerms en satellietontvangers belooft dan ook 'n vinniger, makliker en meer presiese werksdag.

Van die tegnologie wat vandag reeds beskikbaar is en by masjinerie en oplossings ingesluit is, is die volgende:

Die Operations Center™ wat jou die volgende bied:

- » Toerustingmoniteringstegnologie – JDLink™. Byna intydse monitering stel jou in staat om dadelik te sien of toerusting en operateurs produktief genoeg is om die take vir die dag af te handel.
- » Met RDA (Remote Display Access) sien jy presies wat jou operateur sien. Jy is in die kajuit ongeag waar jy jou fisies bevind.
- » Met toerustingmoniteringsinstrumente kan jy jou masjiene nagaan om te verseker dat alles in orde is terwyl jy ook inligting oor produktiwiteit en brandstofverbruik ontvang.

Danksy die Operations Center is meer gevorderde masjiene, beter konnektiwiteit en meer ingeligte en akkurate besluitneming 'n realiteit, en kan jy jou ontledings, redigering en koöperatiewe besluite op dieselfde groepering inligting grond. Geniet verlaagde insetkoste en hoër opbrengste en beleef hoe jy meer hektare in minder tyd bewerk.

Expert Alerts is 'n proaktiewe masjienmoniteringstelsel wat handelaars van moontlike masjienprobleme in kennis stel. Tegnici kan kwessies op 'n afstand identifiseer en herstel voordat dit 'n groot probleem word – wat herhaalbare ritte deur 'n hersteltegnikus voorkom en staantyd beperk.

Connected Support™ stel tegnici ook in staat om kwessies op 'n afstand te diagnoseer en op 'n tyd wat jōu pas te herstel sodat jou werksaamhede en wins minimaal ontwrig word. Verder kan jou handelaar deur die Service ADVISOR™

Remote afstandstoegang tot jou masjien verkry om probleemcodes te trek, die gesertifiseerde kontroleerder te herprogrammeer en probleme te diagnoseer.

John Deere visualiseer nuwe moontlikhede en droom oor wat die toekoms gaan bring; ons oorbrug gapings met tegnologie en bou die toekoms met innovasie. Ons doen wat ons doen met konskwentheid en integriteit, maar uiteindelik is dit die stappe wat ons sām neem wat ons die toekoms in lanseer. John Deere het die kloof tussen gister en môre met volhoubare oplossings, innovasies en baanbrekerstegnologie oorbrug – ons weet hoe om 'n kontinent en 'n toekoms te bou. Ons doen dit al vir jare.

Koester vandag. Hou dit in die palm van jou hand terwyl jy jou grond bewerk, jou saad plant, jou gesaaides versorg en jou oes insamel. Maar kyk ook na môre. Beleef hoe produktiwiteit en doeltreffendheid deur tegnologiese innovasie en konnektiwiteit ontsluit word. Ook jou toekoms is in jou handpalms. ●

*Ons nooi jou uit om ons uitstalling by NAMPO te besoek en die impak van tegnologie in die landbou te beleef. Kom ontdek eerstehands hoe jou boerdery by ons produkte en oplossings kan baat.*

*Beleef hoe produktiwiteit en doeltreffendheid deur tegnologiese innovasie en konnektiwiteit ontsluit word*



# Omvattende tegnologie vir 'n volhoubare toekoms.



JOHN DEERE

*Besoek ons by Nampo*

[www.deere.africa](http://www.deere.africa) | [africa@johndeere.com](mailto:africa@johndeere.com) | Customer Care: 0800 983 821 | JohnDeereAME



John Deere Africa & Middle East





# JCB LOADALL

# LIFT HIGHER REACH FURTHER WORK FASTER

# JCB FINANCE

**PRIME LESS 4%**

30% Deposit • 3 years  
Ts & Cs apply



**STACKING**



**REHANDLING**



**CLEANING**



**FEEDING**



**TRAILING**



**PUSHING**



**TRANSPORTING**

FOLLOW US ON    

E-mail: [forest.agri@bellequipment.com](mailto:forest.agri@bellequipment.com)  
[www.bellequipment.com](http://www.bellequipment.com)

# JCB AGRICULTURE

ESB11795



## TOPTEGNOLOGIE

## net waar jy kyk

Valerie Cilliers, redakteur, SA Graan/Grain

**M**et die tema "Innoverende landbou" is NAMPO se 55ste aanbieding weer eens 'n vertoonvenster van die nuutste idees en tegnologiese innovasies. Dit is veral in landboumeganisasie waar groot spronge in innovasie produsente in staat stel om groter opbrengste te behaal. Hierdie artikel bevat 'n handvol tegnologie by NAMPO 2023 wat die oog vang.

### Grondbewerking

Case IH het onlangs 'n nuwe stel grondbewerkingswerktuie aan Suid-Afrikaanse produsente bekendgestel. Nuut in die Case-stal wat grondbewerkingstoerusting betref, is die **Ecolo Tiger 875-skeurploeg**, die **Case 475 Speed-Tiller-hoëspoeddis**, die **Case Tiger-Mate 255-saadbedvoorbereider**, die **Case True-Tandem 335VT- en 335VT Barracuda-vertikale bewerkingsgereedskap** en die **Case True-Tandem 375-skotteleg**. Loer gerus in by die Case-standplaas (B11, B12 en B28).

Die True-Tandem™-335VT- vertikale bewerkingswerktuig is robuus genoeg om swaar, ongelyke grond en selfs klipperige toestande aan te pak.



### Monitering van toerusting

As hoogs tegnologiese landboumasjinerie jou interesseer, dan kan jy nie tydens die Oesdag verby John Deere se standplaas (A12-A14, A16 en A17) stap sonder om eers die nuutste werktuie te besigtig nie. Vind gerus daar meer uit oor John Deere se toerustingmoniteringstechnologie – **JDLink™**. Dit bied byna intydse monitering wat jou in staat stel om dadelik te sien of toerusting en operateurs produktief genoeg is om die take vir die dag af te handel.

Met **RDA** (Remote Display Access) sien jy presies wat jou operateur sien en dit is asof 'n mens self in die kajuit is ongeag waar jy jou fisies bevind. Met John Deere se toerustingmoniteringsinstrumente kan masjinerie nagegaan word om te verseker dat alles in orde is terwyl inligting oor produktiwiteit en brandstofverbruik ontvang word.

John Deere se toerustingmoniteringstechnologie.



### Nie tyd vir staan nie

Bekommerd oor lang staantye? John Deere se **Expert Alerts** is 'n proaktiewe masjienmoniteringstelsel wat handelaars van moontlike masjienprobleme in kennis stel. Tegnici kan kwessies op 'n afstand identifiseer en herstel. **Connected Support™** stel tegnici ook in staat om kwessies van elders af te diagnoseer en op 'n tyd wat jǎu pas te herstel sodat jou werksaamhede en wins minimaal ontwig word. Verder kan jou handelaar deur die **Service ADVISOR™ Remote** afstandstoegang tot jou masjien verkry om probleemcodes te trek, die gesertifiseerde kontroleerder te herprogrammeer en probleme te diagnoseer.

### Nuwe toevoegings

New Holland se **TH732 Telehandler** is 'n nuwe toevoeging tot hul reeks. Dit kan so hoog as 7 m ophig en het 'n 3,2 ton-kapasiteit. Ander kenmerke is die 4x3-kragskakelratkas en 140 l/



New Holland se TH732 Telehandler.

minuut hidrouliese vloei. Die 98 kW-enjin met 549 Nm se wringkrag teen 1 500 r/minuut hanteer elke taak gemaklik. Die kajuit is ruim en bied 'n uitsig van 360 grade.

Ook nuut by die New Holland-standplaas is **Guardian-spuite** wat nou toegegerus is met PLM-intelligensie (Precision Land Management). Die **IntelliView 12-skerm** hanteer al die operasionele funksies en die **Viper 4-skerm** al die presisiefunksies. Die **IntelliSpray 2**-stelsel werk nou teen dubbel die drukking as die eerste weergawe vir nog beter spuitaksies. Die spuitbalk is steeds aan die voorkant, want by New Holland hou hulle nie daarvan om terug te kyk nie. Besoek gerus hulle standplaas (A2 en A3). ●



# BOER MEER PRESIES EN VOLHOUBAAR MET INTYDSE DATA



## MONITOR JOU PLAAS, VLOOT EN DATA OP JOU VINGERPUNTE.

Die strewe na 'n meer doeltreffende boerdery met beter winste beteken dat Suid-Afrikaanse boere al hoe meer in presisietoerusting belê. Om die regte aksie op die regte tyd en op die regte plek te neem verg egter meer as net die regte toerusting. Dit vra na die regte inligting, wat deurgaans versamel, sinvol verwerk en aangewend word, om die potensiaal van presisietoerusting tot sy volle reg te laat kom.

Deur middel van presisietegnologie, gekoppel aan bruikbare inligting, kan produsente meer volhoubaar en ekonomies boer. Case IH staan reg om produsente die nodige ondersteuning te bied.

[www.caseih.co.za](http://www.caseih.co.za) | 011 922 2000



# CASE IH



# Gevorderde toerusting vir grondbewerking bekendgestel

Chimene de Villiers, CNH Industrial Ag & CE

**C**ase IH het onlangs 'n nuwe stel grondbewerkings-werktuie aan Suid-Afrikaanse produsente bekendgestel om sy reeds omvattende reeks implemente verder uit te brei.

Die nuwe toerusting sluit die Case-Ecolo Tiger 875-skeurploeg, die Case 475 Speed-Tiller-hoëspoeddis, die Case Tiger-Mate 255-saadbedvoorbereider, die Case True-Tandem 335VT- en 335VT Barracuda- vertikale bewerkingsgereedskap en die Case True-Tandem 375-skotteleg in.

E-pos: [Charl@terratill.co.za](mailto:Charl@terratill.co.za)

[www.terratill.co.za](http://www.terratill.co.za)



**HORSCH**

**TERRATI**  
Implements (Pty) Ltd





# PLANTTYD 'n fees MET DIÉ PLANTER

Verskaf deur **TerraTill**

**M**arco Bretschneider van die plaas Grootpan naby Lichtenburg sê die HORSCH Maestro 16-ry-SV-3-voet-planter het die uitdagings wat die afgelope seisoen veral met klimaat ondervind is, heelwat makliker gemaak. "Ons het 'n baie lekker plantseisoen gehad, ten spyte van die feit dat daar baie uitdagings met nat en droë toestande was."

Marco het suikerboontjies, witboontjies, sonneblom en mielies geplant met digthede veral op mielies wat van 30 000 tot 80 000 gewissel het. Hy was besonder beïndruk met die uitmeetmeganisme. "Die groter plaat met verskillende opsies het gemaak dat ons ons beplande populasies kon bereik," het hy gesê.

Louis Heyns van Winburg sê die 2022/2023-plantseisoen was een groot plesier met sy Horsch-planter. Wat hom van die planter beïndruk het, was die duursaamheid en akkuraatheid wat die toerusting bied. "Ons kon groot take met die planter aanpak en maklik afhandel. Die plantspasiëring het deurentyd gewissel van 99,3% tot 99,8% en op die manier kon ek baie saad spaar." Wat hom egter die meeste beïndruk het, was die toediening van die kunsmis. "Tussen die twaalf eenhede was die kunsmistoediening presies dieselfde en elke keer as ons klaar geplant het, het die kunsmistoediening en die hektare presies ooreengestem," het hy vertel.

## Plant presies

"Ons planttyd het glad verloop met die nuwe plantereenheid en ons het baie beter diepte in droër toestande gekry," vertel Hardus du Plessis van Debuut-boerdery naby Wolmaransstad. Hy sê die plastiekplaat is maklik verstelbaar tussen sojabone en mielies. "Daar kan geen pit vasgedruk word nie en die uitmeeteenheid is puik – die planter meet gemaklik 350 000 tot 400 000 sojabone/ha uit op 'n gemiddelde spoed van 12 km/h. As jy ernstig is oor presisieplantery en om jou oes so spoedig moontlik in die grond te sit, is Horsch die planter vir jou," het hy bygevoeg.

Punte wat vir Tinus Botha van Lichtenburg uitgestaan het tydens die plantseisoen met sy HORSCH Maestro 8Cv, is dat die planter gebruikersvriendelik is. "Die kalibrasie van die kunsmis is eenvoudig, akkuraat en vinnig. Die boukwaliteit is uitstekend en die uitmeetstelsel met die groter plaat is meer akkuraat, veral met droëbone



Gerhard du Plessis (kliënt), Charl Eloff (TerraTill-bestuurder), Dewald du Plessis (kliënt) en Hardus du Plessis (kliënt) by die HORSCH Maestro 16-ry-SV-3-voet-planter.

wat geplant word teen 'n hoë plantpopulasie. Hy sê hy sien uit na die volgende plantseisoen met sy Horsch-planter.

Vir Bernard Arnoldi van Koster was die plantseisoen 'n fees. "Ek kon maklik al my hektare betyds inkry, en met die groot kunsmis- en saadtenk was my staantyd beperk. Ek het kunsmismonitors op die nuwe planter wat my dadelik wys as 'n ry verstop is. Die verbeterde ontwerp van die karretjie bring mee dat ek makliker in lande met baie materiaal kan plant, terwyl dit die kunsmis en die saad nog steeds op die regte afstand van mekaar af plaas. Die nuwe gespeekte toetrapwieleltjie is ook vir my 'n groot pluspunt, aangesien dit die grond bo-op die pit baie fermier maak en goeie pit-grond-kontak verseker."

Dihan Viljoen van Leeudoringstad is van mening dat die tegnologie op die Horsch-planter ander ver vooruit is. "Ons plant tussen 15 en 17 km/h en die planters plant dan nog steeds met 97%-akkuraatheid. Die grootmaatkunsmis en -saad verminder staantyd geweldig," het hy bygevoeg.

Hy sê sedert hulle vier jaar gelede met die planters begin plant het, het daar nog nooit 'n planter langer as 'n dag gestaan nie. "Die diens is uitstekend en die meeste van die probleme word telefonies uitgesorteer." ●



DJ van der Merwe, Charl Eloff en Bernard Arnoldi (kliënt).



DJ van der Merwe (TerraTill: tegniese), Marco Bretschneider (kliënt), Pieter Scholtz (JBH Agri-handelaar) en Charl Eloff (TerraTill-bestuurder) by die HORSCH Maestro 16-ry-SV-3-voet-planter.





NUUS



# Trekkerwaentjies maak die pad korter

SA Graan/Grain-redaksie

**T**ydens die NAMPO Oesdag word daar weer trekkers met waentjies ingespan om sodoende 'n pendeldiens tussen die onderskeie uitstallings beskikbaar te stel vir diegene met seer voete en moeë bene. Dit sal ook aan ouer persone en diegene wat moeilik beweeg die geleentheid bied om die NAMPO-terrein met gemak te kan deurkruis.

Om die pendeldiens nog meer gerieflik te maak, is daar nou bushaltes met sitplek op al die roetes opgerig. Dit gee die geleentheid aan uitstallers om advertensies op die bushaltes aan te bring en dit sodoende te borg. As die verkeer dit toelaat, behoort daar ongeveer elke 30 minute 'n waentjie by 'n bushalte te stop.

Daar is drie gekleurde roetes, naamlik groen, rooi en blou, wat deur die onderskeie waentjies gevolg moet word en waarvan daar nie afgewyk mag word nie. Die onderskeie roetes word op die NAMPO Park-terreinkaart aangedui met rooi, blou en groen stippellyne en die bushaltes met gekleurde blokkies.

Elkeen van die waentjies is gemerk met 'n gekleurde plakker wat ooreenstem met die kleur van die roete op die NAMPO-terreinkaart. Sommige van die waentjies is met twee gekleurde plakkers gemerk, wat aandui dat die waentjie 'n oorvleuelende roete volg. Maak dus seker dat jy by jou beoogde punt uitkom deur jou roete aan die hand van die terreinkaart te beplan en dan by 'n ooreenstemmende bushalte te wag om opgelaai te word.

Promosie-artikel



## DIÉ DIESELFILTERS verseker betroubare enjins

Jannie Botha, Hydac Technology

**D**ie laaste ding wat 'n produsent wil hê, is enjins wat breek as gevolg van vuil diesel en sodoende die boerdery tot stilstand dwing. Dieselfilters wat nie behoorlik werk nie, skep 'n duur probleem wat niemand in die huidige ekonomiese omstandighede kan bekostig nie. Bedryfskoste is hoog en diesel is peperduur.

Optimale brandstofverwerking is uiters belangrik om te verseker dat diesel-aangedrewe toerusting sonder probleme loop. Dit beskerm ook die enjin en die aandrywingstelsel. Die HYDAC-oplossing, Diesel PreCare (HDP) met Dieselmicron®, bevat dubbel-fase-filterelemente wat spesiaal ontwerp is om diesel te suiwer. Die filterelemente verwyder die meeste onsuiverhede sonder om die brandstofdruk te verlaag.

Die HYDAC-produk verleng die leeftyd van toerusting en verseker effektiewe energieverbruik. Die filterelemente is ook uitstekend om water uit diesel te haal, selfs terwyl die enjin aan die loop is.

### Belangrikste produkvoordele

- » Verbeterde vermoë om onsuiverhede uit diesel te verwyder.
- » Uitstekend om water uit diesel te haal oor die volle leeftyd van die produk.
- » Sluit 'n "booster"-pomp in wat die vloei van diesel na die enjin vergemaklik.
- » Filters beskerm hulself teen dieselpes (bakterieë wat in diesel groei). Dit is veral ter sprake by diesel wat buite seisoen lank staan. ●

Die resultate van hierdie drie dieselmonsters na filtrasie toon die betroubaarheid van Hydac se Diesel PreCare-produkte.





# NAMPO



Die groen roete word deur CNH Industrial en Argo SA, die rooi roete deur TerraTill en Afrit en die blou roete deur SA Truck Bodies, Valtrac en AGCO geborg.

Daar is ook weer 'n addisionele waentjie wat deur Bayer geborg word en wat net tussen die saadplote en die Roodebank-saadkompleks sal ry. Maak gerus 'n draai by hierdie borge se uitstallings. ●



## COLOURFUL CRATES GALORE

Gilda do Rego, Plastic Ideas Group

PRODUCT INFORMATION

**N**eed a crate? Look no further! Our top-quality plastic crates are here to revolutionise the way you pack and transport your produce.

With company branding available on all products, you can showcase your brand and make an impact. With a variety of colours, there will be no more grey areas and a decision can be made in black and white. Add some coloured crates to your production line and stand out from the rest.

Our crates are designed and manufactured in-house, ensuring that we have complete control over the quality of the product. Our sales team is geared to assist and you will not be left in the dark for your crates to arrive. With dedicated logistics on call, our crates are transported all over South Africa and exported to neighbouring countries. ●

*Don't miss out on this fantastic opportunity to view our range of colourful crates. Come visit us in the NAMPO Hall at stand number 126 & 127 and start planning your 'crate' escape today!*

PlasticCrates.co.za

**BIG** or **SMALL**  
we have them **ALL**



**plastic ideas**  
crates

Tel. +27 11 613 8587

Cell. +27 83 333 1224 (Gilda)

E-mail. crates@plasticideas.co.za

FIND US  
at **NAMPO**  
Hall 126 & 127





# Africa's first strip-till conference well attended

Valerie Cilliers, editor, SA Grain/Graan

**A**n African strip-till conference was hosted at Lezar Opstal near Heidelberg by Orthman South Africa on 21 February. The conference was the first of its kind in South Africa. Brian Nieuwoudt, territory manager, and Mick Goedecken, precision tillage agronomist at Orthman, led the discussion surrounding the advantages of strip-till while expounding on the results of the South African strip-till trials conducted by Orthman in the 2021/2022 season.

## What is strip-till?

Strip-till is a conservation system that uses minimum tillage. It incorporates the practice of tilling the row where the seed and/or fertiliser will be placed, while keeping the soil between the rows undisturbed. Strip-till can provide many of the soil health advantages of no-till by not disturbing the soil, while still providing the tilled seedbed to plant into.

Producers were given the opportunity to see the results of the strip-till trials with a demonstration of strip-tilling on site. The purpose of the research trials was to evaluate the importance of early nutrient placement for early vigour, improved root development, setting a higher potential yield, sustainable plant growth all season long and better water usage of the soil profile.

## Trial results

Orthman South Africa conducted three different trials evaluating the benefits of strip-till. One trial was a fertiliser depth trial comparing placing nutrients at 180 mm and 250 mm below the seed. Orthman found that the 180 mm placement depth yielded better than the 250 mm placement depth, with better ear and plant height evident at the 180 mm placement.



Brian Nieuwoudt (right) gives feedback on the trial results.

A trial was further conducted to help understand if it is necessary to deep rip prior to strip-till. The trial compared deep ripping at 425 mm and then strip-tilling at 180 mm to just strip-tilling at 180 mm. The yield results from this trial favoured the deep ripping followed by strip-till over the strip-till only. Nieuwoudt explained that the data averaged 0,77 t/ha more yield in a growing season that saw record rainfall. 'We feel that the deep ripping allowed for more water infiltration and savings for later use resulting in increased yields. We also feel that it is not economically feasible to deep rip every year.'

The final trial compared strip-till at 250 mm with fertiliser placement at 180 mm to strip-till at 250 mm without fertiliser followed by broadcast fertiliser placement. Physiological measurements were recorded during the growing season to give an indication of differences in treatments and crops were weighed at harvest to measure yield.

'Roots move down by gravity and temperature and when nutrients are placed directly below the seed, the likelihood of them accessing the nutrients is much more than it would be with broadcast fertiliser application. This precision placement of nutrients will also result in better nutrient use efficiencies,' Goedecken explained.

The trial demonstrated that precision nutrient placement with strip-till produced more yield than the same nutrients when applied by broadcast application. The data from this trial confirmed an advantage of R3 588/ha using strip-till over broadcast fertiliser application. ●

For more information on strip-till visit [www.orthman.com](http://www.orthman.com).

Producers experienced first hand what strip-till entails.







Visit us at

**NAMPO**

**STAND NO A18 & A19**



**8450**  
**Cultivators**



**6DT Subsoil**  
**Ripper**

**1tRIPr**

Brian Nieuwoudt 076 283 0766

Graham Bekker 071 838 7314



**EVO Mill.**  
Smart. Integrated.  
Modular. Affordable.  
Bühler-Quality.

Enter the growing milling market in Africa with Bühler's new entry-level EVO Mill – a fully integrated, affordable, modular 300 t/day, including silos and construction.

**EVO Mill – simply a smart milling solution.**



For more information contact  
[milling@buhlergroup.com](mailto:milling@buhlergroup.com)  
or scan this QR code







20  
23

NAMPO

PRODUCT INFORMATION

# Smart and affordable MILLING SOLUTIONS

Markus Pözl, Bühler

**B**ühler has announced the launch of its EVO Mill, a pre-engineered 300 tons-per-day milling solution, aimed at attracting investors into evolving markets with a high potential for growth. The EVO Mill concept is designed to provide Bühler quality at the sort of knock-down prices that will enable a new generation of milling markets to flourish.

A search for ever-more efficient and cost-effective food processing solutions drives a highly competitive industry. It is these incremental technological advances that ultimately result in increased profits. But for some markets, technological potential is less critical than the need to help develop a nascent industry in the most cost-effective way possible. The ability to provide a lower-investment, relatively simple, profitable, and yet highly efficient milling solution is often paramount when it comes to attracting new investors to a market. Which is why Bühler has launched the EVO Mill, a state-of-the-art solution that is ready to mill.

*Over the next 30 years Africa is set to be home to a quarter of the world's population*

The launch of the Bühler EVO Mill allows investors primarily in markets like Africa to benefit from the Bühler brand for reliability, quality and support, with the lowest possible capital outlay. According to the United Nations the population of more than half of Africa's 54 nations will double by 2050. To illustrate the scale of this growth, it is estimated that over the next 30 years Africa is set to be home to a quarter of the world's population. This is compared with less than 10% in 1950\*.

It is a demographic shift that is attracting investors into the African milling sector. Milling plays a key role in providing food security for the continent as its products are the primary ingredients for staple foods consumed across different countries. The demand for lower-investment solutions on greenfield sites, able to produce higher capacity volumes, is only set to grow in Africa and other

global regions. Bühler aims to target these markets with its newly launched EVO Mill.

### Best-value solution

Built to process 300 tons of wheat daily, the EVO Mill uses a pre-engineered design to keep costs to a minimum. It is designed to produce a basic, straight-run, all-purpose flour with an extraction rate of around 78% based on standard conditions. You also have the possibility of producing one diverted flour, either a low-ash flour or a dark flour.

### Complex logistics simplified

Building a mill on a greenfield site is a complex process. You have to start with the infrastructure such as warehouses, intake buildings and grain silos; then you need to design and build the plant with its floors and storage bins and then you come to someone like Bühler who provides the mill design and the equipment. All of this need to be coordinated. A major investor benefit of the EVO Mill concept is that it minimises and simplifies the coordination between the different companies involved.

### Well-trusted partners

The partners that Bühler typically works with on the EVO Mill are long established leaders in the agri-food sector with many years of experience behind them. They all offer the latest innovations supplied by multi-disciplinary teams. They are cost-effective, highly reliable and have years of experience in these types of solutions – they can provide not only the structure, but all the interior bins required for the process and so cut down the number of businesses customers have to deal with.

### Flexibility

One of the unique selling points built into the concept of the EVO Mill is flexibility, allowing investors to choose their own project partners and so not just be limited to the verified companies. Bühler is happy to work with other partners to help create a more customised and bespoke EVO Mill solution for customers. Flexibility allows the EVO Mill to be a starting point for an investment partner who can then customise solutions to meet their specific market demands.

The concept of the EVO Mill, as its name suggests, is evolving. The launch is targeted at wheat processing with a milling capacity of 300 tons of wheat daily. The EVO Mill is set to become a feature of the future milling landscape. ●

\* <https://www.theguardian.com/global-development/2022/jan/20/by-2050-a-quarter-of-the-worlds-people-will-be-african-this-will-shape-our-future>



Scan the QR code for more information.

EVO Mill, a pre-engineered 300 tons-per-day flour mill.



# NEW! DELO<sup>®</sup> 400 SLK SAE 15W-40 API CK-4

Excellent wear protection and  
increased durability



CALTEX



ISOSYN  
ADVANCED  
TECHNOLOGY<sup>™</sup>



IMPROVED  
OIL OXIDATION  
CONTROL



IMPROVED  
WEAR  
PROTECTION



IMPROVED  
PISTON SLUDGE  
CONTROL

# Delo<sup>®</sup>

Let's go further<sup>™</sup>

Visit us at <https://lubricants.caltex.co.za/>

All trademarks are property owned by Chevron Africa-Pakistan Services (Pty) Ltd. and licensed to Astron Energy (Pty) Ltd.



## Updated app creates *interactive* NAMPO-platform

SA Graan/Grain editorial team

**T**he NAMPO App 2023 will not only be an essential tool for visitors and exhibitors at the NAMPO Harvest Day, but for the first time ever a virtual version of NAMPO will be available on the app and at [www.nampoapp.co.za](http://www.nampoapp.co.za). You can download the NAMPO App from the IStore or Playstore.

According to André Groenewald, app developer at FarmSpace, the app was developed to provide an enhanced experience for exhibitors and visitors.

'Exhibitors will enjoy increased visibility and reach through advertising banners, product listings, and video and article options, as well as valuable insights into visitor engagement. The NAMPO App is a cutting-edge digital platform that helps keep the NAMPO show at the forefront of the agriculture sector,' says Groenewald.

### App features

- » **Exhibitor directory:** A comprehensive directory of all exhibitors at the show, including basic information, product categories, and contact details.
- » **Navigation:** An interactive map of the show grounds, helping visitors navigate and find exhibitors with ease.
- » **Promotions:** Exhibitors can run promotions through the app, offering discounts and special offers to visitors.
- » **Food directory:** A directory of all food stalls at the show, making it easy for visitors to find food options.
- » **Treasure hunt:** A fun and interactive treasure hunt, where visitors can collect points by visiting different exhibitors and stands.
- » **Product tags:** Bluetooth-enabled tags placed on implements and in stalls, providing valuable insights into visitor engagement with exhibitor products and services.
- » **Advertising banners:** Exhibitors can advertise their products and services through banners on the main page and main categories of the app.
- » **Virtual NAMPO:** A virtual 360-degree tour of the show, integrated into the app, allowing visitors to experience their favourite exhibitors in full 360 degrees.
- » **Farmspace videos:** Farmspace generates video content for exhibitors, including live interviews, formal videos, and post-show interviews.

» **Digital assets:** The app combines all digital assets, including product listings, videos, articles, and advertisements into one comprehensive platform, providing exhibitors with increased visibility and reach.

Producers and agricultural professionals will discover a wealth of information on the latest products and services, and an opportunity to connect with industry experts and peers. Virtual NAMPO and product tags will keep producers informed and engaged with the latest developments in the industry.

'For younger generations, the NAMPO App offers an exciting and interactive way to experience the show. Treasure hunt and Virtual NAMPO on the app provide a fun and engaging way to explore and learn about the latest products and services.'

With the app, families will have an easy-to-use guide, making it easier to navigate and find the things they want to see. The food directory and promotions offer assistance to easily find special places and deals not to be missed. The app provides easy navigation and in-hand information on food stops and programme events. With Virtual NAMPO they may even 'enjoy NAMPO from the comfort of their own homes'.

Virtual NAMPO on the app will provide a 360-degree view of the show, allowing users to experience the event from the comfort of their phones wherever they are. The virtual tour is fully integrated into the app, making it easy to access and navigate.

Groenewald says the NAMPO App 2023 is designed to provide a comprehensive and interactive experience for all, making it the perfect way to stay connected and engaged during the Harvest Day. ●



## Ondersteltegnologie vir die landbou-industrie

BPW Axles (Edms) Bpk

Tel + 27 11 681 3300, + 27 11 680 1443

Epos: [bpwsales@bpw.co.za](mailto:bpwsales@bpw.co.za) | [www.bpw.co.za](http://www.bpw.co.za)

we think transport







Graan SA/Grain SA  
**NAMPO**  
OESDAG HARVEST DAY **2023**

## Is jy op soek na die nuutste landboutoerusting en tegnologie?

Ons kundige span sal byderhand wees vir enige navrae rakende LEMKEN-masjinerie.

Kom kyk gerus na die nuutste LEMKEN-toevoegings, die **Karat 10** en **Solitair DT**.

Kom ontdek hoe LEMKEN jou plaas na die volgende vlak toe kan vat!

**Besoek dan LEMKEN se stalletjie, A8/A9 by NAMPO Park!**

[lemken.com](http://lemken.com)

 **LEMKEN** THE AGROVISION COMPANY





20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



VOERTUIG

& TOERUSTING

VEHICLES

& EQUIPMENT

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

Toyota, Ford, Suzuki



# DIE HEEL NUWE FORTUNER




MODEL VERTOON: 2.8GD-6 4x4 VX 6AT

## GEE JOU VERBEELDING DIE LUKSHEID VAN VRYHEID IN DIE NUWE TOYOTA FORTUNER

Danksy die vryheid om avonture na enige plek aan te pak, is buitengewone ervarings altyd binne bereik. Die splinternuwe Fortuner bied avonturiers met sy veelsydige verrigting, sewesitplek-ruimheid en opgeknapte stilering die vryheid om meer te doen, meer te sien en meer te geniet.

Die nuwe Fortuner, met 'n aantrekliker aangesig, nuutontwerpte 18"-alooisierwiele en nuwe kleurkombinasies - stel jou in staat om so ver te gaan as wat jou verbeelding dit toelaat.

Onderhewig aan beskikbaarheid van voorraad.







## Veiligheid voorop by 4x4-baan

SA Graan/Grain-redaksie

**A**lles is in rep en roer by die Standard Bank 4x4-baan en die Adventure Track vir 2023 se NAMPO Oesdag.

### 4x4-demonstrasies

André Botha wat reeds sedert 2006 by die baan betrokke is en ook die kommentaar tydens die demonstrasies behartig, vertel die baan is geleidelik oor die jare herbou en opgegradeer sodat dit al die fasette van viertrekvoertuie kan demonstreer.

Dit is vir Botha uiters belangrik dat elke demonstrasie goed afloop. "Ek beskou dit as 'n internasionale verhoog waar demonstrasies foutloos en professioneel moet verloop."

Juis daarom is veiligheid op die baan van oorwegende belang. Die organisasie Search & Rescue South Africa (SARZA) is verantwoordelik vir die beheer en veiligheid op die baan. SARZA is 4x4-spesialiste vir wie veiligheid nie onderhandelbaar is nie. Tydens die demonstrasies is 'n SARZA-lid by elke hindernis teenwoordig om te let op die "veilige lyne" wat gery moet word en ook om toe te sien dat daar voortdurend daaraan voldoen word.

Daar is by elke Oesdag gemiddeld 22 voertuie van 16 verskillende fabrikate wat aan die demonstrasies deelneem. Besoekers het die geleentheid om tydens demonstrasies saam te ry. Hulle kan vooraf by die uitstalplek van die spesifieke handelaar daarvoor bespreek.

Voertuie word bestuur deur 'n kerngroep van spesialisbestuurders wat elke jaar gebruik word. Daar is bekende name onder hulle en sommige van hierdie bestuurders het reeds 20 jaar ervaring. Botha vertel die bestuurders is professioneel opgelei en hulle speel 'n belangrike rol om die voertuig wat hulle bestuur so goed as moontlik te laat vertoon.



Die bestuurders word die dag voor die Oesdag getoets en word as "bekwaam" geag om die demonstrasieritte te ry as hulle die toets slaag.

Oesdag-besoekers kan elke dag na twee demonstrasies uitsien – om 10:00 en 14:00. 'n Demonstrasie duur sowat 80 minute.

### Motorfietsbane

Motorfietsliefhebbers kan gerus by die African Group Lubricants Adventure Track 'n draai gaan maak. Hier gaan gekwalifiseerde instruktors van Country Trax – 'n internasionaal erkende veldryakademie – wys waartoe 'n verskeidenheid van motorfiets, vierwielmotorfiets en klein impakvoertuie in staat is. Die wielspore en hindernisse van die baan is spesifiek ontwerp vir die voertuie en die baan is langs die saadplote geleë. Demonstrasies op die Avontuurbaan sal daagliks om 11:00 en 15:00 plaasvind. ●







# Popular line-up expands with new cab models

Supplied by **Ford South Africa**

**F**ord South Africa has expanded the next-generation Ranger line-up with the launch of single cab and super cab derivatives.

Four single cab models have been introduced to cater for workhorse applications, complemented by six super cab variants that provide the versatility of an extended cab and a large cargo volume which satisfies the requirements for business and lifestyle customers alike – headlined by the first-ever super cab model in premium Wildtrak 4x4 specification.

## Capability and versatility

Underscoring the Ranger's impressive capability is an upgraded chassis riding on a 50 mm longer wheelbase, along with a 50 mm wider track compared to the previous Ranger. The wider stance allows the cargo box to accommodate a standard European pallet between the wheel arches (up to 1 224 mm), while the loadbox length runs up to 2 305 mm on the single cab models for maximum loading volume. The payload capacity ranges from 964 kg to 1 186 kg, depending on the model.

*High-quality materials and surfaces deliver a smart and functional interior environment*

Tie-down points in the loadbox as well as external tie-down rails create ultimate cargo hauling flexibility, and are designed to easily fit ratchet straps and ropes. Durable plastic box top and tailgate capping protect the loadbox edges and tailgate upper edges so that owners can load equipment without fear of damaging the paintwork.

On the Wildtrak Super Cab, which is equipped with a drop-in bedliner as standard, pockets are moulded into the cargo box sidewalls that allow owners to use wood planks to create compartments in the bed, or build a two-tier loading surface. The Ranger's innovative new loadbox side-step is included on the Wildtrak, with the practical cargo management system available as an option to provide further loading flexibility.

With the Wildtrak Super Cab, the fitment of a standard 400 W inverter, with 12 V and 240 V power to the cabin and the loadbox, opens up further possibilities for operating a variety of equipment in any location. A 12 V socket is standard in the load bed of the XLT range.

## Interior comfort and refinement

High-quality materials and surfaces deliver a smart and functional interior environment – whether the vehicle is used for work or leisure.

## 1 PRICING

### SINGLE CAB

2,0 l SiT XL 4x2 6MT	R464 200
2,0 l SiT XL 4x2 6AT	R477 800
2,0 l SiT XL 4x4 6MT	R531 300
2,0 l SiT XL 4x4 6AT	R545 000

### SUPER CAB

2,0 l SiT XL 4x2 6MT	R485 400
2,0 l SiT XL 4x2 6AT	R499 900
2,0 l SiT XL 4x4 6AT	R542 900
2,0 l SiT XLT 4x2 6AT	R547 100
2,0 l BiT XLT 4x4 10AT	R688 900
2,0 l BiT Wildtrak 4x4 10AT	R772 800

All prices include VAT

An 8-inch customisable digital instrument cluster – depending on variant – enables switching between various layouts, showing driver-assist technologies, off-road information, tachometer on or off, extra gauges and vehicle settings.

The high-tech theme is carried through to the large portrait-style centre touchscreen which incorporates Ford's SYNC® 4A connectivity and entertainment system. It measures 10,1 inches in the XL and XLT models, and 12 inches on the Wildtrak.

To optimise vehicle performance based on the driving conditions, Ranger XLT models are equipped with push-button selectable drive modes comprising 'normal', 'eco', 'tow/haul' and 'slippery'. On the Wildtrak a rotary dial activates a total of six drive modes, including the additional 'mud & ruts' and 'sand' settings.

Various upgrade packs are available to suit unique customer requirements. The packs provide an extensive range of cosmetic and functional enhancements, including chrome trim, dual-zone automatic climate control, a rear-view camera with park distance sensors, cruise control and more.

## Pricing

Included in the purchase price is a four-year/120 000 km warranty, four-year/unlimited distance roadside assistance and five-year/unlimited distance corrosion warranty. The recommended service interval is 15 000 km or annually, whichever occurs first.

Customers have the option of purchasing service or maintenance plans up to eight years or 165 000 km. The warranty can be extended up to seven years or 200 000 km, while the roadside assistance can be extended for an additional one or two years. ●



# Unlimit Your World in the Next-Gen Ranger



NEXT-GENERATION  
**RANGER**

*Ford*



# LIVE THE LEGACY



GRAND VITARA



Discover more at  
[SuzukiAuto.co.za](https://www.SuzukiAuto.co.za)

Pictures shown are for illustrative purposes only.





20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

# NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



# SAAD

# SEED

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

Capstone Seeds, Pannar, Pioneer, Sensako



# NUWE WITMIELIEBASTERS presteer goed

AK Geldenhuys, Pannar Saad

**P**annar is daartoe verbind om vir jou die beste prestasie en diens te lewer. Ons uitstekende produkte word ontwikkel deur van die mees innoverende teeltgnieke ter wêreld, aangepas en wyd getoets vir plaaslike sukses.

Deur na jou unieke behoeftes te luister en dit te kombineer met ons voortreflike reeks produkte en kundigheid van meer as 65 jaar, bied ons aan jou pasgemaakte oplossings vir die beste kans om sukses te behaal. As multigewasspesialis bied Pannar 'n breë gewasportefeulje wat gekenmerk word deur goeie opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid en stabiliteit wat die risiko in gewasproduksie so ver moontlik beperk. Pannar se formidabele gewaspakket is met verskeie nuwe kultivars verbeter.

## Witmieliebasters

Pannar se witbasterpakket is bekend vir sy opbrengsprestasie, gebiedsaanpasbaarheid en stabiliteit. Dié pakket is agronomies goed gebalanseer en word gekenmerk deur goeie graan- en maalkwaliteit. 'n Sterkpunt van hierdie toonaangewende witbasters is hul saailing-groeiagtigheid vir vinnige plantestandvestiging – dit skep die grondslag vir stabiele prestasie. Gekombineer met die agronomiese kennis en insig van Pannar se kundige span, kan jy wisselvalligheid in produktiwiteit en winsgewendheid op jou plaas verminder. Plant met vertroue en oes die maksimum rendement met Pannar se witbasterpakket.

Hierdie seisoen stel Pannar ons eerste witmieliebasters met die PowerCore™-eienskaptegnologie (*traits*) bekend:

- » PAN 3P-973PW
- » PAN 5P-985PW
- » PAN 5P-991PW

Die PowerCore-tegnologie bied verbeterde insekweerstandsbestuur (*insect resistance management – IRM*) teen mieliebronkboorder (*Busseola fusca*) en Chilo-stronkboorder (*Chilo partellus*). Die unieke kombinasie van drie *Bacillus thuringiensis*- (Bt-)proteïene geïnkorporeer in die PowerCore-tegnologie, bied verbeterde IRM teen Lepidoptera-plae, terwyl die glifosaatverdraagsaamheid 'n bewese, gerieflike onkruidbeheer voordeel vir produsente verskaf.

### PAN 3P-973PW

Die witmieliebaster is die nuwe PowerCore-stapelgeenaanbieding in die PAN 3A-173-platform wat ook PAN 3R-573R insluit. Sy tipiese ultravinnige plant tipe met regop blare en goeie staanvermoë beteken dit is goed aangepas vir hoë plantpopulasies. PAN 3P-973PW is goed aangepas vir beide besproeiing en vir die hoëpotensiaal-droëlandproduksiegebiede. By laer plantpopulasies is dit geneig om meerkoppig te wees en lewer 'n hoë graan-tot-blaar- en graan-tot-stamverhouding. Dit het goeie algemene siekteverdraagsaamheid en lewer graan van hoë gehalte.

### PAN 5P-985PW

'n Nuwe bekendstelling in die PAN 5285-platform met die PowerCore-eienskaptegnologie. PAN 5P-985PW beskik oor 'n aantrekklike plant tipe met agronomiese balans en toon goeie toleransie teen kop- en pluimbrand en noordelike blaarskroei. Hierdie medium-vinnige platform sluit ook PAN 5685R en PAN 5R-785BR in. Dié basters is wyd aangepas en handhaaf stabiele prestasie oor seisoene. Hulle het besonder goeie opbrengspotensiaal op gronde met 'n klei-inhoud van meer as 10% in die bogrond – 'n geskikte keuse vir die westelike produksiegebied.



PAN 3P-973PW

### PAN 5P-991PW

PAN 5P-991PW met die PowerCore-eienskaptegnologie versterk die PAN 5A-291-platform. PAN 5P-991PW is die stalmaat van die medium-vinnige basters PAN 5A-291, PAN 5B-491B, PAN 5R-591R en PAN 5R-891BR. Hierdie is Pannar se gewildste witbasters in die westelike produksiestreek. PAN 5P-991PW lewer goeie prestasie op hoëpotensiaalgronde met 'n klei-inhoud van minder as 10% in die bogrond in die westelike produksiegebiede. Dit is wyd aangepas en handhaaf stabiele prestasie by verskillende opbrengspotensiaalvlakke. PAN 5P-991PW is baie sterk meerkoppig en saailinge kom sterk uit die grond om vinnig 'n goeie plantestand te vestig.

### PAN 5A-163

Hierdie nuwe medium-vinnige platform se glifosaatverdraagsame stalmaat is PAN 5R-563R. Die basters bied goeie algehele blaarsiek-toleransie en verbeterde opbrengs stabiliteit, veral op lande met 'n middelmatige opbrengspotensiaal. Die platform lewer graan van hoë gehalte en is meerkoppig by laer plantpopulasies.

### PAN 5R-555R

PAN 5R-555R is 'n opwindende, nuwe medium-vinnige platform vir die westelike produksiegebiede. Hierdie baster het goeie staanvermoë en 'n uitstekende meerkoppigheidsindeks. Dit is egter nie geneig om spruite te vorm nie. Dit toon sterk saailinggroeiagtigheid wat dit 'n slim keuse op die sanderige gronde van die Noordwes-Vrystaat maak en beskik ook oor goeie algehele blaarsiekteverdraagsaamheid.

Verminder die wisselvalligheid in produktiwiteit en winsgewendheid op jou plaas deur hierdie stewige presteerders te kies. Voeg hierby ons span se agronomiese kennis en jy kan met vertroue die maksimum opbrengs op elke sak stroop. ●

*Gesels gerus met een van Pannar se verkoopsvertegenwoordigers oor hoe jy die beste voordeel uit Pannar se uitstekende reeks gewasse kan kry of lees meer oor Pannar se kultivars by [www.pannar.com](http://www.pannar.com).*



# MAAK STAAT OP ONS WITMIELIES VIR **JOU** STEWIGE PRESTASIE

Wyd aangepas, agronomies goed gebalanseerd en bekend vir hul goeie graan- en maalkwaliteit, bied Pannar se toonaangewende witmieliepakket sterk saailinggroeikragtigheid vir vinnige plantestandvestiging en stabiele prestasie. Gekombineer met die agronomiese kennis en insig van Pannar se kundige span, kan jy wisselvalligheid in produktiwiteit en winsgewendheid op jou plaas verminder. Plant met vertroue en oes die maksimum rendement met Pannar.

Vind Pannar se kundige vir pasgemaakte oplossings in jou omgewing.



**PANNAR**®

*Saam boer ons  
vir jou toekoms™*

[www.pannar.com](http://www.pannar.com)



 **CORTEVA**  
agriscience

Skandeer die kode  
vir meer inligting  
oor Pannar se  
uitsonderlike  
produkte



™® Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2023 Corteva. 2023/WMAIZE/SAG/01



# Kom ons groei saam

Van die begin van die seisoen af is ons saam met jou op jou plaas. Dag in en dag uit. Van sonsopkoms tot sonsondergang. Of dit reënerig, modderig of droog is. In die hitte en die koue is ons daar om jou by te staan.



**syngenta**<sup>®</sup>



[syngenta.co.za](http://syngenta.co.za)



**SENSAKO**



**SENSAKO**

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690



# Die TOEKOMS van SONNEBLOM lê in OLIE

Magda du Toit, namens Sensako

**A**lle besigheidsplanne binne Syngenta se saadbesigheid moet uiteindelik gestalte kry in goeie genetika en winsgewende opbrengs op die produsent se plaas. "Die produsent se verwagtinge bepaal waarop ons moet fokus. Daardie verwagtinge moet aangespreek word in ons navorsing en moet uiteindelik lei tot 'n gelukkige produsent," sê Hendrik van Staden, eenheidshoof van Syngenta se saadafdeling in Afrika.

Die Sensako-handelsmerk spog met meer as 60 jaar se teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse saadbedryf en is bekend vir die toonaangewende navorsing, teling en saadproduksies wat oor jare gedoen is. Oor die volgende paar jaar beplan Syngenta om voort te bou op hierdie reputasie en dit te rugsteun met 'n voortgesette fokus op koringgewasse asook 'n hernude fokus op somergraan-gewasse.

"Elke plaas is uniek en daarom verg dit unieke oplossings om uitdagings te hanteer. Ons groeistrategie vir somergraan-gewasse is daarop gemik om die uitstekende koringbesigheid te ondersteun om sodoende meer opsies aan produsente te bied," sê Van Staden.

Vir elke graanprodusent bly die regte kultivarkeuse 'n deurslaggewende produksiebesluit wat die basis van opbrengs en winsgewendheid vorm.

"Ons sien uit daarna om met ons kliënte te gesels tydens NAMPO 2023. Ons is verder opgewonde om ons nuwe baadjie aan die mark bekend te stel. Vanjaar betree ons ook die mark met 'n nuwe mieliebaster, SNK 2224BR. SNK 2224BR is 'n geelmieliebaster wat wyd aangepas is vir verbouing onder droëlandtoestande," verduidelik Van Staden.

Wanneer dit by koringproduksie kom, is dit noodsaaklik dat produsente kyk na die groeiperiode van die kultivars wat hulle beplan om te plant, asook na aspekte soos opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid, stabiliteit, graangehalte, staanvermoë en die siekteverdraagsaamheid van die kultivar.

"Ons beveel 'n kultivarpakket aan vir goeie risikoverspreiding. NAMPO bied die ideale geleentheid om met ons kundige personeel te kom gesels oor ons medium-, medium-kort- en kortgroeiperiodekultivars om te bepaal watter van hierdie die aangewese produkte sal wees om te oorweeg vir hul kultivarpakket vir die huidige seisoen, veral vir later aanplantings."

## Dié kultivars beïndruk

In die strook- en kommersiële proewe wat die afgelope paar seisoene gedoen is, het die nuwe koringkultivar, SST 8205, sy staal gewys. Wat SST 8205 baie uniek maak, is sy wye aanpassing in al die streke waar koring onder besproeiing aangeplant word. Ander staatmakers vir die verskillende groeiklasse is SST 8154 in die vinnige groeiklas en SST 8235 in die mediumgroeiklas.

Sonneblom het al dikwels gesorg dat die graanprodusent se somme aan die einde van die seisoen klop. SY 3970CL is een van die hoë-oliesonneblombasters uit die Syngenta-stal. "Die toekoms van sonneblom lê in olie. In die verlede was die fokus altyd op graanopbrengs, met verwerkers wat aan die kortste ent getrek het. Die nuwe fokus is op kultivars met 'n hoë olie-inhoud wat tot die verwerker en produsent se winsgewendheid kan bydra."

"Oor 'n jaar of twee kan produsente uitsien na opwindende nuwe geentegnologie in ons mielieprodukte. Agrisure Viptera® is 'n stapelgeenprodukt vir die beheer van stronkboorders, herfskommandowurm en snywurm. Die eerste mielieproewe met die Syngenta-geen is die afgelope twee seisoene wyd geplant en ons sien daarna uit om die resultate met ons kliënte te deel," sê Van Staden.

"Ons is ernstig daarvoor om saad van uitstekende gehalte aan elke graanprodusent beskikbaar te stel sodat hulle volhoubaar en koste-effektief kan boer. Produsente moet weet dat wanneer hulle in Sensako-kultivars belê, hulle met die genetika tot hulle beskikking goeie dividende op hul beleggings kan verdien.

Kom kuier gerus by die Syngenta-uitstalling by NAMPO om met ons te gesels oor ons saadaanbod en opsies. Dit is waarom ons by NAMPO is: om na ons kliënte te luister sodat ons hulle behoeftes beter kan verstaan en saam kan besluit oor die beste opsies om dit te hanteer." ●

SY 3970CL is 'n hoë-oliesonneblombaster.







# WYD AANGEPASTE MIELIEBASTERS BEÏNDRUK

Verskaf deur **Capstone Seeds**

**C**apstone Seeds is al langer as 25 jaar betrokke in die saadbedryf en landbousektor in Suid-Afrika. Dié ervaring reflekteer in die navorsing, ontwikkeling, produksie en bemarking van hul saad en die toewyding van 'n bewkame span.

Die produkreeks bied geel- en witmieliebasters wat wyd aangepas is en uitstekende kultivareienskappe het. Capstone Seeds se saadteelprogram is gegrond op klimaatsverandering, die omgewing en die produsent.

Hul mieliebasters is wyd aangepas en het uitstekende kultivareienskappe wat in produsente se behoeftes sal voorsien. Daar is twee geneties gemodifiseerde kultivars, naamlik CAP 9-242RRBT wat 'n vinnige geelmieliebaster is en CAP 9-569RRBT, 'n medium witmieliebaster vir droëlandaanplantings. Beide hierdie kultivars bevat die stapelgeen.

Capstone Seeds beskik ook oor 'n wye reeks konvensionele wit- en geelmieliebasters wat wyd aangepas is en oor uitstekende agronomiese eienskappe beskik. Dit sluit hitte- en droogteverdraagsaamheid in en uitstekende weerstand teen van die belangrikste blaarsiektes wat in Suid-Afrika voorkom. Spesialis-kuilvoermieliebasters



Witmieliebaster – CAP 9-569RRBT.

word ook bemark – kuilvoeropbrengste van meer as 100 t/ha het al gerealiseer met van Capstone Seeds se topkuilvoermieliebasters. ●

Capstone Seeds se bemarkingsnetwerk strek landwyd. Kontak die maatskappy vir die korrekte aanbevelings vir jou spesifieke behoeftes.



**MIELIES**  
Oopbestuifde variëteite, konvensionele en GM-bastermielies

**KONTANTGEWASSE**  
Droëbone, grondbone, ertjies, baster- en oopbestuifde graansorghum, sonneblom, groenbone en sojabone

**WEIDINGSGEWASSE**  
Gematigde en subtropiese weivelde

**GROENBEMESTINGSGEWASSE EN DEKGEWASSE**

**GRASPERK- EN GERIEFSGRASSE**

Ons sien uit om jou by  
**NAMPO 2023 te sien.**  
Kry ons by saadplot  
**G30 & G31.**



## KONTAK ONS

Cecil van Rooyen - 066 305 8751  
Nasionale Verkoopsbestuurder SA  
Oos-, Suid- en Wes-Kaap, Namibië

Roelf van Niekerk - 083 949 5749  
Verkoopsbestuurder: Agronomiese Gewasse  
Mpumalanga, Gauteng, Wes-Vrystaat, Noord-Kaap  
Limpopo, Noordwes

Neville Young - 082 654 2162  
Nasionale Kleinhandelverkoopsbestuurder - Oos-Vrystaat,  
Noord-KwaZulu-Natal Koöperasies, Swaziland en Lesotho

Mark Wattam - 082 603 8471- Verkoopsbestuurder  
Oos-Kaap; Swaziland en Namibië

Steve Thomson - 082 327 8083  
Tegniese Verkoopsvertegenwoordiger - KwaZulu-Natal





## SAADPLOTTE

# Kom kyk self wat om te plant

SA Graan/Grain-redaksie

**D**ie voorbereiding en bemanning van die wetenskaplike saadplotte by die NAMPO Oesdag is daar om vir uitstallers geleentheid te gee om hul unieke en besonderse produkte en dienste aan NAMPO-besoekers bekend te stel. Die saadplotte is sedert 2015 'n belangrike deel van NAMPO, juis weens uitstallers se behoefte om hulle gewasse ten toon te stel.

Tydens NAMPO 2023 sal kundiges van die saadplotuitstallers die waarde van hulle aanbod vir die produsent op die plaas aan besoekers oordra. "Met die saadplotte aangrensend tot mekaar kan die produsent vergelykings maak tussen verskillende produkte en sien wat in sy behoefte gaan voorsien," sê Danie Minnaar van Graan SA.

Graan SA se Wim Venter bevestig dat die saadplotte aan die oostekant van NAMPO Park naby die Nutri Feeds-saal geleë is. "Soos al die ander stalletjies, demonstrasies, besprekings en eet- en ontspanplekke is die saadplotte te voet bereikbaar. Besoekers kan ook die trekkerwaentjies wat op sekere roetes ry en met gereelde stoppe by die saadplotte verbygaan, vir maklike besoeke aan die uitstallers gebruik."

Minnaar sê verskeie plaaslike en internasionale saadkwekers is betrokke. "Elke uitsteller is self verantwoordelik vir die plotte en die aktiwiteite waarop daar spesifiek vir NAMPO besluit is. Die saadkweker berei die plot voor, plant die saad waarop die uitstalling sal fokus en versorg dan hul uitstallings om dit dan aan die besoekers te wys en toeligting te gee."

Besoekers kan met die kundiges van saadmaatskappye gesels om te hoor of hulle betrokke produkte op die plaas sal aard, en of dit aan die boerdery se vereistes sal voldoen. Tegnieiese vrae en praktiese wenke kan aan die hand van elkeen van die aanplantings bespreek word. Produsente kan verder sien hoe die volgroeiende produk waaroor daar gesels word, lyk teenoor mededingers s'n op die plotte langs aan.

Venter sê die saadplotte bring die saadkweker en die produsent bymekaar. "Die kweker en bedryfswetenskaplikes kan by die fisiese plante die nuutste tegnologie en praktyke aan die kliënt verduidelik. Ook het hy daar die geleentheid om direk van die kliënt te hoor wat die jongste behoeftes is. So kan hulle met mekaar se hulp 'n beter produk ontwikkel en die bedryf vorentoe neem."

### Dekgewasse

Volgens Minnaar is daar die laaste paar jaar 'n groot beweging, veral onder saai-produsente, om dekgewasse te integreer. "Kom kyk gerus by die saadplotte wat om te saai en wat die ideale mengsel behoort te wees, of kom bespreek jou unieke behoeftes vir grondvrugbaarheid en -gesondheid met die verskaffers."

Vir veeprodusente is dit belangrik om die beste weiding vir hul produksiestreek te produseer om die beste uit hul vee te kry – vir vetmaak of vir veeproduksiedoeleindes. Die keuse van die regte weiding of voer bly belangrik vir die beursie en vir optimale, kostedoeltreffende produksie.

2023 se NAMPO-saadplotuitstallers is:

PERSEEL	UITSTALLER	KONTAKPERSOON	E-POS
G28 & G29	Agricol	Henk Crafford	hcrafford@agricol.co.za
G30 & G31	Capstone Seeds	Cecil van Rooyen	marketing@capstoneseeds.com
G32 & G33	Braz-Grass	Gielie Nieuwoudt	gieliegroep@gmail.com
G34	Brasuda	Fanie le Roux	admin@brasuda.co.za
G35	Inteliseed	Jandri Nienaber	jandrin@inteligro.co.za







# NUWE KULTIVARREEKSE

## by Oesdag te sien

Tharien Hendrikse, Pioneer

**P**ioneer is SLIM landbou, en dit is wat hulle by NAMPO gaan wys – nuwe slim kultivarreekse op alle gewasse. Daarmee saam word aanbevelings gemaak op genetiese tegnologie, kultivarplasing, plantestand en presisiebestuur. PowerCore™-saadbeskermingstegnologie word ook bekendgestel op ses mieliebasters.

### Nuwe kultivarreekse

Pioneer luister graag na sy produsente en een van die duidelike boodskappe is dat produsente hulle opbrengs wil verhoog. Die nuwe mieliekultivarreekse bied juis dit – kultivars met aangepaste genetica, spesifiek geteel om hoër opbrengste te gee. Hierdie reekse is spesifiek aangepas vir onderskeidelik die oostelike en westelike produksiestreke.

### Data is koning

Pioneer meen daar is drie dinge wat moet saamwerk om 'n optimale opbrengs te lewer: Die regte kultivar moet in die regte grondsoort teen die regte plantestand geplant word – die beste manier om dit te bereik, is om tegnologie, presisieboerderybeginsels en hoëtegnologieboerdery-insette te gebruik. Die uiteindelige doel is om die regte produk op die regte hektaar te plaas, vir optimale opbrengs, winsgewendheid en volhoubaarheid vir die produsent.

Pioneer glo in data. Al hul kultivars gee hoë en stabiele opbrengste oor jare – dit is met data bewys wat deur proewe ingesamel word. Hulle plant altesaam omtrent 'n duisend proewe per jaar.

Eerstens word Impact-proewe geplant – dit behels 'n vyfjaarnavorsingstelsel. Uit hierdie proewe kom daar 'n plasingfase vir twee jaar in onder andere PKP-proewe (*product knowledge plots*), *side-by-side*-proewe en DAT-proewe (*digital agronomy trials*). Pioneer sal dus eers na sewe jaar se proewe en navorsing vir jou 'n kultivar aanbeveel. Dit dui op hul verbinde om net die beste saad en raad, ondersteun deur 'n enorme hoeveelheid plaaslike data, aan jou te bied. Dus kan jy seker wees dat wat ook al die omgewing na jou toe gooi, daar 'n pakketvoorstel sal wees vir jou spesifieke behoeftes.

### Genetiese saadbeskermingstegnologie

PowerCore-eienskaptegnologie verskaf konsekwente en uitstekende beheer van belangrike lepidoptera-plae van mielies en bied ook onkruidbeheer. Dit is 'n unieke kombinasie van drie Bt-proteïene met glifosaatverdraagsaamheid.

Die voordele van hierdie tegnologie sluit in om hoë opbrengste en graangehalte te lewer. Dit lei tot blywende beskerming en bied uitstekende beheer van plae en onkruid. PowerCore is ontwikkel vir produsente wat 'n gevorderde mieliesaaideienskap wil hê om sodoende nuwe geleenthede te kan skep om hul besigheid winsgewend te bestuur.

Hierdie tegnologie is reeds beskikbaar in vyf Pioneer-geelmieiebasters, naamlik P1975PW, P2432PW, P1257PW, P1197PW (geskik vir besproeiing) en P2362PW, asook in een witmieliebaster, P2849WPW.

### Slim sojabone en sonneblomme

Soos met die mielies, bied hulle ook uitstekende pakkette vir sojabone en sonneblomme. By die sojabone word gefokus op die produsent se spesifieke behoeftes met 'n pakket van lang- en kort-groeierkultivars. Al die kultivars gee hoë en stabiele opbrengste oor jare, bewys deur data.

### Kundige in jou sak

Pioneer het 'n toepassing ontwikkel wat so goed is as om 'n kundige in jou sak te hê. Altyd op die voorpunt van landbou-intelligensie, streef hulle daarna om produsente toegang te gee tot relevante en gebruikerspesifieke inligting. Die Farmer-App is 'n digitale hulpmiddel wat jou op jou landboureis kan bystaan. Dit bevat gedetailleerde inligting oor elke Pioneer-kultivar (in die vorm van *one pagers*). Daar is 'n magdom artikels beskikbaar oor mielies, sojabone en sonneblomme, asook al die datavergelykings oor verskeie jare waarop hulle produkaanbevelings maak. Die toepassing wys ook die weer, het 'n Safex-aanwyser, 'n opbrengsberekening-*calculator* en 'n geïntegreerde foto-plantsiekte-identifiseerder.

Die bogenoemde is net 'n voorproef van wat NAMPO Oesdag-gangers by Pioneer se stalletjie kan verwag. "Ons aanbevelings rakende presisiebestuur is van die beste ter wêreld. Baie werk is al gedoen om voorskriftelike aanbevelings vir aanplantings te maak. By ons stalletjie sal kundiges gereedstaan om jou meer te vertel oor ons produkte en hoe ons alle data gebruik om jou as produsent by te staan met besluitneming," sê Emile van den Berg, bestuurder: Agronomie by Pioneer. ●

Gaan na [www.pioneer.com/za](http://www.pioneer.com/za) vir meer inligting.



Kyk net so 'n mielie! Die nuwe P2849WPW-kultivar met die PowerCore™-geen.



# ONS IS SLIM MIELIES

Ons mieliekultivar is ontwerp met die plaaslike produsent in gedagte. Ons seleksie is gemik op nasionale geografiese liggings sowel as besproeiings- en kuilvoergefokusde saadprodukte. Maak jou keuse uit meer as 48 wit- en geelmieliesaadbasters.



Besoek ons webtuiste





# SOOS ONSGEELMIELIES – IS SUKSES VIR JOU BESTEM

Wanneer dit kom by topopbrengsprestasie oor verskillende opbrengspotensiaalvlakke, produksiegebiede en seisoene, hoef jy nie verder te soek as Pannar se geelmieliepakket nie. Hierdie pakket is deurlopend stabiel, wyd aangepas en agronomies goed gebalanseerd. Dit is ontwerp om risiko te verminder en 'n suksesvolle opbrengs te lewer. Ons kundige span benut graag die geleentheid om ons volledige reeks basters en hul spesiaal ontwikkelde agronomiese eienskappe te bespreek.

Vind Pannar se kundige vir pasgemaakte oplossings in jou omgewing.



**PANNAR**®

*Saam boer ons vir jou toekoms™*

[www.pannar.com](http://www.pannar.com)



 **CORTEVA**  
agriscience™

Skandeer die kode vir meer inligting oor Pannar se uitsonderlike produkte



™® Handelsmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye. © 2023 Corteva. 2023/YMAIZE/SAG/03



20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



GEÏNTEGREERDE

PLAAGBEHEER

INTEGRATED

PEST CONTROL

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

BASF, Bayer, Corteva Crop Solutions, Syngenta



# DIÉ SWAMDODERS bied pasgemaakte oplossings

Verskaf deur **BASF**

**B**ASF se swamdoderportefeulje voorsien in die diverse behoeftes van produsente in Suid-Afrika. Talle produsente gebruik ons swamdoderprodukte doeltreffend en trek sodoende die volle voordeel daaruit.

Siektedruk in belangrike rygewasse wissel aansienlik, van uitsonderlik hoë druk in sekere gebiede waar drie tot vier toedienings per seisoen nodig mag wees, tot gebiede waar produsente selde 'n swamdoder hoef toe te dien. Derhalwe is dit belangrik om die regte swamdoder te kies om die nodige resultaat te behaal.

Enkele belangrike siektes wat by mielies, sojabone en sonneblomme voorkom, is:

## Mieliesiektes

- » Noordelike mielieblaarskroei (*Exserohilum turcicum*) – In ernstige gevalle en indien onbehandeld gelaat, kan dit opbrengste met tot soveel as 90% verminder.
- » Grysblaarvlek (*Cercospora zeina*) – Word meestal aangetref waar geenbewerkingpraktjke toegepas word en kan mielie-opbrengste aansienlik beïnvloed.
- » Roes (*Puccinia sorghi*) – Ontwikkel op 'n later stadium van gewasgroei en kan opbrengsverlies van tot soveel as 25% tot gevolg hê.

## Sojaboonsiektes

- » Sojaboonroes (*Phakopsora pachyrhizi*) – Veroorsaak letsels in die plantweefsel wat uiteindelik daartoe kan lei dat die plant afsterf en opbrengs negatief beïnvloed word.

## Sonneblomsiektes

- » Alternaria-blaarvlek (*Alternaria helianthi*, *A. zinniae* & *A. alternata*) – Onlangs geïdentifiseer as 'n siekte met 'n aansienlike impak wat opbrengste met tot soveel as 30% kan verminder.

Swamsiektes vernietig die blaarweefsel van gewasse en verminder die gesonde blaaroppervlakte wat nodig is om energie vir die plant te genereer. Indien hierdie siektes onbehandeld gelaat word, kan die opbrengspotensiaal van landerye verminder, wat dit op sy beurt onekonomies maak om sekere gewasse te produseer. Dit kan ook die produsent se maksimum inkomstepotensiaal verminder.

## Voorsorg voorkom nasorg

Swamdoders word dikwels eers toegedien nadat die siekte die eerste keer opgemerk is of die drumpelvlak van infeksie in die landery bereik is. In sekere medium- tot hoësiektedrukgebiede waar siektes voortdurend voorkom, is dit raadsaam om voorkomend eerder as reaktief/korrektief vir die siekte te spuit.

## Toppresterende swamdoders

**Abacus® Advance** – Ons staatkraamswamdoder lewer uitstekende voorkomende beheer van belangrike mielie- en sojaboonsiektes. Hierdie kragtige swamdoder bevat hoë vlakke van **F500®** (pyraklostrobien) en epoksikonasool om jou gewas te beskerm. Dit lewer

nie net uitstekende siektebeheer nie, maar verhoog ook opbrengs – die **AgCelence**-effek.

## Wat is AgCelence®?

**AgCelence®** is die handelsnaam wat BASF gebruik om uitmuntendheid in landbou te beskryf en produkte wat bogemiddeld presteer dra met trots die **AgCelence**-naam. Alhoewel dit 'n uitstaande swamdoder is, lewer die produk ander belangrike voordele soos verhoogde plantgroeidoeltreffendheid en strestoleransie.

**Opera®** – Die BASF **AgCelence**-oplossing vir mielies wanneer daar laer siektedruk voorkom. Die swamdoder bevat beide **F500** (pyraklostrobien) en epoksikonasool en is ideaal vir produsente wat 'n medium- tot lae vlak van siekte-infeksies ervaar en 'n verhoging in opbrengs verlang.

**Duet® Ultra** – BASF se “brandbstryder”, geskik vir die voorkomende en kuratiewe beheer van belangrike mieliesiektes. Dit is belangrik om te onthou dat blaarweefsel skade weens swaminfeksie permanent is. **Duet Ultra** kan gebruik word om verdere infeksie te keer, maar kan nie bestaande skade omkeer nie.

**Priaxor®** – die nuutste innovasie van BASF in die mielie-swamdoderarena. Met die buitengewone eienskappe van **Xemium®** en die aktiewe bestanddeel **F500** wat homself alreeds telkemale bewys het, stel **Priaxor**, 'n **AgCelence**-oplossing, nuwe hoë standaarde vir siektebeheer in mielies. **Priaxor** bied uitstaande beheer teen blaarsiektes, verhoogde gewasgesondheid en groeikragtigheid sodat jy die beste opbrengs op jou belegging kan kry.

**Duet® Star** – BASF se nuwe generasie “brandbstryding”. Deur die kombinasie van die sistemiese aktiewe bestanddele fenpropimorf en epoksikonasool, lewer **Duet Star** uitmuntende werksverrigting vir optimale opname in die plant deurdat die teiken effektief bereik en aangepak word.

**Bellis®** – Verskaf uitstekende beheer van *Alternaria* spp. in sonneblom, terwyl dit **AgCelence** lewer. **Bellis** is ook geregistreer vir die beheer van roes in sojabone.

**Bellis® Active** – Die nuutste swamdoder vir die beheer van roes en *Alternaria*-blaarvlek in sonneblom, asook roes in sojabone. Maar wat is die verskil tussen **Bellis** en **Bellis Active**? Die lading van die aktiewe bestanddele in **Bellis Active** is geoptimaliseer en is meer geskik vir laer siektedruktoestande in beide sonneblomme en sojabone, ten einde nog steeds **AgCelence** te lewer. **Bellis Active** is ook mengbaar met **Euro-Lightning® Plus** in **Clearfield® Plus**-sonneblom.

Siektes wat opbrengste verminder, het nie net 'n groot impak op gewasproduktiwiteit nie, maar verhoog ook produsente se beleggingsrisiko. Beskerm jou belegging teen swamsiektes deur voorkomende maatreëls toe te pas om sodoende moontlike remediërende optrede te vermy.

BASF swamdoders is die naam waarvoor jy moet vra om jou gewas en inkomste te beskerm. Dit bly noodsaaklik dat produsente streng by die aanbevelings op produketikette hou. ●

Vir meer inligting besoek [www.basf.com](http://www.basf.com).



# DIE NAAM WAARVOOR JY MOET VRA

Met 'n **passievolle** en **kundige span** wat jou **bystaan** op die plaas en 'n eerste-klas **navorsingeneheid** wat nuwe **innovasie** binne die landbousektor dryf, staan ons **bankvas** agter Suid-Afrikaanse boere. Neem met ons hande om meer monde op meer **volhoubare** wyses te voed en steeds hoër **opbrengste** na te streef.

**BASF – Die bewys spreek vanself.**



**NOU!**  
GAAN ONS BOER<sup>®</sup>



# Cereals System Portfolio

## Growing Progress

### HERBICIDES

#### Aubaine® 518 SC

HERBICIDE

#### Kerb™ FLO 400 SC

HERBICIDE

#### Pixxaro® 266 EC

Arylex® active

HERBICIDE

#### Quelex™ 200 WG

Arylex® active

HERBICIDE

#### Tarzec® 320 WG

Arylex® active

HERBICIDE

#### Aubaine® 518 SC

A suspension concentrate herbicide for the residual pre-plant, pre-emergence or early post-emergence control of Italian Ryegrass and other selected weeds in wheat in the winter rainfall region.

#### Kerb™ FLO 400 SC

A suspension concentrate herbicide used for annual winter grasses on canola in the winter rainfall areas.

#### Pixxaro® 266 EC

An emulsion concentrate herbicide for pre-plant burndown of broadleaf weeds on fallow lands and selective early post-emergence control of broadleaf weeds in wheat and barley.

#### Quelex™ 200 WG

A water dispersible granule herbicide for early post-emergence broadleaf weed control in wheat in the Western Cape and the summer rainfall region.

#### Tarzec® 320 WG

A water dispersible granule herbicide for selective, early post-emergence control of broadleaf weeds and some annual grasses in wheat in the Western Cape and irrigated areas in the summer rainfall region.

**ALWAYS USE ACCORDING TO LABEL RECOMMENDATIONS:** Aubaine® 518 SC contains chlorotoluron (Urea) and isoxaben (Benzamide) (Harmful) • Reg. No. L11069 | Kerb™ FLO 400 SC contains propyzamide (Caution) • Reg. No. L4065 | Pixxaro® 266 EC contains Arylex® (halauxifen-methyl) and fluroxypyr (Caution) • Reg. No. L11191 | Quelex™ 200 WG contains Arylex® (halauxifen-methyl) and florasulam (Caution) • Reg. No. L10759 | Tarzec® 320 WG contains Arylex® (halauxifen-methyl) and Pyroxulam (Caution) • Reg. No. L10760 | Act No. 36 of 1947.





# CROP PROTECTION SOLUTIONS AT THE HEART OF AGRICULTURE

**Barbra Muzata**, Corteva Agriscience

**C**rop protection products from Corteva Agriscience™ give you the power to fight weeds, diseases, insects and nematodes while keeping nitrogen in the root zone. Find the right crop protection technology to maximise your acres.

At Corteva, we aspire to work alongside you, our producers, as you strive to produce the food that society demands, in the safe and responsible manner in which our society demands it.

Different crops have different demands. Whatever you cultivate, we support your success with the seed, crop protection and digital farming technology to meet the changing needs of your crop and your operation. As a company focused on sustainable crop protection solutions, we share this responsibility. Our core focus lies in:

- » Improving the manner in which crops are grown;
- » increasing the health and safety of the food that we consume; and
- » reducing the environmental impact of food production processes.

We also understand the challenges our producers face when aiming to achieve these goals in a profitable, successful, and sustainable manner. With the climate changing, pests multiplying and resistance increasing, it is understandable that many of our producers need to change and adapt.

By choosing to incorporate crop protection solutions that strive to best serve the industry, the environment, and the people of our world as a whole, this adaption can be made easier.

At Corteva Agriscience, our future-focused approach to crop protection places us at the very heart of agriculture – from soil to table we strive to assist our producers in producing only the best. We equip you with the right products, for the right crops, at the right time to achieve the best possible outcomes. We are continuously evolving our crop protection portfolio by adding more natural, safe, and sustainable solutions to our product offering.

Additionally, our research, innovation and investment are targeted toward the most important new actives and mixtures – with an unrivalled pipeline of new launches on the horizon. Our producers are afforded a wide range of options to address an extensive array of pests and crops with multiple modes of action, and sustainable innovation criteria.

Drawing on our expertise and experience, we have the capacity and knowledge required to advise our producers as to which crop protection products and seed varieties work best alongside each other, whilst providing digital tools to determine how and where to apply crop protection solutions in the field.

When you partner with Corteva as your crop protection technology partner, you will have effective products that the market

demands today, and the sustainable solutions that will optimise profitability for tomorrow at your fingertips. With our support, you will be empowered to produce healthier and higher-quality crops, better defended against disease and pests, protected in ways that are more environmentally friendly today, while anticipating society's needs tomorrow. Our innovations are focused on the future of agriculture, to make a difference for producers today and in the years to come. Together, we will grow progress for agriculture and society, enriching the lives of those who produce and those who consume.



## Potato, maize and soybean portfolio

- » ZORVEC® Encantia® 330 SE (Reg. No. L11227) – a revolutionary fungicide that specifically targets late blight (*Phytophthora infestans*), a detrimental pathogen known to compromise local potato growth.
- » HIT® 500 SC (Reg. No. L7575) – a fungicide (suspension concentrate) for the control of diseases on potatoes, soybeans, peas, beans, tomatoes and onions. Offering translaminar systemic action, this product is a preventative and curative solution to early blight (*Alternaria solani*) and (*Sclerotinia sclerotiorum*) in beans.
- » CLOSER® 240 SC Isoclast® Active (Reg. No. L9694) – an insecticide that can be used on potatoes

and brassicas/cruciferous vegetables to target sap-feeding insect pests and is effective against insect populations that are resistant to other classes of insecticides.

- » UPHOLD® 360 SC Jemvela® Active (Reg. No. L10164) – an insecticide that delivers quick knock-down and long residual control of lepidopteran, dipteran and thysanopteran pests, including hard-to-control lepidopteran species on all cruciferous vegetables, maize, sweetcorn and sorghum.
- » PIXXARO® 266 EC (Reg. No. L11191) – an emulsion concentrate herbicide for pre-plant burn down of broadleaf weeds on fallow lands and selective early post-emergence control of broadleaf weeds in wheat and barley.
- » STRONGARM® 840 WG (Reg. No. L8663) – a water dispersible granule herbicide for use in tank mixtures as recommended by the label and for pre-emergence control of annual grasses, broadleaf weeds and under certain conditions, also yellow nutsedge in crops as indicated on the label.
- » SURESTART® (Reg. No. L10385) – a suspension concentrate herbicide that can be applied as a pre- or early post-emergence control of annual broadleaf weeds and some annual grasses, providing growers with the flexibility to overcome unexpected delays at application. ●



Die Bayer-stalletjie sal die perfekte geleentheid bied om meer inligting te bekom oor watter produkte die beste in die behoeftes van jou plaas sal voorsien en om te gesels oor hoe hierdie produkte aangewend kan word om die uitdagings op jou plaas te bowe te kom.

# 'N OMVATTENDE AANBOD VIR JOU BOERDERY

Verskaf deur **Bayer**

**N**AMPO is om die draai en dit beloop om groter en beter as ooit te wees. Bayer sien uit daarna om hierdie jaar weer die kolling te plaas op ons omvattende aanbod wat jou en jou boerdery op verskeie vlakke kan rugsteun.

By Bayer verstaan ons die groot aantal besluite wat jy as produsent daagliks moet neem – van keuses oor die tipe saad wat aangeplant moet word tot besluite oor die korrekte gewasbeskermingsprodukte om optimale beskerming te verseker. Bayer se omvattende aanbod sluit topklas-DEKALB®-basters, 'n wye verskeidenheid gewasbeskermingsprodukte en digitale oplossings in om hierdie besluite te vergemaklik.

## Saad en eienskappe

Bayer se navorsing- en ontwikkelingspanne werk voortdurend daaraan om nuwe en innoverende saadvariëteite te skep wat jou help om meer met minder te produseer. Ons DEKALB-handelsmerk is sinoniem met hoëprestasie-mieliebasters wat daarop gemik is om jou gewasprestasie te bevorder en jou mielies van meet af die beste beskerming te gee. Bayer se DEKALB-mieliereeks sluit wit- en geelmelies in en maak ook voorsiening vir die besproeiingsegment.

Die DEKALB-mieliereeks bestaan uit konvensionele basters, YieldGard® MAIZE 2-, Roundup Ready® MAIZE 2- en stapelgeenbasters. Met ingeboude tegnologie, bied ons beskerming teen 'n verskeidenheid onkruid- en insekte wat die sukses van jou opbrengs negatief kan beïnvloed.

By Bayer verstaan ons dat elke plaas en produsent se omstandighede verskil. Daarom raai ons ons produsente aan om by NAMPO met 'n DEKALB-vertegenwoordiger te kom gesels wat pasgemaakte aanbevelings kan maak vir die behoeftes van jou plaas.

## Gewasbeskerming

Tesame met uitstekende genetiese eienskappe, stel jou opbrengspotensiaal te optimaliseer, bied Bayer ook 'n verskeidenheid gewasbeskermingsprodukte om jou mieliegewasse teen aalwurms, insekte, swamme en onkruid te beskerm. Een van die fokusareas by NAMPO sal wees om 'n oorsig te bied oor Bayer se omvattende gewasbeskermingsportefeulje. Bayer se gewasbeskermingsproduktreekse sluit in onkruid-, insek- en swamdoders asook 'n verskeidenheid saadbehandelingsopsies. Verder bied Bayer ook

toegang tot 'n wye reeks spuitprogramme, onder andere vir mielies, koring, aartappels en sojabone, wat as riglyn kan dien vir die komende seisoen.

## Digitale oplossings

Buiten vir die plant van die beste basters vir jou omgewing en die bykomende beskerming van kwaliteitgewasbeskermingsprodukte, is die versameling, stoor en analise van data ongelooflik belangrik wanneer dit kom by die besluitnemingsprosesse op jou plaas. Deur vorige seisoene se data te gebruik, kan jy insigte kry oor hoe jy die komende seisoen moet benader – insigte wat jou nie net kan help om risiko's vroegtydig te identifiseer nie, maar ook om meer winsgewend te boer.

Daarom is een van die fokusareas by NAMPO digitale tegnologie en die positiewe bydrae wat dit op jou plaas kan lewer. In hierdie opsig speel FieldView™ – 'n digitale platform wat al hierdie elemente op een plek bymekaarbring – 'n groot rol. Op hierdie digitale platform kan jy al die data van die afgelope paar jaar met mekaar vergelyk ten einde sinvolle afleidings te maak wat jou met die besluitnemingsprosesse vir die komende seisoen kan help.

Hierdie platform bied ook insig in die tipe basters wat geplant moet word, die basters wat die beste presteer, watter gewasbeskermingsprodukte die beste voordele gebied het, ensovoorts. Dié data kan help om insetkoste te bestuur en jou boerderybedryf te optimaliseer. Ons FieldView-kundiges staan gereed om al jou vrae te beantwoord en te gesels oor hoe hierdie platform produktiwiteit op jou plaas kan optimaliseer.

## Bayer-span

By Bayer verstaan ons dat elke plaas en produsent se omstandighede verskil. Daarom raai ons ons produsente aan om by NAMPO met die Bayer-span te kom gesels wat pasgemaakte aanbevelings kan maak vir die behoeftes van jou plaas.

Bespreek vandag nog jou kaartjie en besoek Bayer se stalletjie by NAMPO om meer te leer oor hoe jy die komende seisoen met gemoedsrus kan aanpak. Kom gesels saam oor die uitdagings op jou plaas en hoe Bayer jou kan rugsteun om jou boerdery na nuwe hoogtes te neem.

Ons nooi jou uit om te kom kyk en ervaar hoe ons saam 'n verskil kan maak. Ons het hierdie jaar 'n hele paar verrassings ... ●



# INTACTA RR2 PRO<sup>®</sup>

## BREAKING NEW GROUND IN SOYBEAN TECHNOLOGY.

INTACTA RR2 PRO<sup>®</sup> technology offers the following key benefits:



### PROTECT

Protect against serious feeding damage caused by African bollworm.



### MAXIMISE

Increased yield potential through repositioned herbicide tolerant trait on the soybean DNA.



### IMPROVE

Improved glyphosate tolerance provided by Roundup Ready 2 (RR2)<sup>®</sup> technology.

TECHNOLOGY AND INNOVATION

INTACTA RR2 PRO<sup>®</sup>

## The revolution in soybean technology is here!

The **INTACTA RR2 PRO<sup>®</sup>** technology offers three key benefits in a single product. This new trait combination represents a significant milestone for South African farmers and showcases the next wave of innovation in soybean at **Bayer**.

The introduction of **INTACTA RR2 PRO<sup>®</sup>** brings a new choice in insect control and convenience to farmers increasing productivity, efficiency and value leading to yields of higher quality and quantity.

Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07. 27 Wrench Road, Isando, 1601. PO Box 143, Isando, 1600. **INTACTA RR2 PRO<sup>®</sup>** is a licensed product of Bayer AG, Germany.





# ons almal moet eet

Om slim te boer beteken:




Om insekte, onkruide en siekte effektief te beheer.  
Om grond en water ten volle en volhoubaar te benut  
en soveel as moontlik kos te produseer.

Want ons almal moet eet.

 **SlimBoer**  
Geïnspireerd

**syngenta**

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)  
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @SyngentaSA | [www.syngenta.co.za](http://www.syngenta.co.za)



# KEER DAT JOU PRODUK IN DIE NIET VERDWIN

Verskaf deur **Syngenta**

S pore van 'n gewasbeskermingsprodukt wat in een land gespruit is, kan etlike kilometers weg in 'n plek beland waar dit nie nodig is nie, waar dit meer skade as goed kan doen en waar dit beslis nie jou belegging vir jou laat werk nie. Dit is die werklikheid van wegdrywing – en 'n uitstekende rede waarom dit jou aandag verdien.

Wegdrywing is 'n ernstiger probleem as wat baie Suid-Afrikaanse produsente mag dink. Die meeste van ons neem 'n spuitstuk se vloeisnelheid in ag, maar verloor verspreiding oor die spuitstrook uit die oog. "Dit is 'n groot fout wat produsente maak en beteken dat hulle geen idee het of die produk – en hoeveel daarvan – die teiken bereik nie," sê Jack Pickering, toedieningskundige by Syngenta Suid-Afrika.

Pickering wys op die belangrike verskil tussen fisiese en dampwegdrywing. Eersgenoemde vind tydens toediening plaas en is die aanvanklike beweging van plaagdoderdruppels weg van die teiken af. Dit kom ook voor wanneer besonder klein druppeltjies in die lug bly hang en sywaarts of vertikaal deur wind, turbulensie of warm lugstrome rondbeweeg word.

Dampwegdrywing is wanneer die "plaagdoderwasem" in plaas van die druppels, die spuitteiken mis. Damp of wasem kan baie ver in 'n ligte bries, 'n afwaartse warmlugstroom of deur neerslag herversprei word. "Fisiese wegdrywing kan veroorsaak dat die produk sy teiken met tientalle meters mis, maar dampwegdrywing kan etlike kilometers van die spuitgebied af eers tot rus kom," sê Pickering.

## Hoe om wegdrywing te beperk

Wegdrywing kan heelwat verminder word deur kennis en tegnologie saam in te span. Optimale weerstoestand, die korrekte spuitbalkhoogte en die beste spuitstuk vir die taak op hande is al wat jy nodig het om jou gewasbeskermingsprodukt die beste moontlike kans op sukses te gee.

Spuitbalkhoogte is eenvoudig: Uit ervaring weet ons dat die afstand tussen die balk en die gewas dieselfde moet wees as die afstand tussen die spuitstukke. Vir die meeste spuite in Suid-Afrika is dit ongeveer 50 cm.

Die verskeidenheid spuitstukke op die mark en die veranderlikheid van die weer maak dit egter ingewikkeld om die perfekte toedieningskombinasie te bepaal. Hiermee in gedagte, het Syngenta 'n gratis mobiele toepassing ontwikkel wat die berekening namens jou doen.

As 'n weertoep wat doelbewus vir spuittoedienings ontwerp is, help Cropwise Spray Assist jou om die optimale toedieningsvenster te kies gegewe gemiddelde en rukwindsnelhede, humiditeit en neerslag. Die toep se spuitstufkunsionaliteit dui die beste spuitstuk

## 1 POTENSIEËLE VERLIES VAN GEWASBESKERMINGSPRODUK.

TIPE SPUITSTUK (1,16 ℓ/MIN VLOEI)	GESKATTE % VAN SPUITDRUPPELS KLEINER AS 150 MIKRON	
	1,5 BAR	3 BAR
XR – Extended-range TeeJet (110°)	19%	30%
TT – Turbo TeeJet (110°)	4%	13%
TTJ60 – Turbo TwinJet (110°)	3%	10%
TF – Turbo FloodJet (110°)	2%	7%
AIXR – Air-induction XR (110°)	2%	7%
AITTJ60 – Air-induction Turbo TwinJet (110°)	1%	6%
AI – Air-induction TeeJet (110°)	N/A	5%
TTI – Turbo TeeJet Induction (110°)	<1%	2%

\*Data verkry van die Oxford VisiSizer-sisteem.

Water is teen 21 °C onder laboratoriumtoestande gespruit.

(Bron: Teejet-handleiding, bladsy 148)

vir die weerstoestand in jou gekose toedieningsvenster aan, en sy vermoë om die weer vyf dae vooruit te voorspel, maak beplanning moontlik.

## Die belangrikheid van spuitstukke

Die tipe spuitstuk en die druk waarteen dit gebruik word, bepaal druppelgrootte. Fyn druppels gee beter dekking, terwyl growwe druppels minder geneig is om weg te dryf. Die perfekte balans is dus van wesenlike belang.

Alle spuitstukke het 'n aangeduide vloeisnelheid. Dit beteken dat alle 04 rooi spuitstukke dieselfde vloe per minuut lewer teen 'n gegewe druk, ongeag of dit 'n *extended-range*- of 'n *air-induction*-spuitstuk is. Met 'n *air-induction*-spuitstuk is daar egter aansienlik minder wegdrywing. Laboratoriumtoetse het getoon dat *extended-range*-spuitstukke soveel as 30% druppels wat te fyn is (kleiner as 150 mikron) kan produseer, in vergelyking met die 2% wat *air-induction*-spuitstukke teen dieselfde druk lewer (Tabel 1). Spuitstukkeuse speel dus 'n massiewe rol in die beheer van wegdrywing – en om te keer dat jou belegging in gewasbeskerming in die niet verdwyn.

Verskillende spuitstukke produseer verskillende volumes druppels kleiner as 150 mikron teen verskillende drukvlakke. Afhangend van die spuitstuk, kan tot 30% van die druppels te fyn wees, wat gelyk is aan 'n potensieële verlies van 30% van die gewasbeskermingsprodukt (Tabel 1).

"Wegdrywing is 'n groot probleem," beklemtoon Pickering. "Net 'n paar klein foutjies kan die omgewing benadeel, skade aan naburige gewasse veroorsaak en lei tot finansiële verliese. Met Spray Assist sal jy jou oes, jou winsgrens en die volhoubaarheid van gewasbeskermingsprodukte beskerm." ●

Verseker optimale balkhoogte tydens toediening.





Gee jou  
gewasprestasie  
'n hupstoot!

2 sterk  
aktiewes

1 effektiewe  
oplossing



70%  
Uitwerking



75%  
Uitwerking



97%  
Uitwerking



Aviator® Xpro™ verseker maksimum effektiwiteit,  
selfs met reënval binne 1 uur van toediening.



10 mm



Aviator®  
Xpro™

leafshield  
formulation system

Aviator® Xpro™ is 'n swamdoder  
geregistreer op koring, gars en kanola.

Aviator® Xpro™ kombineer twee komplementêre  
swamdoders, Biksafen en Protiokonasool vir  
uitstekende siektebeheer en langdurige residu-aksie.  
Die Xpro™-tegnologie, met sy unieke verspreiding  
deur die blaarweefsel, verseker 'n beter opbrengs.

Vir meer inligting, laai die Bayer-toepassing, BayerCropSA, af.

Dis wat jy noem die #BAYERvoordeel ...



@Bayer4Crops

[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za) /// [www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za) /// Tel: +27 11 921 5002

Bayer (Pty) Ltd. Reg. Nr. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600. Aviator® Xpro™ Reg. Nr. L10039 (Wet Nr. 36 van 1947).

Aviator® Xpro™ bevat Biksafen en Protiokonasool. Skadelik. Aviator® Xpro™ is 'n geregistreerde handelsmerk van Bayer AG, Duitsland. Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.



20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



# BEMESTING FERTILISER

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

Kynoch, Fertasa, SA Kalk & Gips, World Focus Agri, Yara



# KUNDIGE OPLOSSINGS vir optimale opbrengste

Liza-Mari Cloete, Kynoch

Is jy 'n plaaslike produsent wat probeer om hoër opbrengste en maksimum doeltreffendheid te behaal? Kynoch is die regte vennoot vir jou – ons is passievol daarvoor om ons plaaslike produsente te help om kundige oplossings te skep om grondproduktiwiteit en winsgewendheid te verhoog.

NAMPO Oesdag 2023 is net om die draai en Kynoch sal as uitstaller aanwesig wees. Besoek standplaas A15 buite om ons span te ontmoet, sien ons indrukwekkende reeks topgehalte- en innoverende kunsmisprodukte en leer hoe Kynoch Kunsmis 'n daadwerklike verskil aan jou boerdery kan maak.

As dit kom by grondgesondheid, verstaan ons die belangrikheid van optimale opbrengste om grondproduktiwiteit te maksimeer. Kynoch verskaf doeltreffende grondoplossings met ons kunsmisstowwe wat organiese en anorganiese bemestingstowwe en spesifieke kunsmisstowwe insluit. Ons span is talentvol en het baie jare daaraan gewy om produkte te ontwikkel wat ons kliënte help om hul opbrengs voortdurend te verbeter. Kynoch lewer nie net 'n uitsonderlike reeks produkte van hoë gehalte nie; ons bied ook aangepaste advies en aangepaste oplossings.


*Besoek standplaas A15 op  
NAMPO Park om ons span  
te ontmoet*

By Kynoch beskou ons ons verhouding met Suid-Afrikaanse produsente as 'n gesamentlike vennootskap en belegging. Daarom begin ons sukses by elke produsent se sukses en werk ons saam met jou om jou te help om aansienlike opbrengste te verkry deur ons innoverende en volhoubare oplossings te gebruik. Ons is verbind daartoe om produkte van die hoogste standaard aan ons kliënte te lewer om 'n suksesvolle en winsgewende oes te verseker.

Verhoudinge met ons kliënte is die sleutel tot alles wat ons doen. Kynoch waardeer tradisionele metodes, maar gaan voort om voortdurend vooruitgang te dryf met nuwe en innoverende maniere om doeltreffendheid en opbrengste te verhoog. Ons toonaangewende kunsmisoplossings stel ons in staat om Suid-Afrikaanse produsente te voorsien van pasgemaakte produkte en oplossings.

Nuwe produkte wat vertoon gaan word, sluit in:

» Die Ultra-reeks wat 'n effektiewe benadering is om 'n gebalanseerde voeding te volg.



KynoPlus – die krag van blou sit die groen terug in jou gewasse.

- » KynoKelp, 'n spesiale seewiersuspensie wat natuurlike makro- en mikro-elemente bevat wat wortelontwikkeling en opbrengs verbeter.
- » KynoFulvate Yellow wat 'n biostimulant is vir die verbetering van wortel- en lootgroeï in graan en blaargroente.

By Kynoch is ons verbind daartoe om 'n voorspoedige toekoms vir Suid-Afrikaanse produsente te bou. Ons sien daarna uit om jou behoeftes te verstaan en te ondersoek hoe ons jou kan help om 'n verskil in jou besigheid te maak. Kom ons werk saam – sluit by ons aan by die NAMPO Oesdag en ontdek hoe Kynoch jou kan help om sukses te behaal. ●







« **KynoPlus**®  
doeltreffende stikstof »  
Die krag van **blou** sit die  
**groen** terug in jou gewasse.



<< **Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie** >>

[www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za) - 011 317 2000 - [info@kynoch.co.za](mailto:info@kynoch.co.za)

KynoPlus® is registered as fertilizer group 1 - K8024 (Act 36 of 1947)

# Meer PRESISIE met DIÉ DIGITALE PLATFORM

Chrisna Heuer, namens Yara

**Y**ara AllFarm is 'n digitale platform wat bestaan uit 'n ekosisteem wat verskillende interne en eksterne komponente integreer en ondersteun. Dit bring besigheid, kliëntediens, verskillende funksionele spanne, insetverskaffers, diensverskaffers, navorsing & ontwikkeling en ander vennote bymekaar in 'n digitale omgewing. Die doel daarvan is om in 'n voortdurend veranderende omgewing, produsentewelvaart asook doeltreffende en volhoubare voedselproduksie op 'n natuurvriendelike wyse te verseker.

Hierdie digitale platform is trots Suid-Afrikaans. Dit is ontwikkel deur Suid-Afrikaanse kundiges vir gebruik deur kommersiële produsente en landboukundiges wêreldwyd, met ondersteuningsdienste onder meer in Afrikaans. Die platform word gerugsteun deur plaaslike ondervinding en internasionale kennis.

In 'n wêreld vol verandering is dit gerusstelend wanneer sekere dinge in pas bly en die ritme behou. Yara se digitale span is voortdurend besig met navorsing en ontwikkeling om te verseker dat die nuutste tegnologie in die bedryf beskikbaar is vir die gebruiker van die platform.

## Wat bied Yara AllFarm?

Wat Yara AllFarm vandag anders maak, is onder andere die waarskuwingsmodel wat produsente en hul landboukundiges vroegtydig waarsku oor potensiële risiko's in 'n spesifieke sone. Die bestuur van risiko is letterlik in jou hand. 'n Verdere faktor wat dit laat uitstaan, is die beskikbaarheid via webtoepassing, maar ook op beide Apple iStore en Samsung Playstore.

Verwerking van data tot inligting wat omgeskakel kan word in kennis vir onder meer risikobestuur en die uitvoerbaarheid van aksies, is waar produsente vandag die meeste tyd en geld spandeer. Die stelsel is juis daar om die produsent die geleentheid te bied om sy tydbestuur te optimaliseer. Yara AllFarm bied basiese ondersteuning aan produsente vanaf intreevlak-presisiesisteme tot gespecialiseerde sisteme.

Die stelsel is primêr ontwikkel vir presisieboerdery-aktiwiteite, maar kan ook vir ander take gebruik word soos die neem van geografies verwysde grond- en blaarmonsters. Dit kan dan in die stelsel vertoon word of gestoor word vir latere gebruik of verwysing. Daar word tans gekyk daarna om die Yara N-Tester se data op dieselfde wyse in die stelsel te integreer.

Hierdie virtuele konsultant maak kommunikasie met almal wat gekoppel is aan die spesifieke profiel op Yara AllFarm makliker en intyds. Dit kan gesien word as 'n WhatsApp-groep wat almal kan



Een toepassing, verskeie funksies.



sien, met die wete dat die inligting nie op die verkeerde groep gaan beland nie.

As deel van die waarskuwingsmodel is daar Hotspot-kaarte wat help dat die landboukundige elke dag "voete op die plaas" het, al is hy nie self fisies teenwoordig nie. Dit laat die produsent en sy landboukundige toe om probleme vinniger op te spoor en voor-komend op te tree. Dit wys ook probleme uit wat nie visueel sigbaar is nie.

Die API-moontlikhede (Application Programming Interface) maak verdere ontwikkeling en integrasie moontlik wat geleenthede vir vennootskappe ondersteun. Yara AllFarm wil hiermee dus die geleentheid gebruik om ander inset- en diensverskaffers te nooi om kontak te maak vir gesprekke in hierdie verband. Hierdie vennootskappe is van kardinale belang vir die volhoubaarheid van die landbousektor op plaasvlak, maar ook vir alle ander landbou-organisasies in die voedselketting.

Yara Africa Fertilizer is verheug om Yara AllFarm in die praktyk bekend te stel en verder uit te brei met plaaslike ondervinding asook internasionale kennis en ondersteuning as basis. ●

Besoek gerus die Yara-webblad by [www.yara.co.za/digital-solutions/](http://www.yara.co.za/digital-solutions/) vir meer inligting.

**Yara AllFarm bied basiese ondersteuning aan produsente vanaf intreevlak-presisiesisteme tot gespecialiseerde sisteme.**





Knowledge grows

# allfarm



Besoek ons tydens NAMPO vanaf 16-19 Mei 2023 by stalletjie C19c.  
Kom gesels saam oor herlewingslandbou en ons trots  
Suid-Afrikaanse, nuwe presisieboerderytoepassing: **AllFarm**.

Kantoor 021 877 5300 | Digitaal 082 662 0402 | Algemeen 082 049 1565 | [infos@yara.com](mailto:infos@yara.com) | [www.yara.co.za](http://www.yara.co.za)

# OTTOSHOOOP DOLOTOP PLUS<sup>+</sup>



**DOLOTOP MET WATEROPLOSBAAR KALSIUM, MAGNESIUM EN SULFAAT PENETREER DIE ONDERGROND MEER EFFEKTIEF EN VOORSIEN BETER VOEDING - BETER OPNAME - BETER GROEI!**

- Oplosbare  $\text{Ca}^{+2}$ ,  $\text{Mg}^{+2}$  en  $\text{SO}_4^{-2}$  promoveer dieper grondpenetrasie
- ✓ Verhoogde KKE en mikrofyn struktuur verskaf uitstaande neutralisasiekapasiteit
- ✓ Bewerkstellig 'n gebalanseerde grondprofiel vir volhoubare produksie

TEL: 0860 103 515  
EPOS: [kalk@sakg.co.za](mailto:kalk@sakg.co.za)  
[www.sakg.co.za](http://www.sakg.co.za)

**SA** KALK & GIPS  
LIME & GYPSUM  
WITKOP MINE | MYN





# NOODDIENSTE gereed vir enige gebeurlikheid

SA Graan/Grain-redaksie

**N**ood- en sekuriteitspersoneel by NAMPO is weer, soos in die verlede, hoogs opgelei en gereed vir enige gebeurlikheid – van mediese bystand tot lugverkeerbeheer.

Die gesamentlike operasionele sentrum (GOS) onder die bekwame leiding van Johan du Plessis en sy span word op NAMPO Park bedryf. Die sentrum is by die Graan SA-ouditorium en die Landboukrywers SA-mediasentrum geleë. Enige noodgevallen kan by die sentrum aangemeld word of die volgende nommers kan geskakel word – 012 943 8295 (uitbreiding 8095) of Johan du Plessis by 082 313 1127.

## Sekuriteit

Fidelity Services Group is vir die sekuriteit by en tydens NAMPO verantwoordelik. Uitstallers en ander betrokkenes wat wagte wil reël, kan gedurende kantoorure met Wim Venter by Graan SA skakel by 079 999 5369. Daar is 'n verteenwoordiger van Fidelity Services Group by die GOS waar alle voorvalle aangemeld word. Die kontaknommer vir alle sekuriteitsverwante noodgevallen op NAMPO Park is 082 313 1127.

Sekuriteit op standplase word deur Marina Kleynhans hanteer. Skakel haar by 086 004 7246 of stuur 'n e-pos na [marina@grains.co.za](mailto:marina@grains.co.za).



**DISASTER MANAGEMENT / RAMPBESTUUR  
EMERGENCY REPORT CENTRE  
NOODRAPPORTEERSENTRUM**

Johan du Plessis (regs) beman saam met sy bekwame span die gesamentlike operasionele sentrum op NAMPO Park. Saam met hom op die foto is André Viljoen. Die sentrum is by die Graan SA-ouditorium en die Landboukrywers SA-mediasentrum geleë.

dehidrasie en bysteke. Hy maan Oesdagbesoekers en -werkers om voldoende water in te neem en waarsku hulle ook om versigtigheid aan die dag te lê wanneer hulle groot landbouwerktuie bekyp.

## Ambulansdienste

Die provinsiale Departement van Gesondheid in die Vrystaat se ambulansdiens sal op die terrein vir enige noodgeval beskikbaar wees. Waar nodig sal ambulans, pasiënte na toepaslike hospitale vervoer. Die mediese nooddienste sal regstreeks met die ambulansdienste en die hospitale skakel.

Sharp Emergency Medical Services sal vanaf 8 tot 22 Mei 2023 mediese en ambulansdienste voor en tydens NAMPO lewer. Kontak hulle by 073 610 3349.

## Lugbeheer

Exodus Comms voorsien nou reeds vir die 16de keer seinverwante kommunikasiedienste aan die Oesdag, sê eienaar Cliff Lötter. Die onderneming is verantwoordelik vir die gladde werking van die lugverkeerbeheertoring op die terrein om vliegtuie en helikopters vir die duur van NAMPO 2023 te hanteer. Alle loodse wat toestemming vir opstygting of landing versoek, kry toegang deur Exodus Comms se stelsel en frekwensies. Vir meer inligting kan Lötter by 082 855 5550 geskakel word.

Verder is Exodus Comms vir twee daaglikse vlugte met OFM se verkeersverslaggewer verantwoordelik. Die OFM-span gaan elke dag van NAMPO 2023 tussen 7:00 en 9:00 en weer tussen 15:00 en 17:00 verkeersverslae vanuit 'n vastevlerkvlugtuig doen.

## Tweeringtingradio's

Exodus Comms verskaf en onderhou ook die tweeringtingradio-kommunikasienetwerk en -toestelle tydens die Oesdag. Hulle reik weer 65 radiotoestelle uit en sorg dat hierdie toestelle deurentyd in 'n werkende toestand is. ●



## Mediese bystand

Mediese dienste word deur Lenmed Wilmedpark Privaat Hospitaal en Life Anncron Hospitaal van Klerksdorp verskaf.

Lenmed Wilmedpark Privaat Hospitaal se diensstasie is agter die SAMPI-saal geleë. Cindy Jansen van Rensburg, skakelbeampte van dié hospitaal, sê enige NAMPO-besoeker wat mediese ingryping benodig, is welkom om hulle daar te besoek. In ernstige gevalle sal mediese personeel na die geval gaan waar ook al dit op die terrein is. Hul kontaknommers vir mediese bystand tydens NAMPO 2023 is 083 381 7548 of 084 505 5548.

Life Anncron Hospitaal sal weer op hul pos by uitstalruimte E32 (naby Ou Mutual) wees. Hul kontaknommers vir mediese bystand is 083 285 1236 of 071 291 2603. Tshepo Mokoena, bemarkings- en kommunikasiebestuurder by Life Anncron Hospitaal, sê die meeste gevalle wat hulle gewoonlik by NAMPO hanteer, is





**FERTASA**  
Fertilizer Association of Southern Africa

**FERTASA, CERTIFIED CREDIBILITY**

**WE STAND FOR THE PROTECTION OF THE SUSTAINABLE USE OF FERTILIZER**

Fertasa and its members are committed to the promotion of sustainable soil fertility and enhanced plant nutrition.

**WHO ARE WE?**

- A code of conduct.
- A set of standards audited by an independent compliance management body.
- Quality products.
- Relevant scientifically based recommendations.
- Continual learning and improvement.
- Complying with all legal requirements.

**CORE FUNCTIONS**

- Actively promote agro-economic and environmentally accountable fertilizer, bio-fertilizer and aglime practices.
- Develop a positive public awareness and acceptance of the need for fertilizer, bio-fertilizer and aglime use in food production.
- Improve the operating environment within which its constituent industries operate in a spirit of free enterprise and fair trade.
- Assimilate, add value to and disseminate fertilizer, bio-fertilizer and aglime related information.
- Provide a discussion forum for its members and other parties on all aspects relating to fertilizer, bio-fertilizer and aglime distribution, agronomic advice and product quality.

**WWW.FERTASA.CO.ZA**



FERTASA  
Fertilizer Association of Southern Africa  
Tel: +27 (0) 12 349 1450  
Email: general@fertasa.co.za



# LANDBOU WERK saam vir Oesdag

**V**erskeie maatskappye en organisasies sit weer skouer aan die wiel om van die NAMPO Oesdag 'n sukses te maak. Die volgende maatskappye tree as borge op:

## Waentjies op terrein

- » AGCO
- » Afrit
- » Argo Industrial
- » Bayer
- » CNH Industrial
- » Valtrac
- » SA Truck Bodies
- » TerraTill

## Saalnaam-borge

- » Santam Landbou
- » Zest WEG
- » Neptun Boots
- » Nutri Feeds
- » BKB
- » Yara
- » Six Gun
- » TotalEnergies
- » Liqui Moly
- » Agri-Alert

## Bankies op terrein

- » Engen
- » Willard
- » Auto-X
- » CNH Industrial
- » New Holland SA
- » Shell SA
- » TotalEnergies

## 4x4-avontuurbaan

- » African Group Lubricants

## Skoleprojek

- » Pioneer
- » Akademia/Soltech
- » Bridgestone/Firestone

## Mediavenoot

- » OFM

## Straatnaambordjies

- » Titan Global – Goodyear SA
- » Engen
- » Yara

## T-hemde vir skoonmakers van ablusiefasiliiteite

- » Toyota SA Motors

## Diere-ring

- » TAU Rollermeule

## NAMPO-vliegveld-windkouse

- » ELB Equipment

## 4x4-baan

- » Standard Bank

## Mediasentrum

- » Grain SA/Landboukrywers SA

## Asblikke

- » TotalEnergies
- » SelectPPE



**WORLD FOCUS agri**  
Energy management using Innovative Technology

**UNLEASH THE GREEN REVOLUTION!**

World Focus Agri products act as an organic growth stimulant throughout the plant's life cycle.

**ORGANIC GROWTH STIMULANT**

**ORGANIC LEAF NUTRITION**

**MICRONIZED LIME GYPSUM**

**LAND CORRECTORS**

**Contact us** 082 452 8983 | 083 542 3106  
at@worldfocusagri.co.za

**www.worldfocusagri.co.za** Address: 9 Silver Crescent, Delmas, 2210



20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



DIERE  
ANIMALS

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

Algar, Molatek





NUUS



# VELE VEERASSE by NAMPO vanjaar

Jan Greyling en Hanlie du Plessis, SA Graan/Grain-medewerkers

**P**rodusente en veeliefhebbers kan met verwagting uit-sien na die NAMPO-veeprogram. Indien die natuur saamspeel en die veekudde teen die aanslae van ongewenste siektes beskerm bly, kan produsente en Oesdag-gangers soveel as maandelik van die land se klein- en grootveerasse by NAMPO 2023 verwag.

Volgens Wim Venter van Graan SA is die vooruitsig van soveel as maandelik veerasse by NAMPO vir seker een van hierdie jaar se hoogtepunte. "Verlede jaar het die voorkoms van bek-en-klouseer ons laat besluit dat dit nie verpligtend vir die rasgenootskappe was

om diere na die skou toe te bring nie, ondanks die feit dat die genootskappe steeds hul stalletjies moes beman. Tot dusver moet die diere egter wel almal gebring word."

Hoewel daar geringe aanpassings kan wees, sal die veeprogram weer 'n omvangryke verskeidenheid rasegte bees-, skaap-, vark-, bok- en perderasse insluit.

## Beeste

Vanaf Dinsdag 16 tot Vrydag 19 Mei sal 'n statiese vertoning van beerasse daaglik tussens 08:00 en 17:00 in die Yara Animal Nutrition-beeskompleks en in die PIC Pig-kompleks besigtig kan word.

Daar sal elke dag om 14:00 'n rasegte beerasbekendstellingsparade in die TAU Rollermeule-vee-arena agter die Yara Animal Nutrition-beeskompleks aangebied word.

Op Donderdag 18 Mei sal die interrasbeoordeling van grootvee ook hier gehou word.

Die ou bekende NAMPO-veilingkompleks agter die beeskompleks word deur die Wagyu-beestelersgenootskap gehuur en staan tydens NAMPO as Wagyu Huis bekend. Dit word nou eksklusief vir die Wagyu-beeras se ras- en produktuitstallings gebruik.

Volgens Elandri de Bruyn van die genootskap word 'n vol program daaglik vir besoekers daar aangebied. "Ons gaan ons beste diere hier uitstal. Dan vind daar daaglik met die samewerking van die NWU Besigheidskool en Agri Voice rasverwante paneelbesprekings in Wagyu Huis plaas. Ons verkoop saam met die goue Wagyu-borge heerlike biltong en droëwors en daar is Wagyu-burgers beskikbaar in vennootskap met NG Kerk Vierfontein-kiosk – Noordhek."







## Skape

Die skaaprogram behels onder meer die daaglikse stasiese toonvenster van wol- en vleisskaaprasse in die BKB-skaapkompleks. Daar sal ook elke dag om 11:00 en om 14:00 'n skaapskeer-, wolklas- en -hanteringsdemonstrasie gehou word.

Die BKB-skaapkompleks huisves die skaap-, bok- en varktelergenootskappe. Venter sê die skaapkompleks is reeds jare deel van NAMPO. BKB is egter die afgelope paar jaar die naamborg van dié uitstalsentrum.

Saam met die diere-uitstallings doen die teelgenootskappe ook rasbemarking vanuit die kantooruimtes. Die skaapskeerdemonstrasies word in die BKB-skaapkompleks aangebied. Volgens Venter mag niemand "wat belang het by kleinvee en by die bokrasse hierdie lokaal misloop nie".

## Perde

Perdeteelentoesiaste kan daaglik – vandat die hekke oopmaak tot sluitingstyd – 'n stasiese uitstalling van rasegte perde agter die BKB-skaapkompleks geniet. Besoekers wat die rasse van nader wil leer ken, kan elke dag van 15:00 af die rasegte perderasbekendstellingsparade in die vee-arena agter die Yara Animal Nutrition-beeskompleks bywoon.

*Die biosekuriteitsplan is eenvoudig en dit is maklik vir alle uitstallers of telers om te volg en daarby te hou*

Produsente en diereliefhebbers kan die TAU Rollermeule-parade-ring agter die PIC Pig-kompleks dophou vir vee-aktiwiteite. Dit is waar die daaglikse beerasbekendstellings gehou word nadat die ou ring langs die Nutri Feeds-saal in 2020 afgebreek is en die nuwe TAU Rollermeule-parade-ring gebou is.

Die ring is ook veral geskik vir perde-uitstallers se behoeftes. Die ou parade-ring-terrein is nou 'n uitstalruimte vir vee- en veeverwante uitstallers. Volgens Venter is die diere-uitstallers een van die talle hoogtepunte van NAMPO wat jaarliks derduisende besoekers, "veral ook stadsmense, wat nie elke dag diere van naby kan sien nie", lok.

## Biosekuriteitsplan

Bek-en-klouseer het dit verlede jaar byna reggekry om lewende hawe van ons landbouskou- en ekspo-programme te laat verdwyn.

Gelukkig is diegene wat betrokke is by die reël van hierdie skoue mense wat landbou ken en lief is vir die veebedryf. Hulle kon die gevaartekens vroegtydig raaksien en planne beraam. Alreeds in 2019 het die organiseerders van die vyf grootste landbougeleent-

hede in Suid-Afrika – NAMPO Oesdag, Bloemskou, die Royal-skou, NAMPO Kaap, NAMPO Alfa en Agri Expo koppe bymekaar gesit om 'n biosekuriteitstrategie uit te werk vir die betrokke tentoonstellings. Dr Danie Odendaal van Veearts Netwerk is gekontrakteer om 'n volledige biosekuriteitsplan op te stel. Daar is toe reeds besluit dat nie een van hierdie lewendehawetentoonstellings sou plaasvind indien die protokol nie ten strengste toegepas word nie.

Die biosekuriteitsplan is eenvoudig en dit is maklik vir alle uitstallers of telers om te volg en daarby te hou. Die sewe punte wat in die plan gelys word as die uitstallers/telers se verantwoordelikhede kom basies neer op goeie kuddebestuur en is as volg:

1. Alle beeste moet getoets en vry wees van beesbrusellose.
2. Beeste moet getoets en vry wees van beestuberkulose.
3. Bulle wat tydens die skou, ekspo of vertoning op 'n veiling aangebied word, moet getoets en vry wees van geslagsoordraagbare siektes.
4. Alle diere moet behandel en vry wees van uitwendige parasiete, spesifiek tekens van brandsiekte by skape.
5. Alle diere moet behandel en vry wees van inwendige parasiete.
6. Vir die uitskakeling van die risiko van bek-en-klouseer moet diere 'n kwarantyn tydperk van ten minste 28 dae op die plaas van herkoms deurgaan voordat hulle na die skou kan kom. Indien die diere binne 'n korter tydperk as 28 dae na 'n volgende skou of ekspo gaan, moet die daaglikse waarneming van bek-en-klouseer voortgesit en gedokumenteer word tot en met die volgende skou of ekspo. Hierdie observasie tesame met die 28 dae afteken van die vorige skou, moet ingedien word.
7. Alle diere moet jaarliks deur 'n veearts ondersoek word en vry wees van enige sigbare siektetekens.

Van die skou/ekspo/tentoonstelling word verwag om die volgende aksies in plek te stel:

- » Een week voor die aankoms van die eerste diere sal daar geen diere op die gronde wees nie.
- » Alle fasiliteite waarby diere betrokke is (stalle, aflaaiareas, wasareas), sal vooraf bespuit word met 'n algemene ontsmettingsmiddel wat veilig is vir diere.
- » Deurlopende skoonmaak terwyl diere op die gronde is, sluit die verwydering van mis en vuil hooi in.
- » Na afloop van die skou, ekspo of tentoonstelling sal alle vuil hooi, beddegoed en mis verwyder word, die areas gewas en weer met 'n algemene ontsmettingsmiddel wat veilig is vir diere, gespuit word.

Bennie Zaayman, bestuurder: NAMPO Park, het die fisiese strukture op die terrein aangepas sodat voertuie en sleepwaens behoorlik ontsmet kan word. Die terreinuitleg is so aangepas dat die diere se kontak met mekaar en die mense se direkte kontak met die diere beheer en bestuur kan word.

Telers en uitstallers kan nou met 'n geruste hart na hul deelname aan 2023 se NAMPO Oesdag, Bloemskou, Royal-skou, NAMPO Kaap, NAMPO Alfa en Agri Expo uitsien. ●





# Get better performance IN THE FEEDLOT

Dr Vlok Ferreira, Molatek

**B**reed is not a term generally used in a feedlot, as the focus is rather on the right type of animal according to specific market needs and circumstances. In general, the market prefers medium-frame types as the carcass handles a lot easier and because of the size of the cuts sold to the consumer. However, if deboned cuts are used, the focus will fall on large-frame, late maturing types.

The reason for this is that the meat-to-bone ratio is better, lowering the processing costs. These late maturing animals are also more profitable with a negative purchasing price and positive feeding margin. The mass at which animals are purchased is also important, as light calves less than 190 kg usually take a lot longer to adapt in

the feedlot regarding feeding and behaviour. Their ability to adapt can, however, be affected by frame type, age, and condition. Mass also plays a role when determining the purchase price, as the heavier the animal, the greater the interest liability. As heavier animals usually need a shorter period to finish, the mass added decreases and with a negative feeding margin it is more profitable to purchase heavier animals with a positive price margin.

Gender plays a role at purchase, as cows grow slower than bullocks and bullocks grow slower than bulls. Heifers are always discriminated against and the percentage heifers in a group are always reflected in the price. On average there are approximately 30% heifers in a feedlot. Castration is only performed on animals

that will develop male characteristics. Horns are clipped to prevent unnecessary injuries and especially bruising during marketing. Condition plays a role at purchase as it determines the duration of the feeding period directly.

Calves can be divided into three groups, namely fat, medium, and dry. The fatness of the calf determines the duration of his time in the feedlot. It is typically weaned calves that have fat on them that are sold to the feedlot. Newly weaned calves are often highly stressed and become sick easily as they have less resistance. Weaning time usually corresponds with the turn of the seasons and winter months which further exacerbates problems. If the calf has been weaned for two months already and is dry, the feedlot has an additional benefit with regards to compensatory growth.

There are certain points on the animal with which his condition score can be determined.

### The following are the most important:

- » Appearance of fat at the base of the tail;
- » thickening in the crotch that refers to fat deposits; and
- » appearance of fat deposits in the brisket area.

With quality, the focus falls on muscle development potential. The better the quality, the better the performance and the greater the profit per animal. It is important to note that good condition can on the surface appear to be muscles.

The following are places on a calf where a buyer can look for muscle development:

- » The appearance of the muscle on the bottom part of the upper leg, just above the knee. Very little fat appears here, even in fat animals.
- » The front stance of the animal. The wider the stance, the bigger the muscles.
- » The bone structure (thickness) of the animal. ●

\* For adaptation procedures and specific formulation needs contact your nearest Molatek salesperson.

### COMPLETE AND CAFETERIA STARTER DIETS

MIXING INSTRUCTIONS		LIGHT CALVES - <200 KG	COMPLETE STARTER					CAFETERIA	
			1	2	3	4	5	1	2
BEEF FAT 33+	kg	120	160	160	160	160	120	160	160
MAIZE/HOMINY CHOP (Prot. 75 g/kg)	kg	-	-	645	-	580	-	-	765
MAIZE/HOMINY CHOP (Prot. 85 g/kg)	kg	580	670	-	605	-	550	790	-
ROUGHAGE (Prot. 40 g/kg)	kg	200	120	120	120	120	80	Adlib	Adlib
MAIZE SILAGE	kg	-	-	-	-	-	300	-	-
MOLATEK BYPASS (V21556)	kg	100	50	75	75	100	50	50	75
MOLASSES MEAL (V7264)	kg	-	-	-	40	40	-	-	-
<b>TOTAL</b>	<b>kg</b>	<b>1 000</b>	<b>1 000</b>	<b>1 000</b>	<b>1 000</b>	<b>1 000</b>	<b>1 100</b>	<b>1 000</b>	<b>1 000</b>

### COMPLETE AND CAFETERIA FINISHING DIETS

MIXING INSTRUCTIONS		COMPLETE FINISHER				CAFETERIA		
		1	2	3	4	1	2	3
BEEF FAT 33+	kg	160	160	160	160	160	160	160
MOLASSES MEAL (V7264)	kg	-	-	-	-	-	-	80
MAIZE/HOMINY CHOP (Prot. 75 g/kg)	kg	-	720	-	-	-	815	-
MAIZE/HOMINY CHOP (Prot. 85 g/kg)	kg	730	-	50	620	840	-	-
CORN COB MEAL	kg	-	-	750	-	-	-	760
MAIZE SILAGE	kg	-	-	-	300	-	-	-
MOLATEK BYPASS (V21556)	kg	-	50	-	-	-	25	-
ROUGHAGE (Prot. 40 g/kg)	kg	120	120	-	50	Ad lib	Ad lib	-
<b>TOTAL</b>	<b>kg</b>	<b>1 010</b>	<b>1 050</b>	<b>960</b>	<b>1 130</b>	<b>1 000</b>	<b>1 000</b>	<b>1 000</b>

Figure 1 and 2: Complete and cafeteria beef fat 33+ diets for cattle.



VERBETERDE FORMULASIE

# BEESVET 33+

## LAAT JOU BEESTE EN JOU WINS SAAMGROEI!

Met Molatek se kundig geformuleerde proteïenkonsentraat, Beesvet 33+, is dit nie net jou vleisbeeste wat gaan spog met bultende spiere en massatoename nie ... ook jou beursie gaan bult met die ekstra wins.

- Ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename.
- Bevat 'n groeibevorderaar wat voeromset en groei stimuleer.
- Gebruik hoëgehalte, natuurlike proteïene wat volgens die aminosuurprofiel vir optimale karkasgroei gebalanseer word.
- Werk voedingsteurnisse en koksidiöse teen.
- Verseker maksimum wins.
- Geskik vir die afronding van bulle en skoubeeste.



PROTEÏEN-  
KONSENTRAAT

Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste, kontak:  
RCL FOODS: [www.rclfoods.com](http://www.rclfoods.com)  
MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | [www.molatek.co.za](http://www.molatek.co.za) | [molatek@rclfoods.com](mailto:molatek@rclfoods.com)  
Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)

**MOLATEK**





# NAMPO

## Gedenkmuur bring eer aan slagoffers

SA Graan/Grain-redaksie

**M**et amper 3 000 name van vermoorde produsente en hul geliefdes of plaaswerkers wat op die Muur van Herinnering op NAMPO Park gegraveer is, is dit duidelik waarom daar na dié muur as Suid-Afrika se “muur van tranes” of “moordmuur” verwys word. Die “moordmuur” is in 2019 uitgebou om plek te maak vir nog slagoffers se name en daar is sedertdien bykans 200 name bygevoeg.

Die inisiatief om 'n gedenkmuur op te rig as 'n versamelpunt vir name van slagoffers wat sedert 31 Mei 1961 in plaasaanvalle dood is, is in 1998 deur die Hennenman Boerevereniging van stapel gestuur. Hulle wou graag op hierdie wyse eer bring aan die slagoffers wat produsente en hul families asook plaaswerkers insluit.

Phil Minnaar, 'n bekende beeldhouer van Pretoria, het die standbeeld ontwerp. Daar is nege gedenkmure – vier links en vyf regs – wat die nege provinsies verteenwoordig. Elk van dié nege mure het 'n swart granietpaneel waarop die slagoffers se name aangebring word. Lyste word met die NAMPO Oesdag op die mure geplaas sodat nuwe gevalle deur familie of vriende daarop aangedui kan word. Sodra dié name geverifieer is, word dit ook op die swart granietblaaie gegraveer.

Familie en vriende van slagoffers word versoek om tydens hul besoek aan die 2023-NAMPO Oesdag te verseker dat die be-



Graan SA het tydens NAMPO verlede jaar 'n kranslegging by die gedenkmuur gehou.

sonderhede van slagoffers korrek is. Dit kan ook op die webtuiste, [www.muur.co.za](http://www.muur.co.za), nagegaan word. Regstellings of nuwe inligting wat die ooreenstemmende voorletters en van, ouderdom, die jaar waarin die persoon oorlede is, geslag, distrik asook die provinsie waar die aanval was insluit, kan per e-pos gestuur word na [henboer@gmail.com](mailto:henboer@gmail.com) of [moord@muur.co.za](mailto:moord@muur.co.za). ●



**ALGAR IND BK**  
Veehanteringstoerusting  
Livestock Handling Equipment

Selfaangedrewe  
JayLor  
mini-TMR-menger



[www.algar.co.za](http://www.algar.co.za)

082 324 6256

[algar@algar.co.za](mailto:algar@algar.co.za)

### PRODUKINLIGTING

## VEEHANTERING maklik gemaak

Charlotte Esterhuizen, Algar

**A**lgar Veehantering is op sy pos by NAMPO 2023 en ons is opgewonde om die skou saam met jou mee te maak. Soos altyd bied Algar 'n groot verskeidenheid produkte soos nek-en-lyfklampe, nekklampe, verstelbare gange en fuike tot selfaangedrewe voermengers. ●

Vind ons by staanplek G27 en sien hoe ons jou veehantering makliker en veiliger kan maak.

Algar se nek-en-lyfklampe sal weer by NAMPO te sien wees.





20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



GELDSAKE

& FINANSIËLE DIENSTE

MONEY

MATTERS & FINANCIAL SERVICES

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

Absa, Agnovate, AgriSeker, The Match Exchange, Sanlam, Santam Agri





**“We join  
hands to make  
agriculture work.”**

*- Andries Botha, Kareekrans.*

**We do more so you can.  
That's Africanacity.**

Authorised Financial Service Provider Registered Credit Provider Reg No NCRCP7



**Scan the QR  
code to watch this  
inspirational story**



# BUSINESS ECOSYSTEMS – why yours matter

Marlene Louw, Absa AgriBusiness

If the last two years have taught us anything, it is to expect the unexpected. The aftermath of the pandemic and subsequent geo-political disruptions have resulted in extreme volatility in global financial and commodity markets.

Supply chains are also in disarray which resulted in massive inflationary pressures, shortages and delivery time issues that affected the availability of certain products. Agriculture was not unscathed by this and these uncertain and volatile times have also highlighted the business fault lines not as apparent during times of stability and prosperity.

Our view is that stable long-term business relationships and partnerships are one of the few mitigating factors that businesses could draw on to navigate uncertain times. If we consider the last 24 months, there are certainly many examples of risk mitigation as a result of the leverage brought about through long-standing partnerships. Here we consider three examples pertinent to agricultural producers in South Africa.

## Uncertainty in fertiliser availability

Russia and its supporters like Belarus are key players in the global fertiliser market. After the invasion of Ukraine and the subsequent sanctions and logistical disruptions, there were extreme concerns about local fertiliser availability during 2022. Our market intelligence has shown that amidst this uncertainty, input firms managed sales by limiting panic buying and by ensuring that supplies to long-term customers, based on their long-term purchasing patterns, take preference.

## Limited shipping capacity

The above tendency was also apparent in shipping. Amid container shortages and delayed shipping times, long-term support through the consistent shipping of sufficient volumes was rewarded by shipping lines.

## The rise and fall of agricultural financiers

If we turn to finance, and agricultural finance specifically, there are examples of service providers that have ceased operations in agriculture or that have downscaled their agricultural finance significantly. This shows the value of choosing a financier that has a long

track record in agriculture and that understands cycles associated with the industry and its nuanced financing needs. In a commercial bank, long-term financing for agriculture can draw on the diverse sectors these banks engage in to generate capital and remain liquid. These models have stood the test of time, with agricultural financing in certain commercial banks running for more than a century. In contrast to this, and as mentioned above, the past two years have also shown us examples of alternative finance models, where liquidity and capitalisation issues have resulted in reduced funding capacity or certain newly established financiers exiting the industry.

*Stable long-term business relationships are one of the few mitigating factors that businesses draw on to navigate uncertain times*

Our experience is that in difficult times, partnerships, long-standing relationships, and communication between different value chain stakeholders are key. All stakeholders in the various nodes of the agricultural value chains stand to benefit from nurturing business relationships through time. At Absa AgriBusiness, we also implement these principles in our context and we are exceptionally proud of two of these examples.

This year marks the 25th year of Absa's relationship with the Pinotage Association. Not only has this partnership supported excellence in the South African wine sector, but it has contributed to the premiumisation of pinotage to make it one of the most profitable cultivars produced in South Africa – despite many challenges such as droughts and alcohol bans that the industry faced over the past decade. Another example is our 24-year partnership with the Bureau for Food and Agricultural Policy. Through this relationship, Absa AgriBusiness has gained valuable market intelligence which helped us to strategically position our business and offerings to our clients.

We believe in the power of partnerships and are also excited to extend this culture to the relationships with our clients. ●



# Bemarking is waar produsente wins kan verhoog

**Cobus van der Merwe, The Match Exchange**

**O**or baie eeue het handelaars besigheid gedoen tussen verskaffers (produsente) en verbruikers (kopers) van 'n verskeidenheid goedere en produkte wat hulle verhandel het. Groot name is in die geskiedenis opgeskryf. Dink maar aan Marco Polo wat vanaf 1271 'n handelsroete tussen Italië en China geskep het, beter bekend as die "Syroete". Nog 'n goeie voorbeeld is Vasco da Gama wat vanaf 1497 'n speseryroete langs die kus van Afrika gevestig het.

Die beginsel waarvolgens hierdie persone vir hulself welvaart geskep het, was eenvoudig – dié wat die produk besit het, het nie geweet van die persone wat die produk wil hê nie. Dié wat die produk gehad het, het ook nie geweet hoe om met die partye besigheid te doen wat die produkte wou koop nie.

*Ons tegnologie maak dit moontlik dat produsente permanent gekoppel word aan alle kopers wat moontlik in hulle oeste belangstel*

Ironies genoeg vergelyk die basiese eienskappe van graanverhandeling steeds goed met die omstandighede waarin Marco Polo en Vasco da Gama hulself bevind het. Produsente en finale kopers ken mekaar nie en weet ook nie hoe om met mekaar besigheid te doen nie. Produsente en kopers gebruik steeds vele tussengangers om mekaar te vind en om besigheid namens hulle te fasiliteer.

## Bly in verbinding met potensiële kopers

The Match Exchange (MX) gaan hierdie standaardmetodiek van handeldryf soos handomkeer verander. Ons tegnologie maak dit moontlik dat produsente permanent gekoppel word aan alle kopers wat moontlik in hulle oeste belangstel. Ons noem dit die magic van 'n MX Scout.

Die magic van 'n MX Scout word verder versterk deur 'n MX Lot. 'n MX Lot help om die tydsberekening tussen kopers en verkopers reg te kry, sodat kopers en verkopers wat in die mark is, gelyktydig van mekaar kan weet en met mekaar kan onderhandel.

Anders as Marco Polo en Vasco da Gama, is MX deursigtig met al die koste tussen pro-



Skandeer die QR-kode en kyk na ons video.




MX se geheime wapen, Anja Taljaard.

odusente en die finale koper. Ons staan ook ons gebruikers (subscribers) by om die transaksie tot finale uitvoering te bring. Hierdie hulp sluit in:

- » Versekering van betaling via ons vennoot G-Pay.
- » Fakturering van kopers namens produsente.
- » Betaling van produsente namens kopers.
- » Werwing van vervoer en koördinering daarvan.
- » Finansiering van goedgekeurde kopers. ●

Kom ontmoet vir Anja Taljaard by ons stalletjie in die NAMPO-saal (stalletjie 41). Anja is ons geheime wapen wat julle baie meer van MX sal vertel en ook aan ons makelaars gaan voorstel.



Maak die ketting korter met MX. Besoek ons webwerf by [www.matchmx.com](http://www.matchmx.com).






THE  
MATCH  
EXCHANGE

“MX bring die koper en die verkoper nader aan mekaar.”  
- Koos Blanckenberg, Klipheuwelplaas



Skandeer die QR-kode  
en maak kontak met  
een van ons makelaars.

[www.matchmx.com](http://www.matchmx.com)





# JONGMENSE

SIEN DIE TOEKOMS

*anders*



Die manier waarop **jongmense die toekoms sien**, spreek van positiwiteit – en van die keuse om in 'n nuwe tydsgreep relevant te wees. AgriSeker deel dié opgewondenheid oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika. Ons leuse is nie verniet **“n Seker Toekoms”** nie.

AgriSeker is gemotiveer om 'n bydrae te lewer tot die toekoms van ons land met 'n toegewyde fokus op landbou deur kennis, begrip en deelname in hierdie sektor. Ons fokus is op ons boere en jongmense, want ons het julle nodig vir die voortbestaan van landbou.

**Vra jou versekeringsmakelaar of vind ons aanlyn by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za)**





## HANDELSBANKE sorg vir GERIEFLIKE DIENS

SA Graan/Grain-redaksie

**D**aar word jaarliks gepoog om NAMPO Park op so 'n wyse in te rig dat dit vir besoekers so gerieflik as moontlik is. Dit geld ook om toegang tot kitsbanke te verseker wanneer daar kontant in die sak benodig word om te kan smul aan die lekkertes wat te ete en te drinke aangebied word of om 'n vinnige transaksie te kan beklink.

Voeg hierby die plat beursies van jou gesin wat ook graag dit wat NAMPO bied ten volle wil geniet, dan sal jy weldra jou weg moet vind na die outomatiese tellermasjiene wat voor die NAMPO-saal, langs die OFM-standplaas, sal staan. Hierdie diens word deur die vier groot handelsbanke, naamlik Absa, Standard Bank, Eerste Nasionale Bank en Nedbank, verskaf.

Met die oog op diegene wat oor meer gewigtige geldsake wil praat, sal hierdie vier banke, wat bekend is vir hulle diep wortels in die landbousektor, ook elkeen 'n uitstalling hê. Die uitstallings sal deur bankkonsultante beman word ten einde al die vrae te beantwoord rakende die nuutste inligting oor die finansiële dienste wat 'n produsent tot sy boerdery se voordeel kan aanwend. Dit is nie elke dag wat 'n produsent die geleentheid kry om geldsake midde-in die gemoedlike atmosfeer van 'n landbouskou met sy bank te bespreek nie.



Geldtrek is geen probleem op NAMPO Park nie.

Absa kan gevind word by standplaas B40, Standard Bank by standplaas A32, Eerste Nasionale Bank by standplaas B43 en Nedbank by die Roodebank Saadkompleks 1. ●



**DIE ENIGSTE DING WAT ONS BETER AS BOERDERY VERSTAAN IS HOE OM DIT TE VERSEKER.**

Boere en produsente lê Santam baie na aan die hart. Dis waarom ons grondige navorsing doen en 'n wetenskaplike benadering volg om al jou bates op en weg van die plaas af te beskerm. Dis net nóg 'n faset van ons **regte, egte versekering**.

Gaan na [santam.co.za/products/agriculture](http://santam.co.za/products/agriculture) of bel jou tussenganger vir meer inligting.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416), 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.







NUUS

# BAIE OM VAN TE KIES EN KEUR IN DIE SALE

SA Graan/Grain-redaksie

Omdat die NAMPO-terrein so groot is, is dit goed om jou inkopieroete vooruit te beplan om die meeste uit jou Oesdagbesoek te kry. Die items wat dames se belangstelling sal prikkel – klere, bykomstighede, juwele, huisversierings en ander mooi goed – word hoofsaaklik in die SAMPI-saal, SAMPI-anneks en Hopefield-saal uitgestal.

## Moenie met 'n leë maag inkopies doen nie

Maak 'n draai by die NAMPO Padstal, want hier is iets vir elke smaak. Dié met 'n soet tand kan peusel aan Ouma Rooi se sappige koeksisters, Mari's with love en Gourmet Fudge se tuisgemaakte botterfudge-lekkers en die heerlike aarbeie en room van Strawberries & Cream. Dié wat 'n minder soet happie verkies, kan aanklop by EAT Products vir tuisgemaakte souse, smere en konfyte. Goeie Geite-kaasprodukte en Timeless Tomatoes se tamatie-deliprodukte word ook hier gevind.

As jy gesonder snoepgoed verkies, kies uit Hillanddale Farm se droëvrugte, die gekaramelliseerde en gesoute neute van House of Nuts of Decana Droëvrugte se droëvrugte, neute, sade, meel en vrugtelekkers. Met Liefde se mengelmoes-deliprodukte is 'n ander bekende gesig wat hier gehuisves word. Probeer gerus hul grondboontjiebotter-roomyssous.

Vir die wat self lief is om te bak en brou, het Quattro Fratelli Foods ook 'n uitstalruimte vir pizza-oonde en toerusting. Raw Juice se kommersiële en industriële saptoerusting en Take 'n Bake se bosoonde, broodpanne, potbrode en braaipap hou hulle geselskap.



## Koop iets vir jouself

In die SAMPI-saal is XOXO Accessories 'n nuwe uitstaller wat bykomstighede vir elke geleentheid verkoop. Nuwe uitrustings is by van die gereelde uitstallers beskikbaar – Authentic Fashions, en Silhouette Imports. Studio Silver in die SAMPI-saal kan help as jy op soek is na silwerjuwele of varswaterpêrels.

Houtbykomstighede kan by Bez Creations aangepas word in die SAMPI-anneks waar Ruby Red Fashion ook klere en skoene vir dames en kinders uitstal. Meer informele bykomstighede is ook in die anneks beskikbaar by Net 'n Kameel wat juwele van keramiek, hout en 'n verskeidenheid metale maak asook Fabulous Fabric se materiaal- en houtkrale, sakke en vele meer items.







Charming Shoes is 'n nuwe uitstaller in die Hopefield-saal en hierdie plaaslik vervaardigde, handgemaakte skoene wat velles, aanglipsandale, hakskoene en wighakke insluit, gaan jou beslis na jou beursie laat gryp! Spatz se romantiese kantuitrustings en Hugo Flear Fashion Designs kuier saam in die Hopefield-saal. Silwerjuwele en varswaterpêrels kan by Jenna Clifford gekoop word. Die handgemaakte skoene en bykomstighede wat Mint en La Belle Chic uitstal sal verseker dat jy vol selfvertroue by 'n vertrek inloop.

## Bederf jou geliefde

Suid-Afrikaners hou van braai, so nuwe braai-toerusting is altyd 'n goeie geskenk vir die manne. Een van die nuwe uitstallers, Ace Braai, het draagbare vlekvrystaalbraaiers van hoë kwaliteit in hul uitstalruimte, A36, naby die Roodebank-saal. Ander geskenke vir braaiers kan gevind word by CAM Products and Accessories in die Liqui Moly-saal. Hierdie buiteligprodukte kan gebruik word vir braai in die agterplaas of by die kampeerterrein. Besoek Craft Braai se uitstalruimte by die NAMPO Padstal. Met die Craft Braai Bag™ kan jy jou vegetariese en veganistiese gaste bederf met gebraaide groente en vrugte – en selfs springmielies.

In die Nutri Feeds-saal bied Green Fire Eco Firelighters 'n bioafbreekbare produk vir omgewingsbewuste braaiers. Hierdie vuuraanstekers wat

in helder kleure beskikbaar is, moet eers 'n sekere temperatuur bereik voordat dit sal aansteek. Omdat dit 'n wasbasis het, kan dit gestoor word sonder die vrees dat dit sy vermoë om te ontbrand verloor. Die feit dat dit warmer brand is die rede om minder van die unieke produk te gebruik.

## Vier 'n nuwe begin

Vir vaal mure, kaal vloere en vervelige rakke in jou huis, het hierdie uitstallers 'n oplossing: In die Hopefield-saal kom kuier My Rugs vir die eerste keer op NAMPO Park met hul Persiese matte, terwyl Anatolian Carpet Gallery soos altyd op hul staanplek in die NAMPO-saal is.

Miemie Louw se kuns en geskenke is weer in die Hopefield-saal asook KOKA Lifestyle se huisware en Daschner Designs se metaalkuns. 'n Nuwe kunsuitstaller in die SAMPI-saal is The Showroom Art Gallery wat met verskeie kunstenaars se kunswerke en beeldhouwerk kom spog. Ander gereelde kunsuitstallers wat in die SAMPI-saal en SAMPI-anneks kuier, is Ken Maloney met sy driedimensionele spogstukke, At Fourie se staanhorlosies, die unieke rame by Jabu Frames en Marqwahouse Besondere Hartsgoed met hul hout- en keramiekware. ●



## Confidence Rule 19

**ALWAYS HAVE A PLAN A, AND B, AND C.**

**Sanlam respects how hard you work to ensure the success of your agricultural business. And we understand that you do it while facing challenges like fluctuating markets and unpredictable weather conditions.**

That's why we've designed a range of financial solutions that includes fiduciary services, investments, life cover, sickness and disability cover, business insurance and more.

So you can live with confidence, knowing that you're on track to securing a better financial future.

**Visit us at Nampo on 16 - 19 May 2023 at stand no 3 in the Santam hall.**

Financial Planning | Retirement | Insurance | Health | Investments | Wealth | Credit

Sanlam Life is a Licensed Life Insurer, Financial Services and Registered Credit Provider (NCRCP43)

**Sanlam**  
Live with confidence



# VERSEKER JOU GRONDVOG – 'n eerste in die land

Gideon Loubser, Agnovate

JG Shields, besturende  
direkteur van Agnovate.

**A**gnovate Versekering is 'n innoverende onderskrywingsagentskap in vennootskap met Guardrisk. Agnovate bied met trots aan 'n unieke versekeringsprodukt waarmee kliënte in Suid-Afrika hulle grondvog kan verseker.

## Wie is Agnovate Versekering?

Agnovate, gebaseer in Pretoria, is 'n gemagtigde finansiële-diensteverskaffer (FSP-nr 48802) wat sedert 2018 in samewerking met Guardrisk nuwe generasie versekeringsprodukte aan die Suid-Afrikaanse landbousektor bied. Agnovate strewende daarna om soveel as moontlik gebruik te maak van nuwe tegnologie om sy risikomodellering, monitering asook skadeberekening mee te doen. Agnovate maak verder gebruik van strategiese vennote om gespesialiseerde dienste en stelsels te verskaf wat help om hul visie en missie as tegnologieversekeraar en markontwrigter te kan uitleef. Nuwe generasie indeksgebaseerde versekeringsprodukte fokus daarop om die wisselvalligheid in die klimaat (wat lei tot sistemiese skade soos droogtestres, bestuivingsprobleme en versuiptoestande) te verskans.

## Waarom is grondvogversekering relevant?

Daar is twee verneme risikoperiodes gedurende die produksiesiklus van die meeste graangewasse, naamlik die plantperiode en die blom- en pitvulperiode.

In die geval van onvoldoende grondvog gedurende die plantperiode, lei gedwonge aanplantings vanuit die staanspoor dikwels tot 'n mislukte oes. Agnovate se grondvogversekering stel die versekerde kliënt en sy belanghebbendes in staat om aanplantings te staak, terwyl die polis sal vergoed vir insetkoste wat reeds aangegaan is en kontantvloei om die seisoen mee te oorbrug.

Tweedens korreleer beskikbare grondvog hoog met graanopbrengs. Die beskikbaarheid van grondvog is veral van deurslaggewende belang gedurende die blom- en pitvulperiode. Beskikbare grondvog word dikwels nadelig beïnvloed deur die alombekende midsomerdroogte wat kenmerkend is vanaf vroeg Januarie tot einde Maart in die somergewasproduksiestreke van Suid-Afrika. Met Agnovate se grondvogversekering kan 'n versekerde kliënt dekking uitneem teen 'n tekort aan grondvog gedurende 'n risikoperiode wat hy self kies op grond van geskiedkundige tendense in sy streek.

## Hoe werk grondvogversekering?

Agnovate maak gebruik van grondvogdata wat verskaf word deur die Copernicus-program van die Europese Ruimte-agentskap. Grondvogdata word verskaf per ruitblok van 0,1 grade breedtegraad/lengtegraad (nagenoeg 10 km x 11 km) vir verskeie grond-dieptes, byvoorbeeld 20 cm, 40 cm en 60 cm, in 'n frekwensie van tien dae. Elke ruitblok staan bekend as 'n risiko-area. Agnovate ontleed en verwerk die langtermyn- historiese grondvogdata van elke ruitblok om die historiese norm van die grondvog in die ruitblok te bepaal. Sodoende word die wisselvalligheid van die grondvog in die ruitblok en die gevolglike risikoprofiel bereken. Dekking tree



in sodra die afwyking in grondvog gedurende 'n gekose risikoperiode groter is as die standaardafwyking soos deur die polis se parameters bepaal word. Agnovate monitor die grondvogstatus deurlopend en stel elke tien dae 'n verslag vir elke ruitblok bekend. Sodoende word die versekerde deurlopend op hoogte gehou van die grondvogstatus in sy risiko-area gedurende sy risikoperiode.

'n Unieke kwotasietoepassing is beskikbaar op Agnovate se webtuiste ([www.agnovateinsurance.co.za](http://www.agnovateinsurance.co.za)). Hierdie toepassing maak dit moontlik vir 'n versekerde kliënt om sy eie riglynkwasie te genereer. Verskeie dekkingsopsies bestaan wat die versekerde kliënt in staat stel om sy polis aan te pas by sy bekostigbaarheid en sy unieke finansiële profiel.

Alhoewel daar 'n sterk korrelasie tussen grondvog en graanopbrengs bestaan, is dit belangrik om te verstaan dat Agnovate se grondvogversekering slegs 'n afwyking in grondvog verseker en nie die versekerde kliënt se opbrengs dek nie. ●

*Vinnige herstel, minder onsekerheid, meer sekuriteit!  
Kontak ons gerus vir meer inligting.*



20  
23

INNOVERENDE LANDBOU

AGRICULTURE INNOVATED

NAMPO

OESDAG/HARVEST DAY



LANDBOU-  
ALGEMEEN

AGRI GENERAL

ADVERTEERDERS • ADVERTISERS

AFGRI, Hi-Tec, HumanRx, NWU, Omnia, Outland Distributors, Safari Outdoor, Speck Pumps





**SAFARI  
OUTDOOR**

Vir die eerste keer...

# BESOEK ONS BY NAMPO!

16 -19 MEI 2023

Grain SA | Grain SA  
**NAMPO**  
OESDAG / HARVEST DAY  
ROTHAVILLE

## WYDSTE REEKS

Ons het die **grootste verskeidenheid** van jag- en buiteleweprodukte wat aan elke jagter, boer of natuurliefhebber se vereistes voldoen.

## BULRY-KOMPETISIE

*Buckle up* en sluit aan by ons **bull-riding** stasie vir 'n wilde rit. Daar is **hope pryse om te wen** vir diegene wat hulle sout werd is op die meganiese bul. Inskrywingsfooi net R100.



## SKYFSKIET-DOOLHOF

Kom stel jou vaardighede op die proef by ons **opwindende skietbaan** in die vorm van 'n **doolhof (maze)** met die populêre **Byrna-selfverdediging-lugpistool!**

Ons het **6PAY** as 'n rentevrye afbetalingsooreenkoms beskikbaar vir enige vuurwapens of optiese toerusting wat meer as R5 000 werd is.

**JOHANNESBURG**  
086 114 3545

**PRETORIA**  
086 122 2269

**STELLENBOSCH**  
086 111 4330

**OOS-RAND**  
086 100 0071

**WES-RAND**  
086 111 4324

**NELSPRUIT**  
013 813 5500

Volg ons op sosiale media



webwerf [www.so.co.za](http://www.so.co.za)



# 'n Moeitewerd bestemming vir BUITELEWE EN AVONTUUR

Verskaf deur **Safari Outdoor**

**V**ir Safari Outdoor pas die NAMPO Oesdag soos 'n handskoen, want 'n buiteleweskou wat plaas, jag en safari insluit, is so reg in ons kraal. NAMPO is dié plek om vir produsente te wys watter gehalteprodukte ons lewer wat die lewe van die boeregemeenskap kan verbeter en vergemaklik.

Safari Outdoor was vir baie jare deel van ander buiteligskoue, maar dit was meer gemik op jagters. Tog is dit hier waar talle produsente die saadjie geplant het dat ons moet deel raak van NAMPO.

Produsente en die boeregemeenskap lê ons baie na aan die hart. Ons het juis so baie produkte gemik op die produsent se behoeftes. Daar is produkte vir elke geleentheid: van buitelewe-avonture tot jagnaweke, dag-tot-dag-plaasuitdagings en visvanguitstappies.

## Wat bied ons die besoeker aan NAMPO?

Safari Outdoor beplan verskeie spesiale aanbiedinge vir Oesdagangere. Daar sal 'n groot en diverse reeks produkte beskikbaar wees – van teleskope, verkykers, nagsigtoerusting, toerusting vir die beveiliging van plase, 'n wye reeks vuurwapens (soos jaggewere, haelgewere, pistole) en messe tot klere, skoene en vele meer.

*Bull riding* is nie net vir Amerikaners beskore nie. Nee, by NAMPO kan jy *bull riding* op 'n meganiese bul by ons stalletjie doen. Staan 'n kans om met 'n Leupold-of Hornady-keppie ter waarde van R600 elk weg te stap. Moenie laat slaap nie! 'n Kaartjie beloop slegs R100 per keer – kom wys jou staal en uithou vermoë! Dit belowe om uitstekende vermaak vir almal te verskaf.

Met so baie om te sien en doen is 'n *pitstop* by Safari Outdoor 'n móët.

## Wat maak ons anders?

Safari Outdoor is bekend as die grootste jag- en safarikettingwinkel in Suid-Afrika. Bo en behalwe die verskeidenheid produkte en betroubare handelsmerke wat ons huisves, is ons verkoops- en ander personeel opgeleide kenners in die veld. Wanneer jy onseker is oor 'n produk of raad verlang, is hulle die kundiges om te raadpleeg.

Waarde vir geld en produkte van goeie gehalte is Safari Outdoor se leuse. Daar is ook 'n afbetaalopsie deur 6Pay. Al wat jy hoef te doen, is om 20%-deposito te betaal en daarna kan die produk in ses gelyke paaiemente afbetaal word, sonder rente. Dit is 'n ideale oplossing vir diegene wat al lank een van ons hoëgehalteprodukte op hul wenslys het.

## Ons hart klop boer

Elke Suid-Afrikaner ken die uitdagings wat produsente moet trotseer. Sonder om die reg in eie hande te neem, bied Safari Outdoor opsies wat boeregemeenskappe kan beveilig en bemagtig. 'n Gunsteling onder produsente is die Byrna-handelsmerk – 'n semi-outomatiese selfverdedigingspistool wat peper- of harde balletjies kan skiet. Dis een van die produkte wat beskikbaar sal wees



Safari Outdoor: die grootste jag- en safarikettingwinkel in die land.

by NAMPO en spesifiek gemik is daarop om te verseker dat produsente met gerustheid kan boer en die plaaslewe geniet. Die goeie nuus? Geen lisensie is nodig daarvoor nie en die produk is dadelik joune. Hard genoeg om die gevaar af te weer, maar simplisties genoeg dat enige volwassene dit kan hanteer. By NAMPO gaan ons ook 'n Byrna-skyfskietdoolhof hê. Kom stel jou vaardighede op die proef by ons opwindende skietbaan in die vorm van 'n doolhof en toets self hierdie populêre Byrna-selfverdedigingslugpistool.

## Van kliënte tot vriende

Safari Outdoor wil 'n huishoudelike naam wees op jou plaas en produsente bystaan met raad, gehaltesdiens en -produkte. As die plaas- en buitelewe jou hartklop is, is ons stalletjie vir jou bedoel. Ons nooi jou uit om te kom groet – maak 'n draai, beloer ons produkte en neem deel aan die verskillende aktiwiteite wat by die stalletjie aan die gang is. ●





NUUS

NAMPO



# INTERNASIONALE UITSTALLERS slaan weer penne in by NAMPO

SA Graan/Grain-redaksie

**B**esoekers gaan weer die voorreg hê om tydens die NAMPO Oesdag in Bothaville skouers te skuur met internasionale uitstallers van verskillende dele van die wêreld. Sodoende sal daar dus eerstehands weer op hoogte gekom kan word van hoe nuwe landboumasjinerie, tegnologie en landboumetodes suksesvol op ander kontinente aangewend word.

By NAMPO 2023 sal daar pawiljoene wees wat onder meer Frankryk, Brasilië, Argentinië, Amerika en die Verenigde Koninkryk verteenwoordig asook 'n inligtingsuitstalling deur die Duitse Federale Ministerie van Voedsel en Landbou. Die uiteenlopendheid en hoë standaard van hierdie uitstallings blyk altyd 'n gewilde trekpleister vir besoekers te wees.

By die Franse pawiljoen sal gasprodusente meer kan uitvind oor hoe plaaslik geproduseerde gars as grondstof vir moutproduksie gebruik word deur 'n draai te gaan maak by Soufflet Malt SA se uitstalling. Sy Franse landgenoot, Maf Roda SA, gaan op sy beurt regstaan met die nuutste inligting oor die ontwikkeling en vervaardiging van vervoerbande vir die gradering, elektroniese sortering en verpakking van vars vrugte en groente. Die internasionaal bekende spesialismaatskappy in die behandeling van afvalwater, die produksie van drinkwater en industriële waterherwinning, SNF SA, gaan ook sy plek by die Franse pawiljoen inneem.

As een van die grootste vervaardigers van plaasmasjinerie in Argentinië, sal Apache groot belangstelling by Oesdaggers ontlok by dié land se pawiljoen. Vir die landbouers wat vrae het oor onderdele vir voermasjiene, sal die kundiges van die Argentynse maatskappy Agropartes ook regstaan om antwoorde te gee. Daar is verder 'n geleentheid om van die moderne Mainero-landbou-

masjinerie wat wêreldwyd vanuit Argentinië versprei word, van nader te bekyk.

Dit gaan beslis ook gons by die Brasiliaanse pawiljoen. Melkprodusente moet vir seker die uitstalling van Refribrasil Industria E Comercio, wat spesialiseer in 'n omvattende reeks produkte vir melkboerdery, besoek. Die drie Brasiliaanse maatskappye – Baldan Implementos Agrícolas SA, Geraldo N. Recktenwald E Cia en Inroda Industria De Rocadeiras Desbravador Avare – gaan gewis ook nie terugstaan nie, danksy hulle onderskeie reekse masjinerie vir landbouproduksie. Verder sal verteenwoordigers van Kepler Weber Industrial SA probleemoplossings vir die silobedryf kan bied aan die hand van

hulle uitgebreide silotoerusting.

US Commercial Service sal die Amerikaanse pawiljoen op standplaas E26b huisves.

Maar nog is dit nie die einde van die teenwoordigheid van interessante, internasionale uitstallers nie. By die Verenigde Koninkryk se pawiljoen sal daar kopstukke gesels kan word oor die voordele van die maatskappy Contec Global Agro

se biokunsmis, bioplaggdoders en biosimulante. Die maatskappy Stocks, wat bekend is vir sy vervaardiging van spesialiswiele, sal ook sy nuutste verskeidenheid nou- of rygewaswiele en bande bekendstel. AFT Trenchers gaan op sy beurt van die geleentheid gebruik maak om sy slootgrawers vir die aanwending van dreinerings- en besproeiingsprojekte te bemark.

Die goeie nuus is dat daar egter nog verskeie ander internasionale uitstallers by die onderskeie pawiljoene sal wees. Maak dus seker dat jy al die buitelandse uitstallers by NAMPO met 'n stewige boerehanddruk gaan groet, want wie weet ... die oplossing vir daardie knaende probleem op die plaas of in jou bedryf mag dalk net van oor die blou waters kom. ●

*Die uiteenlopendheid en hoë standaard van hierdie uitstallings blyk altyd 'n gewilde trekpleister vir besoekers te wees*





# Effective solutions needed to ensure agricultural growth

Bertie Jacobs, North-West University

South Africa is dipping its toes into a recession, and the continued decline of parastatals such as Eskom and Transnet is escalating the country's economic woes. One of the many sectors facing suffocating constraints is also one of the most important ones: agriculture.

The North-West University (NWU), through various initiatives such as a recently signed memorandum of understanding between the university and the North West Department of Agriculture and Rural Development (representing the Potchefstroom College of Agriculture and the Taung Agricultural College) that is aimed at offering a framework for cooperation, is committed to finding solutions to the problems that our agricultural sector faces.

## Agriculture is key

'A healthy, thriving agricultural sector is of paramount importance to the current and future prosperity of the country,' says Prof Bismark Tyobeka, principal and vice-chancellor of the NWU.

'Food security, or rather food insecurity, is a global problem. The NWU's Faculty of Natural and Agricultural Sciences has nationally and internationally rated researchers who are working with stakeholders across the country to help grow the agricultural and agro-

processing sectors to optimise opportunities for food production, storage and distribution.'

To add to the escalating dilemma, the South African Veterinary Council (SAVC) has reported that South Africa is facing a dire shortage of veterinary professionals, partly because there are limited institutions that offer full training for veterinarians. Prof Tyobeka explains: 'According to the South African Veterinary Council, the number of registered veterinarians in South Africa dropped from 3 718 in 2020 to 3 483 in 2021. This is reportedly the reason we are relying on veterinarians from neighbouring countries. Of course, this situation is a threat to our food security and production. This is an opportunity for us to explore the growth of our animal health programmes and to establish a School of Veterinary Sciences that can cover the North West, Northern Cape, Free State and parts of Gauteng.'

He foresees that the university's partnerships with the agricultural sector will continue to go from strength to strength: 'On my own behalf and on the behalf of the NWU, I would like to thank the agricultural sector for delivering what can only be described as an indispensable service to the country. Your toil and sweat, your dedication and expertise are the lifeblood of our country. You will always be able to count on our support.' ●



**“For a prosperous future, agriculture needs to thrive”**

**– Prof Bismark Tyobeka**





# Durf die koue aan MET DIÉ KLEREREKES

**Andrea Engelbrecht, Hi-Tec**

**H**i-Tec, 'n leier in buitelewe- en sportskoene en -klere, lewer al vir 49 jaar kwaliteitvakmanskap in alles wat hulle doen.

Vanjaar, soos elke jaar by NAMPO, gaan Hi-Tec feesgangers se verwagtinge oortref. Die Hi-Tec-stalletjie in die Santam-saal sal buite hul staatkamer-skoene en 'n wye reeks klere teen billike pryse, iets beskikbaar hê wat in elkeen se smaak val.

Hi-Tec se nuwe reeks geïsoleerde baadjies is iets wat besoekers opgewonde sal maak. Dit bied die perfekte beskerming teen die winterkoue en kan gemeng en gepas word met enigiets in jou klerekas. Elke baadjie is gevul met 100% herwinde poliëster wat van 26 bottels gemaak is. Repreve-tegnologie is 'n unieke veselagtige materiaal wat betroubaar en duursaam is. Vir mans is die Emin-reeks en vir vroue die Vandi-opsies beskikbaar. Hierdie is moderne, modieuse dog gemaklike, warm baadjies; maak nie saak waar jou avontuur jou neem nie.

*Elke baadjie is gevul met 100% herwinde poliëster wat van 26 bottels gemaak is*

Die volhoubare Repreve-tegnologie eindig nie by Hi-Tec se baadjies nie – die handelsmerk het dié tegnologie ook in hul buiteleweskoene gebruik. Die V-Lite Psych is in 2022 bekendgestel en het wêreldwyd baie goeie resensies ontvang. Dit beskik oor 'n merkwaardige waterdigte vermoë en die ligte materiaal maak dit



**Hi-Tec se nuwe reeks geïsoleerde baadjies vir mans en vroue.**

'n gewilde opsie. Dié stapskoene is nie net funksioneel nie, maar ook ontwerp volgens die jongste modeneigings en kleure.

Verder kan mans en vroue op die uitkyk wees vir die nuwe GEO-skoenreks wat in enkel- en stewel-hoogte beskikbaar is, asook Hi-Tec se gewildste verkoper, die Altitude V, 'n gunsteling en staatkamer tydens die fees.

Kom vier fees op die Hi-Tec-manier tydens NAMPO in die Santam-saal by stalletjies 10 en 11. ●



## Vroueprogram 2023

# Dorings bederf die rose in die groot wit tent

SA Graan/Grain-redaksie

'n Kleurvolle program is spesiaal ontwerp vir die skoner geslag in GL Events se groot wit tent op NAMPO Park. Dié bekende lokaal waar die program vir die vroulike geslag jaarliks aangebied word, skuif egter nou na 'n nuwe staanplek – die area agter Absa en die SAMPI-saal.

M4 Events het dit goed gedink om drie manne te nooi om die dames op NAMPO Park te kom bederf met sang, mooimaaksessies en heerlike resepte.

### Kom proe kleur in die kombuis

In 2013 het Tiaan Langenegger en Mynhardt Joubert koning gekraai in die eerste Kokkedoor-kombuis. Mynhardt was toe 'n "onthoukok", maar het intussen naam gemaak as een van die land se topsjefs. Mynhardt's Cathedral Cellar Kitchen in die Paarl is 'n gesogte eetplek waar eksklusiewe disse keurig voorgesit word. Die gebou dateer uit die 1930's toe dit in KWV se hoofkelder omskep is. Van die grootste handgekerfde wynvate ter wêreld word hier uitgestal.

Kleur het nog altyd 'n geweldig groot rol in Mynhardt se lewe gespeel omdat daar volgens hom soveel inspirasie en gevoel uit elke verskillende skakering vloei. Dit beïnvloed sy denkwyse en kreatiwiteit. Kleur is vir hom ook 'n lekker vertrekpunt vir idees vir sy disse en tafelversierings.

Hy bring vier kleurskemas na die wit tent wat as inspirasie sal dien vir die disse en tafelversiering. Disse wat voorgesit word, kom uit sy kookboek, *My Stasie Straat Kombuis*. Kom kuier gerus saam en proe aan hierdie kleure op Mynhardt se tafel:

**Groen:** Die winters in die Vrystaat op die grens van Lesotho waar Mynhardt grootgeword het, was fel en vaal. Die eerste gewaarwording van groen in die lente was dus vir hom altyd opwindend. Daar is ook met aspersies geboer en daarom beland die eerste groen aspersies van elke seisoen nog elke jaar op sy spyskaarte. Groen is vir hom die kleur van vooruitgang en rus.

**Rooi en blou:** Rooi en blou stuur Mynhardt se gedagtes op 'n verbeeldingsreis na die suide van Frankryk, 'n Turkse mark en die Italiaanse platteland. Hy kies graag temas met rooi kos wat op blou borde bedien word.

## NAMPO-vroueprogram 16 - 19 Mei 2023

DATUM	DAG	TYD	PROGRAM
16 Mei	Dinsdag	09:30	Verwelkoming Chris Else open met lied en gebed
		09:45	Mynhardt Joubert: Groen
		11:00	Chris Else: Sang en inspirasie
		11:45	Willem Botha: Mooimaaksessie
17 Mei	Woensdag	09:30	Verwelkoming Chris Else open met lied en gebed
		09:45	Mynhardt Joubert: Rooi en blou
		11:00	Chris Else: Sang en inspirasie
		11:45	Willem Botha: Mooimaaksessie
18 Mei	Donderdag	09:30	Verwelkoming Chris Else open met lied en gebed
		09:45	Mynhardt Joubert: Goudgeel
		11:00	Chris Else: Sang en inspirasie
		11:45	Willem Botha: Mooimaaksessie
19 Mei	Vrydag	09:30	Verwelkoming Chris Else open met lied en gebed
		09:45	Mynhardt Joubert: Swart en bruin
		11:00	Chris Else: Sang en inspirasie
		11:45	Willem Botha: Mooimaaksessie

**Goudgeel:** Daar is niks wat by 'n goudgeel sonneblomland onder 'n potblou lug kan kers vashou nie. Die kleur en smaak van soetmielies is iets wat diep in Mynhardt gewortel is. Hy glo dat daar 'n reuseverskeidenheid disse is wat met geel groente, souse en speserye voorberei kan word. Hy kombineer geel met aardse kleure om dit te laat uitstaan. ➤



Chris Else



Mynhardt Joubert



Willem Botha





NUUS

# NAMPO

## < DORINGS BEDERF DIE ROSE...

**Swart en bruin:** Tydens 'n besoek aan Moskou het hy 'n restaurant besoek met dié kleurkombinasie. Die hele kombuis het uit gegote swartysterhoutstowe bestaan en die res was oortrek met hout en groen mos wat teen pale uitgegroeï het. Daar is soveel wat gedoen kan word met swart en bruin – swart, ou kombuispanne, houttafels, bruin uitgewasde linne, swart eetgerei en geroosterde koffiebone.

### 'n Fluweelstem wat inspireer

Chris Else is veral bekend vir sy country- en geestelike liedjies, maar hy gaan gaste by die Oesdag met 'n verskeidenheid van musiek vermaak. Hy skryf baie van sy eie liedjies – woorde wat uit die hart kom en 'n storie vertel. Hy tree gereeld by feeste op en met sy diep stem en nederigheid het die jong man vinnig onder oud en jonk gewild geraak. Chris spog ook reeds met 'n goue album. Hy het in die grendeltyd aanlyn konserte aangebied wat so gewild was dat hy dit steeds gereeld op Sondag-aande doen. Hy het al 'n paar country-albums op sy kerfstok en sy eerste geestelike album het ook onlangs die lig gesien.

### Word die beste (en mooiste) jy

Willem Botha wat in Riversdal in die Overberge grootgeword het, het in 2006 ernstig met sy musiekloopbaan begin toe hy 'n tweede plek behaal het in die eerste Afrikaanse *Idols*-kompetisie. Hy het in 2013 geskiedenis gemaak in Europa toe hy die eerste Afrikaanse kunstenaar geword het wat deelgeneem het aan die Eurovision Song

Contest. Hy was deel van die span van Belarus wat tot in die finale gevorder het. Wanneer hy kans kry, gaan ontspan hy steeds op hulle familieplaas en ruim hy tyd in om perd te ry, want hy is immers 'n Springbok-ruiter.

Country-musiek was nog altyd een van sy groot liefdes omdat hy daarvan hou dat dit 'n storie vertel. Dit het natuurlik ook 'n groot invloed gehad op sy eie styl en aanslag. Willem vier reeds sy vyftiende jaar in die bedryf as sanger, akteur en TV-aanbieder. Sy veelsydige stem, aansteeklike verhoogpersoonlikheid en die passie waarmee hy elke aspek van sy loopbaan benader, het vir hom 'n stewige plek in die Suid-Afrikaanse mark gevestig.

Deesdae is dit egter veral sy fotografie en grimeerkuns wat die besprekings laat instroom. Aan die einde van 2020 het hy kragte saamgesnoer met die gewilde internasionale grimeringreeks, MUD, om landswyde meesterklasse in grimeerkuns aan te bied. Hy het intussen sy eie grimeringreeks, Willem Botha Beauty, die lig laat sien.

### Borge

Sonder borge sal die Vroue-program beslis nie kan plaasvind nie. 'n Besondere woord van dank aan die volgende instansies: AFGRI (hoofborg van die Vroue-program), Midas, Graan SA, M4 Events wat die programmeëlings hanteer en GL Events wat die tent vir die duur van die Oesdag beskikbaar stel. ●



[www.humanrx.co.za](http://www.humanrx.co.za)

✉ [lynn@humanrx.co.za](mailto:lynn@humanrx.co.za) ☎ +27(0)721846333

HumanRx is 'n konsultasie- en maatskappy wat skaalbare menslike-hulpbronneplossings aan kliënte bied, spesifiek aangepas by individuele kliëntbehoefes.

- Menslikehulpbrondienste
- Betaalstelsel
- Arbeidsverhoudinge
- Posprofiel
- Posgradering
- Organisasie-ontwerp
- Organisasiestrukture
- Loopbaankeuse-opleiding
- Werwing
- Assesseringsprestasiestuur



PRODUKINLIGTING

## 'n Gereedskapstel vir arbeidsake op die plaas

Lynn Louw, HumanRx

**S**uid-Afrika het gedetailleerde arbeidswetgewing wat die reg op billike arbeidspraktyke beheer, en Sektorale Vasstelling 13 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes verwys spesifiek na plaaswerkers in Suid-Afrika.

Produsente het nie noodwendig die ondersteuning van 'n menslikehulpbron- (HR-)span soos korporatiewe maatskappye nie, en is dus dalk nie altyd vertrou met die moens van die wetgewing nie.

HumanRx het ten doel om produsente landswyd te bemagtig deur te help met 'n gereedskapstel vir arbeidsverhoudinge wat al die nodige inligting bevat om hulle te ondersteun, soos dienskontrakte, posbeskrywings, beleide, prosedures, vorms, template, inligtingsmateriaal, tutorialvideo's, vinnige verwysingsgidse en 'n dissiplinêre kode. Dit poog om produsente te beskerm teen:

- » lang, uitgerekte CCMA-verrigtinge;
- » duur prokureursfooie; en
- » vereffeningskoste vir werknemers. ●

Besoek ons by NAMPO tussen 16 en 19 Mei 2023 vir meer inligting hieroor (NAMPO-saal, stalletjie 120).





20  
23

NAMPO

PRODUCT INFORMATION

# A reliable and practical choice

Nerisha Lakha, Outland Distributors

**A**ustralian Redback boots are a popular choice for those who need durable, comfortable, and safe footwear. These boots are made by the Australian company, Redback Boots, which has been in business since the 1920s.

One of the key features of Redback boots is their construction. They are made with high-quality materials, such as full-grain leather and oil-resistant rubber, which provide excellent durability and protection from the elements. They are designed to be comfortable, with features such as cushioned insoles and breathable lining.

In addition to their practical features, Redback boots are also comfortable to wear. They have a padded collar and tongue that help to cushion the ankle and provide support. The boots are also designed to be lightweight and flexible, reducing fatigue and allowing the wearer to move more easily.

These safety features make Redback boots a popular choice for a wide range of industries, including mining, construction, and agriculture. They are also popular among tradespeople, such as electricians and plumbers, who need to work in potentially hazardous environments.

Overall, Australian Redback boots are a reliable and practical choice for anyone who needs a sturdy and comfortable work boot. They are designed to withstand tough working conditions and provide the wearer with the support and protection they need to get the job done safely and comfortably.

Redback boots will be available at the NAMPO Harvest Day. ●



Go to [www.redback.co.za](http://www.redback.co.za) for more information.

The Redback Bobcat boot.



## FOOTSMART TECHNOLOGY FROM DOWN UNDER

# R2899



PULL-ON LOOPS

UNIQUE HEEL REINFORCEMENT

SUPPORT SYSTEM

UNRIVALLED TOUGH SOLE

FULL-GRAIN, TOUGHER, MORE SUPPLE LEATHER

FOOT SMART DESIGN

ANATOMIC SUPPORT

FOOTBED INSULATION

Available at the Nampo show as well as leading retailers such as Trappers, Kaap Agri, Expedition North, Safari Outdoor & Overland.

[www.redback.co.za](http://www.redback.co.za)





NUUS

# Bespreek nou vir *lekker bly*

SA Graan/Grain-redaksie

Indien jy nie tydens NAMPO by familie of vriende kan oorbly nie, bied NAMPO en Bothaville Info die opsie van verblyf in gastehuse, die tentehotel of die karavaanpark.

## Gastehuse

Bothaville Info se Hanlie Mouton en haar span is gerat en gereed om besoekers van heinde en verre tuis te laat voel. "Ons reeks gastehuse en -kamers is opnuut gegradeer en goedgekeur en vanaf einde verlede jaar bevestig ons al besprekings van gereelde uitstallers en besoekers."

Mouton sê die gastehuisprojek het so gewild geword dat aangrensende dorpe betrokke geraak het.

"Ons is dankbaar om jaarliks nuwe deelnemende gastehuse se aansoeke te ontvang en besoek elke jaar alle deelnemende gastehuse en -kamers vir gradering, wat by [www.bothaville.info](http://www.bothaville.info) onder *Where to Stay* gesien kan word."

Graderings is "gemiddeld", "goed" of "uitstekend". Daarvolgens word blyplekke in Groen Mielie-, Geel Mielie-, Wit Mielie- of Goue Mielie-graderings ingedeel. Gastehuisgradering word in Bothaville en so ver soos Orkney, Wesselsbron, Kroonstad, Welkom en selfs Potchefstroom gedoen.

Mouton sê luuksheid, en suite-badkamers, privaatheid en gradering bepaal tariewe. "Gradering verswak wanneer te veel gaste een badkamer moet deel. Goeie, voltydse gastehuse met en suite- of privaat badkamers per kamer kry gewoonlik 'n Goue Mielie-gradering.

Sy beaam dat gasteplase naby NAMPO Park duurder is weens die afstandgerief na die park toe. Gaste reis self NAMPO toe en terug, maar die Mieliehop-pendeldiens kan ook vanaf die park na blyplekke toe gebruik word. Gaste kan dan uit verskillende gradeerings kies om by hulle persoonlike smaak en sak te pas.

Volgens Mouton ontvang hulle jaarliks besoekers vanuit alle uithoeke van die wêreld wat tydens die NAMPO-week hartlike Vrystaatse gasvryheid beleef wanneer hulle in die huise en by eetkamertafels van gastehuse kuier.

"Besoekers kry geleentheid om te rus, maar ook 'n lekker bord kos, warm bad of stort, en die gasvryheid en vriendelikheid van ons plaaslike gemeenskap.

"Bothaville Info is die sentrale besprekingskantoor. Dit is geriefliker vir gaste. Huis- en kamereienaars adverteer nie self nie," sê Mouton.

**Bespreekings:** Hanlie Mouton – 056 515 3042/082 396 7556 of [hanlie@bothaville.info](mailto:hanlie@bothaville.info). Besoek [www.bothaville.info](http://www.bothaville.info).



## Chiefs-tentehotel

Die belangstelling in die stylvolle tentehotel by NAMPO Park word net jaar na jaar meer. Dit het 'n hek wat gerieflike toegang bied tot die NAMPO Oesdag, sonder bykomende brandstofverbruik of verkeersopeenhopings. Dié tentehotel by die Noordhek word deur Chiefs Tented Camps bestuur.

Besoekers kan kies tussen boog- of langwerpige tente. Dit is in beide gevalle groot tente, met 'n daaglikse skoonmaakdiens. Elke tent het sy eie beddens, duvets en linne. 'n Elektriese kombens op elke bed verseker snoesigheid tydens die koeler Vrystaatse nagte. Daar is 'n permanente badkamer by die tentehotel, maar ook warmwaterstorte, handdoeke en 'n voldoende hoeveelheid toilette.

Hoewel daar nie Wi-Fi is nie, bied die tente kragpunte vir selfone en rekenaars. Daar is 'n sitkamer met gemakstoel.

In die oggend is koffie, tee en beskuit en 'n lekker hap-en-stap-ontbyt by die prys ingesluit. Saans word daar om 'n kampvuur gekuier. Braaiers en roosters word voorsien of aandetes kan daagliks deur die tentekamp-restaurant bestel word. Die kamp se kroeg is 'n ideale bymekaarkomplek.

Uitstallers en besoekers kan van 'n paar dae vóór die openingsdag tot 'n paar dae ná sluiting bespreek.

Plek is beperk.

**Bespreekings:** Charmane Johnston – 083 652 5489 of [nampo@experiences.co.za](mailto:nampo@experiences.co.za).

## Karavaanpark

Vir maklike toegang tot NAMPO kan uitstallers en besoekers besprekings by die NAMPO Park-karavaanpark maak teen R450/nag met krag en R400/nag sonder krag. Netjiese, skoon staanplekke en badkamergeriewe word deur Kleinbroek-plaasskool beskikbaar gestel. Die karavaanpark is 700 m vanaf NAMPO Park geleë. Daar is 80 staanplekke en deur die dag is daar 'n sekuriteits- en skoonmaakdiens. Braaihout is deur die skool beskikbaar.

**Bespreekings:** Kleinbroek Primêre Skool – 076 289 0176/056 515 3552 of [kleinbroekfin@wasp-sa.co.za](mailto:kleinbroekfin@wasp-sa.co.za).





## HONGER is nie 'n OPSIE nie

SA Graan/Grain-redaksie



Om tydens NAMPO 2023 honger te ly, sal net jou eie skuld wees. Die kosstalletjies van plattelandse skole, liefdadigheidsorganisasies, kerke en gemeenskapsorganisasies uit die kontrei, staan slag gereed.

Deeglike beplanning, gewillige kombuis- en verkoopspanne en harde werk sal sorg dat daar ge-


noeg lekker en gesonde opsies is. Ervaring het gesorg dat die gewildste en bekende koskeuses weer dié jaar daar sal wees.

NAMPO is egter ook 'n plek waar nuwe en interessante kos en vloeibare verversings geproe kan word. So, maak seker jy vind jou gunstelingetplek reeds vroeg-vroeg en ontspan elke dag lekker saam met jou dierbares, kollegas of nuwe sakekennisse.

### Vanaf 16 tot 19 Mei sal besoekers die volgende kan geniet:

<b>Ontbyt</b>	Fanie Ferreira-restaurant
<b>Middagete</b>	Fanie Ferreira-restaurant
<b>Steakete</b>	Fanie Ferreira-restaurant
<b>Biltong/droëwors</b>	Biertuin-restaurant, NAMPO-saal-kiosks, Santam-kiosk
<b>Boereworsrolle</b>	Biertuin- en Caltex-restaurante. Noordhek-, Santam- en die Suidoostelike kiosk (Vredefort), Suidwestelike kiosks (Eben Dönges) en NAMPO-saal-restaurant
<b>Doughnuts</b>	NAMPO-saal-kiosks
<b>Geroosterde broodjies</b>	NAMPO-saal-restaurant, Suidwestelike kiosks (Eben Dönges) en Blok G-kiosk (Koster)
<b>Gesondheidsbroodjies</b>	Caltex-restaurant
<b>Hamburgers</b>	Biertuin-, Caltex- en NAMPO-saal-restaurant. Noordhek-, Santam- en die Suidwestelike kiosks (Eben Dönges) en Suidoostelike kiosk (Vredefort)
<b>Hoender-wrap</b>	NAMPO-saal-restaurant en Blok G-kiosk (PPK Koster)
<b>Hoenderslaai</b>	Suidoostelike kiosk (Vredefort) en Suidwestelike Kiosk
<b>Hotdogs</b>	NAMPO-saal-restaurant (Loskuil)
<b>Jaffels (Boeppensbroodjies)</b>	NAMPO-saal-kiosk, Suidwestelike kiosk en Suidoostelike kiosk (Vredefort)
<b>Kerrie-en-rys</b>	Hervormde Kerk- en Noordhek-kiosks
<b>Ontbyt-jaffel/ontbytrol</b>	Suidoostelike kiosk (Vredefort) en Suidwestelike kiosk
<b>Pannekoek en gevulde pannekoek</b>	Hervormde Kerk-, NAMPO-saal-kiosks en Suidwestelike kiosk (Eben Dönges)
<b>Pulled pork-burger</b>	NAMPO-restaurant (Loskuil)
<b>Roomys</b>	Roomyskiosk
<b>Russian-rol</b>	Noordhek-kiosk en NAMPO-restaurant (PPK Koster)
<b>Rump steak-rol</b>	Suidwestelike kiosk
<b>Simbaskyfiles</b>	Caltex-restaurant, Noordhek-kiosk, Blok G-kiosk (PPK Koster) en Santam-kiosk (Eben Dönges)
<b>Sjokolade</b>	Caltex- en NAMPO-saal-restaurante, Santam- en Absa-koeldrank-kiosks, Blok G-kiosk en Suidoostelike kiosk (Vredefort)
<b>Sosatie</b>	Hervormde Kerk-kiosk
<b>Sparerib-burger</b>	Santam-kiosk en Blok G-kiosk (PPK Koster)
<b>Tjops/wors</b>	Fanie Ferreira-restaurant en Suidoostelike kiosk
<b>Vars gebak</b>	Suidoostelike kiosk (Vredefort) en Koffie Bar (Vredefort – Hek 2)
<b>Vleis/stroopvetkoek</b>	NAMPO-saal-kiosk
<b>Vleispastei/Russian-rol</b>	Pastei-kiosk en Biertuin-restaurant
<b>Warm skyfies</b>	Caltex- en NAMPO-saal-restaurante, Noordhek-kiosk, Suidoostelike kiosk en Suidwestelike Kiosk
<b>Pap en wors</b>	Noordhek-kiosk
<b>Koeldrank/water</b>	Biertuin-, Caltex-, NAMPO-saal- en Fanie Ferreira-restaurante, Hervormde Kerk-, Absa-koeldrank-, NAMPO-saal-, Noordhek-, Santam-, Suidoostelike (Vredefort), Beesstal- en Pastei-kiosks, Monatie Sosatie, Blok G-kiosk, Koeldrankwaentjie en Suidwestelike kiosk (Eben Dönges)
<b>Bier</b>	Biertuin en Fanie Ferreira-restaurant
<b>Koffie/tee</b>	Caltex-, Fanie Ferreira- en NAMPO-saal-restaurante. Hervormde Kerk-, Santam-, Suidoostelike (Vredefort), NAMPO-saal-, Noordhek- en Absa-koeldrank-kiosks, Monatie Sosatie en Blok G-Kiosk
<b>Barista/filterkoffie</b>	Koffie Bar (Vredefort – Hek 2), Suidwestelike kiosk, Suidoostelike kiosk (Vredefort) en NAMPO-saal-restaurant (Loskuil)
<b>Milo/warmsjokolade/cappuccino</b>	Caltex-, Fanie Ferreira- en NAMPO-saal-restaurante, Hervormde Kerk-, Santam-, Suidoostelike (Vredefort) en NAMPO-saal-kiosks en Blok G-kiosk
<b>Sigarette</b>	Caltex-restaurant, Absa-koeldrank-, Noordhek- en Suidoostelike kiosk (Vredefort) ●





Vanjaar vier ons 'n honderd jaar van landboubesigheid saam met jou, die produsent. Hier op die kruin neem ons 'n oomblik om terug te kyk na ons reis deur die afgelope eeu.

Meer as 36 500 dae se swoeg en sweet, 876 000 ure van terugploeg in die grond om 'n oes af te haal, seisoen ná seisoen.

Vir beter vennote kon ons nie vra nie. Ons bou saam voort aan 'n beter toekoms vir die volgende geslagte.

Op nóg 'n honderd jaar van landbou-uitnemendheid!

Besoek die AFGRI-stalletjie by Nampo Standplaas E29 en vier hierdie groot mylpaal saam met ons.



Jou vennoot in **Landboubesigheid**

[www.afgri.co.za](http://www.afgri.co.za)



# Volg die tiende Nasie in Gesprek oral

SA Graan/Grain-redaksie

**D**ie tiende bestaansjaar van Nasie in Gesprek word by NAMPO 2023 gevier. Hierdie baanbrekersmodel is meer as 'n dekade gelede met Senwes en later ook verskeie ander borge se ondersteuning, deur Graan SA gevestig.

Die geleentheid om die landbou se struikelblokke, groeistrategieë en prestasies voor en saam met 'n gehoor, vooraanstaande meningsvormers, bedryfsleiers, ander kundiges, belangstellendes en die media te bespreek, word tydens NAMPO 2023 voortgesit.

Juis daarom is daar vanaf Dinsdag 16 tot Donderdag 18 Mei daagliks veelvuldige oggend- en middagpaneelbesprekings in die Nasie in Gesprek-ateljee by die Donkerhoeksaal op NAMPO Park. RSG se nuusprogramme, Monitor en Spektrum, saai ook daagliks van NAMPO 2023 af uit.

Met elke gesprek sal 80 genooide gaste in die gehoor wees. Hulle sal in die BBP-ontvangsarea onthaal word en in die Senwes-ontspanningsruimte informeel met bestaande en moontlike nuwe sakevennote kan gesels.

Die onderwerpe wat hanteer word, is doelgerig en dinamies. Nasie in Gesprek sorg onder leiding van Theo Vorster van Galileo Capital vir boeiende gesprekke oor onderwerpe wat saak maak. Met die tema, "Aanpassing vir oorlewing/Adapt or die" sal die reeks tydens NAMPO 'n forum skep vir intense gesprek- en debatvoering oor die toekoms van landbou en praktiese bedryfsoplossings. Al die paneelbesprekings sal op verandering fokus.

Francois Strydom, HUB van Senwes, aan die woord tydens NAMPO verlede jaar.



## Plaaslik en landswyd uitgesaai

Nasie in Gesprek het in 2013 as die NAMPO Oesdag se Senwes-Toekomsfokusgespreksforum afgeskop. Destyds is 'n Afrikaanse insettel van die gesprekke op die *Dagbreek*-program op kykNET uitgesaai.

Deesdae word dit in Afrikaans en in Engels aangebied, vervaardig en uitgesaai. Volgens Graan SA dien Nasie in Gesprek as 'n stem vir die landbou en produsente se sleutelvennote in die sektor asook om debatvoering met verbruikers te bevorder.

*Die fokus is om die werklikhede wat landbou in die gesig staar prontuit te bespreek vir 'n haalbare en volhoubare groeitoekoms*

Terwyl daar daagliks beperkte ruimte vir gehoorlede is, word elke gesprek regstreeks op reuse- mobiele plasmaskerms oor NAMPO Park uitgesaai. Landbou- en hoofstroommedia doen regstreeks en ook later verslag vanuit die besprekings.

Die fokus van Nasie in Gesprek bly om die werklikhede wat landbou in die gesig staar prontuit te bespreek vir 'n haalbare en volhoubare groeitoekoms. Paneellede word vanuit die landbousektor en verwante bedrywe genader om reguit en openlik te kom gesels.

Verlede jaar het Nasie in Gesprek 'n nuwe handelsmerk en dinamiese programformaat bekendgestel. Die borge is onder meer Senwes, Nedbank, Engen, John Deere, Graan SA en Bayer. ●

## Gesprektemas

Vanjaar gesels Nasie in Gesprek vanaf 16 tot 19 Mei oor:

DAG EN DATUM	TYD	ONDERWERP
Dinsdag 16 Mei	09:00 – 10:15	Opvolgbeplanning
	13:00 – 14:15	Klimaatsverandering
Woensdag 17 Mei	09:00 – 10:15	Landelike herlewing
	11:00 – 12:15	Die energiekrisis
	13:00 – 14:15	Finansieringsmodelle
Donderdag 18 Mei	09:00 – 10:15	Veranderende waardekettings
	13:00 – 14:15	Verbruikers en kosverbruik
Vrydag 19 Mei	09:00 – 10:15	Loopbane in landbou





# Effektiewe oplossings vir sirkulasie en filtrasie

Lize Westwood, Speck Pumps

**A**s 'n bedryfsleier wat bekend is vir die verskaffing van hoëgehaltepompe en verwante komponente, het Speck Pumps jarelange ondervinding in die ontwerp en vervaardiging van innoverende produkte. Pompe word wyd in die landbousektor gebruik vir besproeiing en waterbestuur. Speck bied 'n verskeidenheid water-sirkulasiepompe wat geskik is vir die veeleisende vereistes van hierdie sektor. Die eenhede in ons BADU-versameling het almal effens verskillende ontwerpe om hulle geskik te maak vir 'n wye reeks toepassings.

## Sirkulasiepompe

Ons bied die landbousektor betroubare oplossings om te help met sirkulasie en filtrasie deur ons reeks Badu-pompe. Hierdie hoëgehalte-eenhede is ontwerp om aan die vereistes van verskeie toepassings, van klein- tot grootskaalse projekte, te voldoen.

## Waterfiltrering – sand- en patroonfilters

Gebruik 'n goed ontwerpte Speck-sand- of -patroonfilter om die filtrasiedoeltreffendheid van jou landboustelsel se pomp te verbeter.

## Waterfiltrering – MultiCyclone-voorfilters

Die Speck-reeks MultiCyclone-voorfilters is geoptimaliseer om duisende liters water te bespaar, terwyl dit die instandhouding van die primêre toerusting verminder.

Handhawing van gesonde water is van kardinale belang om die groei van skadelike mikroörganismes en alge te voorkom wat water ongeskik vir gebruik maak. Ons UV-C-stelsels kombineer die beste ontsmettingsmiddelbehandelings – dit sluit 'n kombinasie van ultravioletlig, osoon, koper-ionisering en chemikalieë in.

## UV-C

Ons ontsmettingstelsels gebruik die UV-C-spektrum, die mees doeltreffende UV-golflengte vir ongewenste mikroörganismes. UV-C-lig veroorsaak permanente skade aan mikroörganismes deur hul selwand binne te dring. Dit vernietig hulle of veroorsaak dat hulle nie in staat is om voort te plant nie, wat uitstekende watergehalte verseker.

Die produkreëls bied hoë doeltreffendheid en het bewys dat dit betroubaar is in klein en groot landboutoepassings wêreldwyd. As jy kwaliteits-sirkulasie- en filtrasie-oplossings benodig, kan ons span spesialiste help. ●

## Come and meet the Team at Stand 13 in the Liqui Moly Hall at the NAMPO show

After more than 50 years SPECK Pumps SA continues in the fine tradition of manufacturing and producing innovative, superior designed high quality circulation pumps together with the back-up of outstanding service and a spares network nationally, the rest of the African continent and the Indian Oceans Islands.

1. Multicyclone Ultra 12
2. Badu® Solar System
3. Circulation Pumps
4. Borehole Pumps
5. Surface Pumps



**SPECK X**

### CONTACT US

**CAPE TOWN:** +27 21 704 1143  
**DURBAN:** +27 31 700 8005  
**JOHANNESBURG:** +27 11 455 4300  
**PRETORIA:** +27 12 804 1294

**FOR MORE INFORMATION:** [www.speck-pumps.co.za](http://www.speck-pumps.co.za)

### FOLLOW US

- Speck Pumps SA Pty Ltd
- Speck Pumps SA
- @speckpumpssa



SCAN ME



# Kom spog met jou uitvinding EN WEN GROOT

SA Graan/Grain-redaksie

**D**ie idee van die boerepatentekompetiesie het in 1987 sy ontstaan gekry by Karel Kogg, wat destyds as landboukundige by FEDMIS gewerk het.

Kogg het daaglik op plase gekom en gesien watter innoverende planne produsente gemaak het om probleme op te los. Hy het dit toe goedgevind om al die planne op een plek bymekaar te kry en te laat beoordeel. Watter beter plek daarvoor as die NAMPO Oesdag?

Donald Brink, verkoopsbestuurder by Omnia, vertel dat hul maatskappy die daaropvolgende jaar by die boerepatente betrokke geraak het. Kogg en Omnia het saam met wyle Vic Mouton, bekende in NAMPO-kringe, die idee verder geneem. Omnia het betrokke geraak omdat dié maatskappy dit as 'n uitstekende geleentheid gesien het om erkenning aan produsente en hul vindingryke planne te gee.

Die doel van die kompetisie is om aan produsente die geleentheid te bied om aan hul eweknieë te kom wys hoe hulle 'n spesifieke probleem met hul patent oorkom het. In later jare het die boereplanne-kompetiesie uitgebrei om ook studente, skoolkinders en ander uitvinders in te sluit.

'n Boereplan is enigiets wat 'n deelnemer self ontwikkel het om 'n bepaalde probleem op te los wat produsente op die plaas kan ervaar, hetsy dit is om sy las ligter te maak of om dit meer ekonomies te bou as waarvoor dit in die handel te koop is.

Voornemende deelnemers kan 'n inskrywingsvorm van Graan SA of *Landbouweekblad* se webtuistes aflaai of andersins vir Wim Venter van Graan SA by 086 004 7246 (tydens kantoorure) skakel.

Boereplanne, tesame met die inskrywingsvorm, moet voor 15:00 op die sluitingsdatum, Maandag 15 Mei 2023, by die Boereplanne-stalletjie op NAMPO Park wees. Beoordeling vind op Dinsdag 16 Mei plaas. Onafhanklike beoordelaars wat deur Graan SA genomineer is, neem die beoordeling waar.

Later op dieselfde dag word die weners bekendgemaak, terwyl die amptelike prysuitdeling op Donderdag 18 Mei by die Boereplanne-uitstalruimte plaasvind. 'n Gesamentlike prysgeld van R50 000 is op die spel.

Deelnemers kan in vyf kategorieë deelneem:

- A. Masjinerie, implemente en landbouthoerusting (nuut)
- B. Masjinerie, implemente en landbouthoerusting (gemodifiseerd)
- C. Gereedskap – alle gereedskap (elektries sowel as nie-elektries)
- D. Huis en tuin
- E. Ope afdeling

Brink vertel dat die inskrywings elke jaar uniek is en dat inskrywers buite die spreekwoordelike boks dink. Die meeste inskrywings is gewoonlik in kategorie B en C.

Elke deelnemer het die reg om sy inskrywing na afloop van die NAMPO Oesdag self as 'n volwaardige patent te registreer. Omnia fasiliteer slegs die uitstal en tentoonstelling van die plan/patent; nie die patenteregte nie.

Deelnemers moet hulself daarvan vergewis dat die plan of patent wat hulle inskryf nie reeds kommersieel te koop of gepatenteer is nie. ●



Boereplanne-wenners by NAMPO 2022.



Wen groot met jou unieke boereplanne op vanjaar se NAMPO Oesdag.  
Skryf vroegtydig in om jou plek te verseker.

### Amptelike inskrywingsvorm

Hierdie planne sluit enige toerusting in wat aangewend kan word om uitdagings op die plaas aan te pak. Die toerusting mag nie reeds gepatenteer wees nie en mag deur enigiemand vir die gebruik nagmaak word.

### Inskrywings

Rig alle inskrywings aan Wim Venter by [wim@graansa.co.za](mailto:wim@graansa.co.za) of Graan SA, Posbus 88, Bothaville, 9660.

Naam en van: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Selfoonnommer: \_\_\_\_\_

Beskrywing van inskrywing:  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

Ek is 'n leerder/student by 'n onderriginstansie.

Dui die afdeling met 'n kruisie aan:

A Nuut - masjinerie, implemente en landbouterusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)

B Gemodifiseerd - masjinerie, implemente en landbouterusting (rekenaarprogrammatuur, slimfoontoepassings en enige ander tegnologie ingesluit)

C Gereedskap - alle gereedskap, elektries sowel as nie-elektries

D Huis en tuin - planne wat in en om die huis gebruik kan word, ook in die kombuis

E Ope afdeling - enige item wat nie hierbo genoem word nie met 'n vervaardigingskoste minder as R5 000.

**LET WEL:** Geen items wat reeds kommersieel bemark word of vir 'n patent aansoek gedoen is, mag ingeskryf word nie.

Ek onderneem hiermee om by die reëls van die kompetisie te hou.

Geteken: \_\_\_\_\_

Naam en van in blokletters: \_\_\_\_\_

### Reëls

1. Ingeskrewe artikels moet by Graan SA se NAMPO Oesdag uitgestal word.
2. Slegs inskrywings op die amptelike inskrywingsvormsal aanvaar word.
3. Alle deelnemers sal na afloop van die NAMPO Oesdag deur Landbouweekblad gekontak word vir moontlike publikasie van die betrokke inskrywing in Landbouweekblad of op Landbou.com.
4. Die deelnemer is verantwoordelik vir die vervoer vansy plan voor en na die kompetisie, tensy anders met Omnia Nutriology® ooreengekom.
5. Graan SA, Omnia Nutriology® en Landbouweekblad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verliese tydens deelname aan die kompetisie nie.
6. Wenners, of hulle verteenwoordigers, moet tydens die prysuitdeling op Donderdag 18 Mei 2023 teenwoordig wees.
7. Geen items wat reeds kommersieel bemark word of n die proses is om as patent geregistreer te word, mag ingeskryf word nie.
8. Die inskrywing van gemodifiseerde toerusting wat in 'n nuwe plan omskep is, sal slegs toegelaat word as dit nog nie kommersieel beskikbaar is nie.
9. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen mondelinge of skriftelike kommunikasie sal hieroor gevoer word nie.
10. Die beoordelaars sal pryse na goeddunke toeken en inskrywings diskwalifiseer wat nie na hul oordeel gepas is nie. 'n Spesiale prys vir die beste inskrywing vanaf 'n onderriginstansie sal volgens die beoordelaars se diskresie toegeken word.
11. Deelnemers kan in die afdelings soos hierbo uiteengesit meeding.
12. Insrywings moet Graan SA voor of op Maandag 8 Mei 2023 bereik.
13. Insrywings moet teen 14:00 op Maandag 15 Mei 2023 op die Boereplunnetterrein wees. 'n Afskrif van die inskrywingsvorm moet saam met die plan by die ingangshek getoon word om toegang te verkry.
14. Geen inskrywings mag voor Saterdag 20 Mei 2023 van die terrein verwyder word nie.



Die prysuitdeling vind op Donderdag 18 Mei 2023 plaas. Produsente word genooi om die inskrywings op standplaas 2B langs Omnia te kom besigtig. Skakel Wim Venter by 086 004 7246 met navrae.





# JAAAR VAN

GEMOEDSRUS, SEKERHEID  
KWALITEIT, WAARDE


[www.nutriology.co.za](http://www.nutriology.co.za)











# SPRAYING

# EQUIPMENT

Distributed by

**SOUTHTRADE**  
IMPORTERS & DISTRIBUTORS OF AGRICULTURAL MACHINES

**SOUTHTRADE**

17 Nikkel Street - Brackenfell 7560, Cape Town  
Tel: +27 (0)21 981 6044 - Fax: +27 (0)21 981 6094  
Email: southtrade@iafrica.com - [www.southtrade.co.za](http://www.southtrade.co.za)



**POLMAC** SRL  
SPRAYING EQUIPMENT

**POLMAC S.r.l.** Via Statale Sud, 137 - 41037 Mirandola (MO) ITALY  
Ph.: +39.0535.20004 - Fax: +39.0535.26595  
info@polmac.it - [www.polmac.it](http://www.polmac.it)



# BESONDER BETROUBAAR

Vir meer as 65 jaar verskaf Willard battery produkte wat gebaseer is op die nuutste tegnologie en geskik is vir 'n wye reeks van toepassings. Dit maak Willard die voorkeur battery vir generasies van boere.

Bepaal u battery behoeftes vandag deur ons toegewyde en ervare velddiensspan te kontak. Hulle sal u plaas besoek en verseker dat daar in al u battery kragbehoefte voorsien word.



**BESOEK  
ONS BY  
NAMPO**

16-19 MEI 2023  
STANDPLAAS B10  
NAMPO PARK  
BOTHAVILLE



VERVAARDIG IN SA



[www.willard.co.za](http://www.willard.co.za)

0860 12 00 12

**Willard** Batteries®  
THE POWER OF TECHNOLOGY